

WEPad Saam

GRATIS

Uitgawe 75 • Oktober | November 2022

PG Strauss neem leisels oor as leier van bestuurspan

Hou jou kant
skoon met
indien van
diesel-eise

Kwynende
melkboere se
trapmeul van
skaalekonomie

VKB
5-jaar-oorsig

Die kragspan
vir die
produsent
begin op die
plaas

**Vrugtebedryf vind groot baat by korrekte
identifisering van valskodlingmot**



Sentrifugale pompe 220V & 380V

CPM158-1 220V 0.75KW sentrifugale pomp inlaat & uitlaat 1".

CPM170-1 220V 1.1W sentrifugale pomp inlaat 1" uitlaat 1&1/4".

CPM190-1 220V 1.5W sentrifugale pomp inlaat 1&1/4" uitlaat 1&1/4".

HSM80 220V 2.2KW sentrifugale pomp inlaat & uitlaat 1" 500L/min.

HS80 380V 2.2KW sentrifugale pomp inlaat & uitlaat 1" 500L/min.



XST40-160/30 380V 3KW sentrifugale pomp inlaat 65mm uitlaat 40mm Max 29m³/H.

XST40-160/40 380V 4KW sentrifugale pomp inlaat 65mm uitlaat 40mm Max 35m³/H.

HST40-200-5.5 380V 5.5KW sentrifugale pomp inlaat 65mm uitlaat 40mm Max 45m³/H.

HST40-200-7.5 380V 7.5KW sentrifugale pomp inlaat 65mm uitlaat 40mm Max 35m³/H.

HST50-200-11 380V 11KW sentrifugale pomp inlaat 65mm uitlaat 40mm Max 31m³/H.



6" Boorgat pompe

Hurricane SA het 'n wye verskeidenheid reeks van 6" pompe gepas vir enige boorgat.

6SQ45 Reekse pompe 42,000L/H beskikbaar van 7.5KW / 18.5KW vir boorgate van ideale dieptes 42m tot 94m.

6SQ60 Reekse pompe 60,000L/H beskikbaar van 13KW / 22KW vir boorgate van ideale dieptes 39m tot 71m.

6SP17 Reekse pompe 15,000L/H beskikbaar van 7.5KW / 18.5KW vir boorgate van ideale dieptes 105m tot 279m.

Ook beskikbaar 6SP30 & 6SP46 reekse pompe vir 30,000L/H en 46,000L/H op ideale dieptes van 55m tot 110m en 41m tot 57m.

6" Boorgat motors

380V 7.5KW - 22KW

Hurricane SA reks van 6" boorgat motors is beskikbaar in 380V 3fase.



380V drie fase motors is beskikbaar van 7.5KW of 10HP tot 22KW of 30HP hierdie motors werk met 380V outomatiese kontrole kaste wat beskerming dien teen oorlas, droë loop beskerming, onder en oorspanning beskerming asook oop fase of foutiewe fase beskerming.

Swembad Pompe

Hurricane SA het verskeie swembad pompe wat u by u lokaale VKB / NTK tak kan kry of bestel.

HPP600 0.6KW 220V swembad pomp.

Max hoogte : 12.5m.

Max water vloei : 11,000L/H.

HPP800 0.8KW 220V swembad pomp.

Max hoogte : 13.5m.

Max water vloei : 15,000L/H.

HPP1200 1.2KW 220V swembad pomp.

Max hoogte : 16m.

Max water vloei : 23,000L/H.





4" Boorgat pompe

Hurricane SA het 'n wye verskeidenheid reeks van pompe gepas vir enige boorgat.

4SD2 Reeks pompe 2000L/H beskikbaar vanaf 0.37KW tot 2.2KW vir boorgate van 35m tot 209m diep.

4SD4 Reeks pompe 4000L/H beskikbaar vanaf 0.37KW tot 2.2KW vir boorgate van 70m tot 116m diep.

4SD8 Reeks pompe 8000L/H beskikbaar vanaf 2.2KW tot 7.5KW vir boorgate van 63m tot 166m.

Ook beskikbaar 4SD12 en 4SD16 reeks pompe van 12000L/H en 16000L/H.



4" Boorgat motors 220V / 380V 0.37KW-7.5KW

Hurricane SA het 'n reeks boorgat motors in 220V en 380V

220V Enkel fase motors beskikbaar vanaf 0.37KW of 0.5HP tot in met 2.2KW of 3HP wat saam met 'n standaard of automatiese kontrole kas gebruik kan word.

380V Drie fase motors beskikbaar vanaf 0.37KW of 0.55HP tot 7.5KW of 10HP hierdie motors werk met 380V automatiese kontrole kaste wat beskerming dien teen oorlas, droë loop beskerming, onder en oorspanning beskerming asook oop fase of foutiewe fase beskerming.



4" Boorgat pomp kombinasie stelle

(kabel reeds vasgesit, pomp is reg vir installasie)

Die 4SD2/9 kombinasie stel 0.37KW 220V sluit die volgende items in: 4SD2/9 Pomp, 0.37KW 220V motor, 0.37KW standaard kontrole kas, 40m kabel en 40m ski tou.

Die 4SD2/12 kombinasie stel 0.55KW 220V sluit die volgende in: 4SD2/12 Pomp, 0.55KW 220V motor, 0.55KW standaard kontrole kas, 60m kabel en 60m ski tou.

Die 4SD2/15 kombinasie stel 0.75KW 220V sluit die volgende in: 4SD2/15 Pomp, 0.75KW 220V motor, 0.75KW standaard kontrole kas, 80m kabel en 80m ski tou.



Vloei meters

FLZS-25 Vloei meter
250-2500L/uur.

FLZS-25-2 Vloei meter
100-1000L/uur.

FLZS-32 Vloei meter
400-4000L/uur.

FLZS-65 Vloei meter
5000-25000L/uur.



Druk pompe

JSW10M Drukomp 0.75KW 220V
Inlaat grootte : 1duim of 25mm
Uitlaat grootte : 1duim of 25mm.

JSW15M Drukomp 1.1KW 220V
Inlaat grootte : 1 en "n kwart duim of 32mm
Uitlaat grootte : 1duim of 25mm.

Druk kontroleerder & dryf skakelaar



DIE WAARDE VAN ONTHOU

Ek beskou myself glad nie as 'n sentimentele mens nie.

Moenie 'n fout maak nie: Ek is verskriklik lief vir my familie en my vriende, ek het ongelooflike waardering vir my kollegas, ek is vol bewondering vir mense wat ten spyte van struikelblokke 'n vol en gelukkige lewe lei en ek verwonder my aan mense wat werklik 'n verskil ten goede in ander se lewe maak.

In my huis hang oral foto's van die mense van my hart, maar ek voel nie ek moet elke dag of selfs elke week met hulle te praat nie. Hulle is óók besige mense met lang lysse goed wat elke dag gedoen moet word. Tog bly dit so lekker as my foon lui en ek sien dis een van die mense op my kontakregister wat met my wil gesels. Ek is wel op die ouderdom wat so 'n oproep soms minder goeie nuus inhou.

Onwillekeurig dink ek aan die twee oproepe wat ek vir so lank gevrees het: die heengaan van my ma en my pa, enkele maande na mekaar. Tot op hede was hulle twee se dood die grootste verliese in my lewe. Beide van hulle het regtig 'n lang lewe gehad – ons het hulle nog tot in hul 90's gehad.

Ons weet almal van ons moet op 'n kol te sterwe kom, maar dit bly steeds 'n skok wanneer jy mense na aan jou aan die dood afstaan.

En dit is wat my by die sentimentele stukkie uitbring waarmee ek begin het: Het dit met my ouderdom te doen dat ek myself deesdae meer en meer vang dat ek anders begin kyk na die mense om my?

Ek het skielik onder die besef gekom van hoe kosbaar tye saam met geliefdes is, hoe belangrik dit is om gou maar stil te staan of sit as iemand 'n foto wil neem, want dit is vir ons geliefdes wat agterbly ná ons heengaan se onthalwe. Dis hulle wat na daardie foto gaan kyk en gaan onthou hoe lekker het ons daardie dag saam om 'n vuurtjie gekuier; dis hulle wat gaan onthou hoe bang was ek daardie dag in die wildtuin vir die olifante wat so naby ons kar verbygestap het; dis hulle wat ons gaan onthou lank nadat ons al weg is.

Selfs as ek nou kyk na foto's uit my dae as jong werkende vrou, as jong ma, as skoolkind, is daar soveel mooi oomblikke wat deur daardie foto's teruggebring word, soveel oomblikke wat my laat wens dat ek tyd kon terugdraai net sodat ek dit weer kon geniet. Natuurlik is daar ook foto's wat my laat voel ek wil daardie spesifieke dag nooit weer terughê nie, maar dis alles deel van my onthou, deel van my besef dat ek die mens is wat ek is danksy al daardie tye en mense.

Dis Oktober, wat beteken die Kersversierings en “Jingle Bells” is binne die volgende paar weke weer deel van elke besoek aan die groot supermarkte. Daar's kleinkinders wat kloppe geskenkies wil oopmaak; daar is mense wat genooi moet word vir die Kersefees (en dalk 'n paar sonder wie jy eerder die ete en die dag sou wou deurbring), daar is 'n spyskaart wat beplan moet word, reëlings wat getref moet word vir indien julle weggaan oor die groot dae... Die lys is eindeloos.

Maar ek dink ek gaan hierdie Kersfees probeer om spesiale onthou-oomblikke te skep vir wie ook al saam met ons die Feesgety deurbring. En dalk gaan ek albums uit die geheimenisse van 'n kas opdiep en weer blaai deur die foto's van my kinders se grootword, tye saam met my suster en drie broers en ons ouers, en ek gaan nie een keer murmureer as iemand sê ons moet gou almal vir 'n foto “pose” nie.

Vriendelike groete tot volgende keer

Hannelie



INHOUD



- 4 Voorwoord
- 6-7 PG Strauss neem leisels oor as leier van bestuurspan
- 8-9 VKB 5-jaar-oorsig, Kortings vir 2022 en Aansporingskorting
- 10-11 VKB Brokers brei dienste uit
- 13-14 Hou jou kant skoon met indien van diesel-eise
- 15-16 Dink mooi voor jy eksekuteur aanstel
- 18-19 Enkele positiewe aanduidings vir Suid-Afrika se komende 2022-'23-somerseisoen
- 20-24 Kwynende melkboere se trapmeul van skaalekonomie
- 26-30 Vakbonde speel toenemende rol in die werksplek
- 32 Skep 'n wenkultuur in jou familieonderneming
- 33-34 Is 'n skuif vanaf mielies na sojabone die oplossing vir winsgewendheid?
- 36-38 Bemesting – bou voort op dekgewasse se impak
- 39 Mielies se geskiedenis begin in Mexiko
- 41-42 Heffing help Sacta om nuwe sojasaad te ontwikkel
- 43 Stuit polio-enkefalomalasie met genoegsame tianien
- 44-48 Wees bedag op hierdie stamsiektes by mielies
- 50-53 Vrugtebedryf baat by korrekte identifisering van valskodlingmot
- 54 Speenstelsels en toestelle om speenskok te beperk
- 56-59 Jag kan wilbedryf red
- 61-64 Die kragspan vir die produsent begin op die plaas
- 66-67 sien om na die gesondheid van jou skildklier
- 68 QPro Voere brei bemarkingspan en produkreeks uit
- 69 QPro Voere hou rooiwarm winterpromosie
- 70 Werknemerstrusts – ons laat dit werk vir ons werkers
- 72 VKB open spog-tak op Hendrina
- 73 Finansiering-span dra by tot welvaartskepping
- 74 Levy Malemela knows the business from all sides
- 76 Cornelia se donker wolk
- 78-79 Nuus
- 80 Landbou-gapjaar 'n eerste vir SA



Lees nou
Die Pad Saam
aanlyn op
www.vkb.co.za
onder die opskrif
Die Pad Saam

Uitgewer:
VKB

Redakteur:
Hannelie Cronjé
Posbus 100
Reitz 9810
Tel. 058 863 8223
hanneliec@vkb.co.za

Ontwerp en uitleg:
Annemart Mulder

Taalversorging:
Lize Mulder

Druk:
Oranje Drukkers, Senekal

Advertensies:
Hannelie Cronjé (VKB)
hanneliec@vkb.co.za
Sel. 083 303 6117

Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg. Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**



PG Strauss neem leisels oor as leier van bestuurspan

Sedert 2 Augustus 2021 was PG Strauss die man wat sy handtekening by die postitel besturende direkteur: VKB Landbou gemaak het. Nou, met die uitrede van Koos Janse van Rensburg, neem PG die leisels oor as besturende direkteur van die VKB Groep.

PG se loopbaan het in die bankwese begin waar hy van 2001 tot 2007 deel was van die Absa-groep. Gedurende 2002/03 is hy medestigter van BFAP tesame met Ferdi Meyer, en is hy 'n lid van die BFAP-advieskomitee tot en met 2018.

In 2009 het hy sy doktorsgraad aan die Universiteit van Pretoria en Missouri in Amerika voltooi. Terwyl hy in Amerika gewoon het, het hy waardevolle ondervinding en kennis opgedoen in internasionale landbou.

In 2009 het hy 'n loopbaan in verkryging, vervaardiging en die waardeketting by SABMiller en Coca-Cola betree en is hy later bevorder tot 'n senior bestuursfunksie in SABMiller met internasionale verantwoordelikhede.

In 2013 het hy by die VKB Groep aangesluit toe hy aangestel is as besturende direkteur: Free State Oil (Edms.) Bpk. en ander filiale van die VKB Groep.

In 2016 het nuwe geleenthede oor PG se pad gekom en het hy besluit om voltyds te boer en twee nuwe besighede te vestig, waarvan beide uiters suksesvol is. Behalwe sy sakebelange, het hy ook as nie-uitvoerende direkteur op die direksie van VKB Agri Processors (Edms.) Bpk. gedien.

En nou neem hy die leisels oor as leier van die VKB Groep se bestuurspan om die maatskappy na selfs groter hoogtes te lei.

Die Pad Saam het 'n paar vrae aan PG gestuur om die man agter die postitel beter te leer ken.

Hoekom het jy besluit om weer by VKB te kom werk terwyl jy jou eie suksesvolle ondernemings op die been gebring en voltyds geboer het?

VKB bly 'n besonderse besigheid met 'n baie spesifieke rol om te speel in die landboubedryf, maar ook in Suid-Afrika. As 'n mens jou eie besighede bedryf en dit gaan goed, wonder jy tog of jy nie op 'n ander manier 'n bydrae kan maak tot jou gemeenskap en jou land nie. Ná diep nadenke het ek besef ek kan nog 'n bydrae maak tot die rol wat VKB moet speel, en het ek daarom besluit om my naam in die hoed te gooi. As ek eers die bydrae tot VKB gelewer het wat ek glo ek moet, en met Genade van Bo, sal ek weer gaan boer asook my ander bedrywe hervat.

Hoe sien jy jouself as die nuwe leier van VKB?

Vir my gaan leierskap daarvoor dat 'n mens die regte ding doen op die regte manier en so 'n bydrae maak. Dit impliseer nederigheid, toewyding, harde werk en deursettingsvermoë. Ons is almal mense en ons maak almal foute, maar as ek dit kan regkry om bogenoemde uit te leef teenoor ander mense wat in die besigheid betrokke is – ongeag posisie of rol – dan sal ek tevrede wees.

Waarom skryf jy VKB se sukses toe?

VKB verstaan sy doel en die rol wat dit moet speel, en fokus daarop en kry dit gedoen, ongeag die omstandighede. Daarmee saam is VKB 'n "mens-mense"-besigheid – ons gee dus om vir mekaar, help mekaar om elke dag nog beter te doen wat ons moet doen, en op dié manier is dit een groot spanpoging wat lei tot sukses. Ons besef ook ons kan altyd nog beter doen, en dus is dit 'n kultuur van voortdurende verbetering, ongeag waar ons tans staan.

Is daar enige groot veranderinge wat jy sal wil implementeer?

Daar is 'n aantal aspekte waaraan ons baie hard moet werk.

Eerstens, VKB moet nog meer kliëntgefokus wees en seker maak ons skep passiewe kliënte.

Tweedens, VKB moet sy finansiële posisie aanspreek deur skuld relatief tot bates te verminder en ook kontantvloei verbeter.

Derdens, ons moet seker maak dat dít waarmee ons besig is, belyn is met ons kerndoelwitte en dat dit behoorlik werk.

Tot watter mate dink jy word die landboubedryf bedreig deur die dinge wat nou op politieke vlak gebeur, met spesifieke verwysing na die grondonteienings- en herverdelingskwessies, asook natuurlik plaasmoorde?

Daar is verskeie aspekte van die omgewing wat bedreigings skep vir landbou in Suid-Afrika en ons moet doodeenvoudig slim dink en doen om hierdie bedreigings die hoof te bied. Dit is wat ons as landbouers uniek maak – ons kan planne maak én dit uitvoer. Dit is nie altyd eenvoudig of maklik nie, en daar is dikwels uiters tragiese gebeurtenisse in ons gemeenskappe wat betref misdaad wat 'n mens se hart ruk, maar ons kan nie toelaat dat dit ons moed breek nie. Ons is hier vir 'n goeie rede: Ons moet 'n verskil maak.

Wat is die bestuurspan se volgende vyfjaarplan?

Om te fokus op die kernbesigheid soos bepaal deur die doelwitte en strategie, en seker te maak die besigheid is uiters gesond.

Op 'n meer persoonlike vlak: Watter groot lewenslesse hou jou aan die gang?

Ek het uit verskeie gebeure in my lewe geleer jou omstandighede en wat met jou gebeur, bepaal nie wie jy is en hoe jy die lewe leef nie. Om te lewe is 'n geskenk uit die Here se hand. Leef voluit, doen wat jy moet doen en geniet dit.

PG, Die Pad Saam wens jou geluk met jou aanstelling in hierdie pos en wens jou alle voorspoed toe met die groot taak wat op jou wag.

Bedrae in miljoen behalwe waar anders aangedui					
	2018	2019	2020	2021	2022
	12 maande	12 maande	12 maande	12 maande	12 maande
	R'm	R'm	R'm	R'm	R'm
VERKORTE STAAT VAN WINS OF VERLIES EN ANDER OMVATTENDE INKOMSTE					
Verkope	10 446	10 736	11 660	12 474	16 815
Bedryfswins	724	604	624	516	707
Resultate van geassosieerdes	5	8	11	24	43
Finansieringskoste	(205)	(231)	(284)	(213)	(196)
Beleggingsinkomste	10	24	6	8	8
Wins voor aansporingskorting	534	406	356	334	562
Aansporingskorting	(260)	(250)	(210)	(248)	(330)
Wins voor belasting	274	156	146	86	232
Belasting	(59)	(86)	(46)	(21)	29
Wins na belasting	215	69	100	65	261
Aansporingskorting	260	250	210	248	330
Dividende verklaar Klas 2-voorkeuraandele	40	30	20	25	30
Dividendkoers Klas 2-voorkeuraandele	3,09%	2,12%	1,27%	1,50%	1,65%
Dividendkoers Klas 4-voorkeuraandele			4,00%	4,00%	4,00%
VERKORTE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE					
Nie-bedryfsbates	1 910	2 143	2 662	2 907	3 020
Bedryfsbates	4 587	4 770	5 436	5 822	7 079
Totale bates	6 497	6 913	8 098	8 729	10 099
Aandelekapitaal	1 829	1 911	2 019	2 139	2 354
Reserwes	395	437	464	470	704
Minderheidsbelang	80	69	82	85	121
Totale ekwiteit	2 304	2 417	2 566	2 694	3 179
Nie-bedryfslaste	718	614	612	530	811
Bedryfslaste	3 475	3 883	4 920	5 506	6 108
Totale ekwiteit en laste	6 497	6 913	8 098	8 729	10 099
WINGEWENDHEID EN PRODUKTIWITEIT					
Opbrenge op totale bates	11%	9%	8%	6%	8%
Opbrenge op aandeelhoudersbelang	23%	17%	14%	12%	18%
Bate-omsetsnelheid (aantal keer)	1,82	1,67	1,55	1,44	1,94
Bedryfswins as % van inkomste	7%	6%	5%	4%	4%
SOLVENSIE EN LIKIDITEIT					
Eie kapitaal-verhouding	35%	35%	32%	31%	31%
Totale bates tot totale laste	1,55	1,54	1,46	1,45	1,46
Persentasie rentedraende kapitaal	44%	48%	50%	51%	48%
Rentedekking (aantal keer)	3,60	2,76	2,25	2,57	3,87
Bedryfskapitaalverhouding	1,32	1,23	1,10	1,06	1,16
Vuurproefverhouding	0,99	0,93	0,85	0,79	0,88

AANSPORINGSKORTINGS EN DIVIDENDE

Aansporingskortings verklaar (Miljoen)	248	R330
Kontant %	10%	10%
Dividende verklaar klas 2-aandele (Miljoen)	R 25	R 30
Dividendkoers klas 2-aandele %	1,50%	1,65%
Dividendkoers klas 4-aandele %	4,00%	4,00%
GRAANLEWERINGS		
R per ton gelewer		
Geelmielies	R 45	R 44
Witmielies	R 41	R 49
Koring	R 50	R 90
Sonneblom	R 132	R 94
Sojabone	R 52	R 54
Graansorghum	R 101	R 58

GRAANBEMARKING			
R per ton graan bemark			
Bemarking van graan		R 48	R 59
KOMMERSIEEL			
% van omset/rente			
Handel en Insethandel	Gemiddelde % van omset	2,88%	2,74%
Meganisasie	Gemiddelde % van omset	0,74%	1,41%
Finansiering	Gemiddelde % van rente betaal	19,47%	24,58%
Beleggings	Gemiddelde % van rente ontvang	13,69%	11,80%
Versekering: Oes	Gemiddelde % van oes-premie	5,00%	6,16%

Die VKB Groep ("VKB") het uitstekend presteer in die afgelope finansiële jaar en oortref die vorige rekordresultate wat in 2018 behaal is, sê Markus Mittermaier, finansiële direkteur van VKB. VKB sluit die jaar op 31 Maart 2022 af met 'n rekordwinst voor aansporingskortings en belasting van R562 miljoen. Die VKB Landbou Groep het voortgebou op die goeie resultate van die vorige jaar met feitlik al die divisies en entiteite wat uitsonderlik presteer het. Die verwagting is dat die Landbou Groep hierdie goeie prestasie sal voortsit in die nuwe jaar.

Ná drie jaar se teleurstellende resultate van die VKB Agri Processors Groep het hulle 'n billike wins gerealiseer vir die afgelope jaar. Daar is nog harde werk wat voorlê, maar alle aanduidings is dat die nuwe finansiële jaar baie beter resultate gaan oplewer.

"VKB se unieke aansporingskortingmodel maak van die besigheid 'n voorkeurverskaffer in ons bedieningsgebied," sê Mittermaier.

"'n Wesenlike deel van die jaar se verdienste uit die landboubesigheid is, soos in die verlede, as aansporingskortings gedurende die oorsigjaar aan ons kliente toegeken.

"Hoewel die korting van boer tot boer verskil, is daar die afgelope vyf jaar R1 298 miljoen se aansporingskortings verklaar. In die finansiële jaar wat geëindig het op 31 Maart 2022 is R330 miljoen se aansporingskortings toegeken en R30 miljoen se dividende betaal", sê hy.

Die R330 miljoen-aansporingskortings is gebaseer op elke klient se ondersteuning en deelname aan die landboubedrywighede die afgelope jaar, terwyl die

R30 miljoen dividende verklaar is uit winste gegenereer uit die ander entiteite. Die R30 miljoen se dividende is verklaar op grond van die aantal klas 2-voorkeuraandele op 31 Maart 2022, terwyl 'n 4% dividend verklaar is op die klas 4-voorkeuraandele. Die aansporingskorting wat die boer ontvang, hang ook af van met watter afdelings en entiteite in die VKB Landbou Groep hy sake gedoen het. Die verdeling van die aansporingskorting per afdeling word hieronder uiteengesit.

"Ons is oortuig dat hierdie model steeds die mees effektiewe waarde-ontsluitemeganisme is wat op 'n gebalanseerde basis die behoeftes van die maatskappy en sy kliente aanspreek," sê Mittermaier. Hy verduidelik die korting-en-dividendmodel as volg: "Om te deel in die aansporingskorting sowel as die dividende moet 'n klient 'n aandeelhouer van VKB wees. Die enigste vereiste om 'n aandeelhouer van VKB te word is dat die aansoeker 'n bona fide-boer moet wees en 5 000 gewone aandele in VKB koop teen R5 000. Hierdie gewone aandele kan nie verhandel word nie en bly in die aandeelhouer se besit totdat hy te sterwe kom of totdat hy as aandeelhouer van VKB bedank, waarna hy sy R5 000 terugkry. "Van die jaarlikse korting word ongeveer 10% in kontant uitbetaal. Die oorblywende 90% word gebruik om vir die boer voorkeuraandele of skuldbriewe in die maatskappy uit te reik. Daardie voorkeuraandele/skuldbriewe is ná 15 jaar aflosbaar. "Dit beteken dat 'n boer vir homself 'n stewige neseier kan opbou deur met VKB sake te doen," sê Mittermaier.

VKB Brokers brei dienste uit



Kerenza Marais het pas by die span van VKB Brokers aangesluit en sodoende word die dienste wat deur hierdie afdeling van die VKB Groep aangebied word, aansienlik uitgebrei.

Sy bied die volgende pakette aan boere, personeel, werkers of plaasbestuurders, ongeag of hulle lede van VKB is of nie:

- Lewensdekking
- Aftreebeplanning
- Beleggings
- Mediese fonds en gapingsdekking
- Testamente
- Groepsdekking – vir werkers is daar meer as vyf pakette wat lewensdekking, begrafnispolis en ongeskiktheidsvoordele insluit; en
- Termyndekking, wat soortgelyk is aan krediet-lewensdekking, met 'n lening wat gesedeer kan word.

Enige van hierdie dienste is net 'n oproep of 'n e-pos ver.

Wat is 'n Astute-verslag en hoe kan dit my help?

Die Astute-verslag is 'n opsommende verslag van al 'n mens se polisse by al die groot maatskappye. As jy dalk onseker is wat die bedrag lewensdekking is wat tans in plek is by die verskillende maatskappye, of wie die begunstigdes op jou polisse is, sal jy dit alles op 'n Astute-verslag kan sien.

Dié verslag dui ook aan wanneer die polis uitgeneem is, wat die balans in byvoorbeeld jou aftree-annuïteit is en ook in watter fondse jou geld belê is vir verskillende beleggings.

Dit is 'n baie nuttige opsomming sodat jy te alle tye op hoogte van jou finansiële posisie kan bly.

Dit wys nie noodwendig jou VBK- of korporatiewe voordele nie, maar dit sal vir jou alles aandui wat op jou ID-nommer aangeteken is.

As jy dus hieroor wonder en so 'n verslag nodig, sal Kerenza jou beslis hiermee kan help. Sy sal saam met jou deur die verslag gaan om alles te verduidelik en te ontleed. Kontak haar by die besonderhede onderaan die artikel sodat sy vir jou die nodige toestemmingvorm kan stuur wat deur jou voltooi moet word.

Wat van my testament?

Hersien jy jaarliks jou testament? Weet jy wie is jou eksekuteurs of begunstigdes. Wie kyk na jou kinders as jy iets oorkom? Het jy 'n skenkingsbrief vir belangrike besittings. Het jy trusts in plek?

Jou testament is een van die belangrikste dokumente wat jy agterlaat wanneer jy die dag te sterwe kom. Marinda Bender en Maryke Kriek, twee gekwalifiseerde prokureurs met baie kennis en vaardigheid, kan jou help met die opstelling van jou testament. Hierdie diens is absoluut gratis. Slegs indien addisionele konsultante betrek moet word vir 'n meer gekompliseerde samestelling, sal daar kostes wees wat deur die testateur gedra moet word.

Met opstellings van trusts en maatskappye sal kwotasies voorsien word.

Wat van as ek 'n behoefte het om 'n produk uit te neem wat voordele vir my werkers bied?

Ons stel vir jou 'n kwotasie op vir 'n groeppakket. Gewoonlik kan dit gedoen word vir vyf werkers en meer vir meeste van die pakette. In die geval van mediese dekking, byvoorbeeld, moet dit egter tien mense en meer wees wat die diens verlang. Die boer/werkgewer betaal dan 'n gedeelte en die werknemer betaal 'n gedeelte.

Daar is 'n belastingvoordeel ook vir die werkgewer ten opsigte van 'n bykomende voordeel.

Meeste van die werknemers het nog nooit voorheen toegang tot so 'n pakket gehad nie. Elkeen van die pakette bied sy eie voordele, maar dit sluit gewoonlik byvoorbeeld lewensdekking, ongeskiktheidsdekking, begrafnisdekking en ander voordele in.

Hoekom is lewensdekking so belangrik?

Het jy lewensdekking in plek? Het jou vrou/man of volwasse kinders lewensdekking in plek?

Ons is almal geneig om maandeliks 'n selfoon- of klererekening te betaal sonder om twee keer daaroor te dink, maar baie min van ons het genoeg of enige lewensdekking in plek.

Veral wanneer 'n gesin nog jonk is en daar is voertuie en 'n huis wat afbetaal moet word en kinders wat grootgemaak moet word, is dit noodsaaklik om voorsiening te maak vir ingeval jy onverwags sterf en nie meer daar is om jou deel van die finansiële verpligtinge na te kom nie. Met lewensdekking in plek weet jy dat jou gesin met jou heengaan die gemoedsrus het dat hul lewe nie nog meer omvergewerp word terwyl hulle reeds gewoon moet raak aan die feit dat jy nie meer daar is nie.

Onthou ook, hoe jonger jy is, hoe goedkoper kos dit jou. Begin vandag nog die belegging maak vir jou gesin se onthalwe.

Watter tipe premies is daar op lewensdekking en hoekom is dit belangrik om te weet watter tipe premiepatroon ek betaal?

Gelykblywend: Dit is aanvanklik die duurste patroon, maar die beste, want jou premies bly dieselfde. Die premies word bereken om vir die volle voordeeltermyn dieselfde te bly.

Ouderdomsverwant: Die premie verhoog elke jaar op jou verjaarsdag. Aanvanklik is dit baie bekostigbaar, maar hoe ouer jy word, hoe duurder word dit.

Vasgestelde verhoging: Dis gewoonlik 'n vasgestelde verhoging wat begin op 5%. Jou premies verhoog volgens jou vasgestelde persentasie vir die hele duur van jou polis.

Hernubaar: Die premies word bereken om vir die eerste 15 jaar ná die aanvangsdatum vir die gekose vlak van dekking dieselfde te bly. Ná die eerste 15 jaar en elke vyf jaar daarna word die premies vir dieselfde vlak van dekking verhoog. Dit is belangrik dat jy weet hoeveel en waarvoor jy betaal sodat jy behoorlik daarvoor kan begroot en kan seker maak dat jy, ten einde volhoubaarheid te verseker, 'n pakket uitneem wat jy op die lang termyn kan bekostig.

Wat is gapingsdekking en het ek dit nodig?

Gapingsdekking is 'n addisionele produk wat jy uitneem om tekorte of bybetalings op sekere mediese prosedures te betaal. Jy kan dit addisioneel tot enige mediese fonds uitneem. Vir 'n gesin van ouderdom onder 55 is die volle pakket R447 per maand.

Meeste van ons het nie die geld geredelik beskikbaar om vir 'n bybetaling vir hospitaalbehandeling en -verblyf in te betaal nie. Veral spesialiste se tariewe is dikwels aansienlik hoër as wat deur mediese fondse vasgestel en uitbetaal word. So sal jou bybetaling op byvoorbeeld 'n gastroskopie en 'n kolonoskopie R8 150 beloop as jy 'n lid van die Discovery Classic Saver-plan is.

Indien jy wel gapingsdekking het, word van jou vereis om eers self die betaling aan die diensverskaffer te doen waarna jy dit van jou gapingsdekkingverskaffer terugeis.

Wat is die minimum bedrag wat ek kan spaar op 'n affreefonds en kan ek meer as een affreeprodukt hê?

'n Affreefonds is net so belangrik, indien nie selfs belangriker nie, as korttermynversekering op jou motor, huis of plaastoerusting. Die algemene wêreldwye tendens is dat mense deesdae veel ouer word en dit kan wees dat jy ná affrede net so lank bly lewe as wat jy gewerk het. Baie mense maak nie genoegsame voorsiening vir die dae ná affrede nie, en word dan verplig om langer te werk net om maandeliks te kan oorleef. Daarom is dit uiters belangrik om so vroeg moontlik reeds vir 'n affreefonds voorsiening te begin maak.

Affreefondse se minimum maandelikse bedrag is R500 per maand. Jou ouderdom en ook jou bestebare inkomste sal 'n rol speel in jou besluit. Moet hierdie betaling egter nie as 'n opoffering of 'n las beskou nie, aangesien jy voorsiening maak vir 'n kommerlose affrede.

As jy 'n bestaande affreeprodukt het, kan jy enige tyd 'n addisionele aanvullende produk uitneem om by te dra tot jou affreepakket.

Wat is die minimum premie vir 'n belegging/spaarprodukt?

Daar is 'n wye verskeidenheid produkte om uit te kies volgens jou persoonlike behoeftes en vermoëns. Wanneer die kwotasie uitgewerk word, sal jy ook 'n duidelike aanduiding kry van die premie wat betaal moet word.

Gewoonlik het die belegger wat aan 'n portefeulje wil bou 'n minimum premie van R500 per maand nodig wat jaarliks met 5% verhoog en daardie produk moet vir vyf jaar in stand gehou word.

Ander produkte waar jy geen beleggingstydperk het nie, kan wissel van R500 per maand tot R1 000 per maand. Die voordeel van dié produkte is dat daar nie 'n typerk aan gekoppel word nie. As jy dus vir 'n oorsese reis oor twee jaar wil spaar, kan die spaarplan gekanselleer word sodra jy die geld wil onttrek.

Maak vandag nog kontak

Dit is altyd raadsaam om 'n kundige persoon te raadpleeg wanneer dit by jou geldsake kom, hetsy jy 'n neseier wil opbou vir iets spesifiek wat jy met daardie geld wil doen, of wil seker maak jou gesin gaan versorg wees wanneer jy hulle die dag ontval, of jy jou testament in orde wil kry sodat die administrasie en frustrasie daar rondom tot 'n minimum beperk word.

Dit is nooit te vroeg om hieraan aandag te gee nie. Moenie huiwer om vir Kerenza te kontak nie. Sy sal al jou vrae rondom hierdie aspekte kan beantwoord en ook die leiding kan verskaf om die beste finansiële oplossings te vind.

Kontak Kerenza
by **079 693 4568**
of **kerenza.marais@vkb.co.za**
vir 'n gratis kwotasie.



Besikbaar by jou naaste tak
vkbn tk

GARDEN GUN™

GEREED-OM-TE-GEbruik INSEKdODER

Garden Gun™ is die beste wapen om van 'n groot verskeidenheid tuinpeste en plaë op ornamentele plante in jou tuin ontslae te raak. Tuinpeste, pasop!



Plantluis & Astyluskewers



Australiese Wolluis & Swart Miertjies



Bruin Miertjies & Lentekewers



Landmeterruspes & Sagte Bruindopluise



Blaaspootjies & Witvlieg

Landswyd beskikbaar by 'n groot verskeidenheid handelaars, kwekerye en tuinsentrums.

efekto.co.za [@mygardensa](https://www.facebook.com/mygardensa)



Skandeer vir deskundige advies oor WhatsApp

Registrasiehouer: Agro-Serve (Edms.) Bpk. Reg. Nr. 1973/000868/07 | Alle produkte is ingevolge Wet Nr. 36 van 1947 geregistreer. Posbus 652147, Benmore, 2010 | Kliëntensorg: 0861 333 586 | info@efekto.co.za

Garden Gun™ Reg. Nr. L6346 N-AR0518 Aktiewe bestanddele: Esbiothrin (Piretroïed) 1,0 g/l, Deltametrien (Piretroïed) 0,2 g/l VERSIGTIG.



Hou jou kant skoon met indien van diesel-eise

Dokumente

Die SAID-amptenaar sal die volgende dokumente vereis vir 'n oudit:

- 'n Register (logboek) wat duidelik aantoon hoeveel liter diesel in die toepaslike maand of periode gebruik is. Die logboek moet alle inligting bevat soos bespreek in 'n artikel in *Die Pad Saam* van Oktober/November 2021.
- 'n Aankoopskedule soos die voorraadregister wat die aangekoopte liters, datum en faktuurnommers vir elke periode aandui;
- Alle oorspronklike fakture en aflewingsnotas in die naam van die boer of entiteit wat geoudit word, met die ooreenstemmende BTW-nommer daarop;
- Finansiële state en proefbalans van die boer vir die periode van die oudit;
- Die tipe rekeningkundige sisteem wat gebruik word;
- Indien daar van kontrakteur(s) gebruik gemaak is in die periode van die oudit en die kontrakteur(s) het diesel van die boer gebruik, moet die fakture van die kontrakteur(s) asook 'n beskrywing van die werk wat deur die kontrakteur(s) gedoen is, ingegee word. Die SAID kan ook 'n kontrak of 'n ooreenkoms tussen die boer en die kontrakteur(s) vereis;
- Die adres van die plaas asook gedetailleerde plaaskaarte wat ook aandui waar die dieseltenk is en elke landnommer en -grootte aandui;
- 'n Plantskedule wat wys watter gewas op elke land geplant was vir elke periode;
- Lisensies van elke voertuig of 'n dokument wat dien as 'n bewys van aankoop;
- 'n Dokument wat aandui in wie se besit die grond is wat bewerk word. Indien die grond gehuur word by 'n derde party, moet die huurkontrakte aangegaan ook gestuur word;
- Indien diesel uit die dieseltenk op die plaas verkoop is, moet daar verduidelik word waarom die diesel herverkoop is en alle inligting rakende die transaksie insluit; en
- 'n Dokument wat dien as 'n rekonsiliasie tussen die VAT 201's ingedien en logboek/"working papers" vir elke periode.

Die proses van 'n dieseloudit

Wanneer die SAID besluit om 'n produsent se dieselerabateise te oudit, sal hulle die diesel geëis op die VAT 201 wat ingedien is, terughou vir een of twee periodes voor die oudit. Dit kan gesien word op die "Statement of Account" op E-filing.

Sodra die SAID 'n produsent identifiseer wat hulle wil oudit, sal die produsent 'n e-pos ontvang wat die "Letter of Engagement" genoem word. 'n Produsent het veertien werksdae en in sommige gevalle net sewe werksdae vanaf die datum van die brief om te sorg dat die SAID-amptenaar alle nodige en ondersteunende dokumentasie ontvang.

Dit is daarom belangrik dat u verseker u e-pos-adres is korrek by die SAID, en dat e-posse gereeld dopgehou word, aangesien dit baie moeilik is om uitstel te kry op so 'n oudit. In gevalle waar uitstel wel verkry word, is dit selde meer as twee weke.

Hoewel die periode van dieseloudits verskil, word dit meestal oor 'n tydperk van twee jaar uitgevoer.


Die amptenare van die SAID verkies die dokumentasie per e-pos en in Excel-formaat, maar dit is nie wetlik verpligtend dat dit in Excel moet wees nie. Waar 'n groot hoeveelheid data betrokke is, is dit makliker om al die inligting per koerier aan die SAID te versend.

Die SAID sit by van die briewe vir hulle 'n skuiwergat in wat sê hulle mag addisionele dokumentasie of inligting aanvra as hulle nie gelukkig is met die inligting wat aan hulle verskaf is nie, maar dit is wetlik verkeerd. As daar so 'n skuiwergat is, moet dit opgeneem word met die ouditbeampte.

Hulle kan ook die plaas besoek vir inspeksie om vas te stel of die diesel werklik op die manier wat aangedui is, gebruik word en of voertuie se werklike tenkgrottes ooreenstem met die logboeke wat ingedien is.

Dit is nie 'n vereiste nie, maar dit is slim om 'n brief saam te stel waar die primêre produksie-aktiwiteite en struktuur van die boerdery beskryf word. Elke boerdery lyk anders en so 'n brief sal die SAID-amptenaar help om die spesifieke boer wat geoudit word, se boerdery beter te verstaan. Hoe meer inligting hulle het, hoe beter kan hulle bepaal watter liters was toelaatbaar en watter nie.

Onthou, baie van die oudits word vanuit die Wes-Kaapse SAID-kantoor uitgevoer, en ons glo dat hulle nie altyd die omvang van veral Vrystaatse boerderye verstaan nie.



Hoe om voor te berei vir 'n dieseloudit, wat is jou regte, en wat presies sê die wet?

Dit is belangrik om deurlopend alle voorraad- en logboek-rekords op datum te hou sodat akkurate diesel-eise elke maand/periode ingedien kan word. Die SAID-amptenare verkies die voorraad- en logboek-rekords in Excel-formaat, maar vra soms dat die handgeskrewe logboek aan hulle gestuur word. In die geval waar 'n "dirty-book" gebruik word by die dieseltenk, moet elke maand s'n in Excel ingelees word en die oorspronklike logboek waarop daar ingevul is, moet ook gehou word. (Dit is weereens een van die vangplekke waarmee die SAID boere vang. Die wet sê dat dit "written" logboeke moet wees en nie noodsaaklik "hand-written" nie).

Ons wil weereens hier beklemtoon: 'n logboek hoef nie 'n "dirty" logboek te wees nie! Dit is nie 'n vereiste van die Doeanewet nie! Die Doeanewet verwys spesifiek na 'n "written logboek": dit spesifiseer nie die formaat van "geskrewe" nie.

Indien akkurate rekords vir elke maand of periode gehou word, kan dit dan ingedien word aan die SAID indien daar 'n dieseloudit is.

Tydperk

PAJA (die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, *Promotion of Administrative Justice Act*) is 'n wet wat van toepassing is op doeanes. Volgens die PAJA moet administratiewe optrede billik en redelik wees. 'n Tydperk van sewe (7) of selfs veertien (14) dae is nie 'n billike of redelike tydperk om te verwag dat 'n belastingpligtige twee jaar se inligting aan die SAID moet verskaf nie. Indien u "Letter of Engagement" so 'n tydperk vereis, moet u onmiddellik 'n e-pos aan die SAID-ouditbeampte stuur en 'n uitstel van ten minste 21 werksdae versoek.



Wat gebeur nadat die oudit ingedien is

Nadat die oudit ingedien is, doen die SAID-amptenaar sy berekeninge en bepaal of wetgewing rondom toelaatbare en nietoelaatbare diesel-liters nagekom is. Indien die amptenaar voel dit is nie nagekom nie of hy het nie voldoende inligting wat die aktiwiteite beskryf nie, skryf hy daardie liters af. Nadat die amptenaar sy oudit afgehandel het, sal die boer 'n "working schedule" en 'n "Letter of Intent" ontvang. In die "working schedule" word die uitkoms van die oudit en die berekeninge van die amptenaar en die hoeveelheid liters wat as nietoelaatbaar afgeskryf word, aangedui.

Ons het egter al ervaar dat die SAID die brief net "copy and paste" en dit nie altyd noodwendig op toepassing van u oudit verander nie. Dit is hier waar baie boere in die moeilikheid beland met die wet, so tydsberekening is baie belangrik.

Die produsent het 30 werksdae vanaf die datum van die "Letter of Intent" om óf redes vir die SAID se uitkoms aan te vra, óf te appelleer teen die uitkoms van die oudit. As daar op dag 31 geappelleer word teen die uitkoms van die oudit, is daar geen kans dat die SAID jou gaan help nie. Indien die produsent appelleer teen die uitkoms, sal daar verdere dokumente en inligting benodig word.

Onthou: 'n dieseloudit is 'n "gevaarlike proses" waaraan die produsent onderhewig is, want as dit verkeerd loop, kan dit die produsent duur te staan kom. Is u regtig vol vertroue dat u diesel-eise korrek was?

Ons beveel aan dat u sodra u die "Letter of Intent" ontvang, u boekhouer of iemand wat gekwalifiseer is, raadpleeg, om te verseker dat u die korrekte inligting aan die SAID verskaf.

Conrad Badenhorst (VKB) 078 085 4426

Jaco Heckroodt (VKB) 082 423 5804

Dee Bezuidenhout (The VAT Lady) 082 951 0487

Dink mooi voor jy eksekuteur aanstel



deur Nico van Gijsen

Ek is seker baie dooies sou al in hul grafte omgedraai het as hulle kon weet van die frustrasie waarin hulle hul erfgename gelaat het met die onoordeelkundige aanwysing van eksekuteurs in hul testamente.

Daar gaan byna nie 'n week verby waarin ek nie klagtes kry van lesers oor eksekuteurs wat nie weet wat hulle doen nie, of wat nie reageer op navrae van erfgename nie. En dit, meesal, omdat die oorledene 'n familielid of vriend as eksekuteur aangewys het.

Dit gaan veral erg as die familielid boonop een van die erfgename is. Dit skep onmiddellik 'n potensiële konflik van belange. Kom ons kyk as voorbeeld na 'n saak voor die Kaapse Hooggeregshof waarin pas uitspraak gelewer is.

Die feite in die saak is kortliks die volgende: Die oorledene was getroud met S. In sy testament het hy aan haar die reg op verblyf in en gebruik van hul huis nagelaat. Die restant van sy boedel, ingesluit die huis, is bemaak aan 'n bestaande trust, waarvan sy twee dogters uit 'n vorige huwelik, E en C, sowel die mede-trustees as die begunstigdes is.

Die twee dogters is in sy testament ook as mede-eksekuteurs van sy boedel aangewys.

Die oorledene het nie in sy testament, anders as die reg op verblyf, enige voorsiening vir onderhoud aan sy oorlewende vrou, S, gemaak nie.

Sy het toe ingevolge die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (wet no. 27 van 1990) 'n eis teen die boedel ingestel vir 'n bedrag van meer as R6 miljoen. So 'n eis word ingedien by die eksekuteur van 'n boedel. In dié geval is dit die oorledene se twee dogters, E en C. Die eksekuteurs wou by S weet hoe sy by die bedrag uitgekom het, wat sy nie aan hulle wou verskaf nie.

Op hul beurt het E en C in hul hoedangheid as trustees van die trust 'n eis teen die boedel ingestel vir 'n vermeende lening van R4 miljoen aan die oorledene vir die aankoop van die huis ter sake. S het op haar beurt bewyse van die lening aangevra, maar E en C, die trustees van die trust, het geweier om vir haar toegang tot die trust se rekords te gee.

En dit is waar die spreekwoordelike dinges die waier getref het. S het 'n aansoek by die hof gebring waarin sy die hof versoek het om E en C as eksekuteurs van hul pa se boedel te verwyder.

Die hof het in sy bevinding sy misnoeë uitgespreek dat 'n geval soos dié nie opgelos kon word nie en dat dit hoegenaamd voor die hof beland het. Die hof het beslis dat die blote feit dat E en C trustees van die trust is wat die restant van die boedel erf en terselfdertyd 'n eis teen die boedel ingestel het, 'n onherstelbare belangebotsing skep. En dit plaas hulle in 'n posisie waarin hulle nie na behore hul fidusiêre plig as eksekuteurs behoorlik kan nakom nie.

Die hof het die beginsel benadruk dat niemand 'n regter in sy eie saak kan wees nie. Deurdadig die eksekuteurs moes besluit tussen twee kompeterende eise wat in hul eie belang is, skep dit 'n onoorkomelike botsing van belange. Die hof het toe beslis dat hulle as eksekuteurs verwyder word.

Teen hierdie agtergrond wil ek 'n paar punte beklemtoon rakende die aanwysing van 'n eksekuteur in jou testament.

- Die storie dat die eksekuteur die persoon is wat in jou skoene staan ná jou dood, byna asof hy of sy na jou wense sal omsien, is snert. Die eksekuteur moet 'n administratiewe funksie vervul volgens wetlike vereistes en daarvoor is 'n bepaalde kundigheid nodig.
- Deur kinders (of enige erfgenaam, man of vrou) as eksekuteurs aan te wys, skep meer kere probleme as wat dit waarde toevoeg. Soos die hofsak hierbo vir ons wys, dit kan lei tot 'n botsing van belange en onnodig konflik skep tussen erfgenames (ek hoor genoeg hiervan om dit te weet).
- As dinge in 'n hof beland, is dit gewoonlik die boedel wat moet hoë vir die koste. Die koste word betaal uit die restant van die boedel, wat restant-erfgenaam benadeel. (Die restant is daardie deel van die boedel wat oorbly nadat alle verpligtinge afgehandel is en alle spesifieke bemakings, of legate, oorgedra is.)

- Jyself kan in elk geval nie 'n eksekuteur aanstel nie, jy kan bloot een aanwys. Die Meester van die hof doen die aanstelling en as die persoon wat jy aanwys nie gekwalifiseerd is om boedels te bereedder nie, sal die Meester gewoonlik vereis dat 'n kundige persoon aangestel word om die werk te doen. Hoekom dan nie self iemand met kundigheid van die begin af aanstel nie?
- As jy nie weet wie om as eksekuteur aan te stel nie, intendeel, as jy hulp verlang met die opstel van jou testament kan ek met die grootste vrymoedigheid aanbeveel dat jy die Fidusiêre Instituut van SA se webblad besoek by www.fisa.net.sa

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com, Twitter: @Nicovangijsen

Hierdie artikel het verskyn op <https://www.landbou.com/landbou/bedrywe/bedryfsake/dink-mooi-voor-jy-eksekuteur-aanstel-20220704>

Ons vervaardig en verskaf ook slange vir:

- Mynbou • Nywerheid • Boubedryf • Tuine
- Asook Vooraf-verpakte Bybore vir tuinslange



QUALITY HOSE MANUFACTURER

SLEEP-WATERSLANGE

GEWAS SPUITSLANG

VEELDOELIGE SLANGE

Binnevoering: NITRIEL PVC
Omhuulsel: BLOU PVC

- 10 Jaar Leef tyd
- 5 Jaar Leef tyd

Toepassing: Insekdoder bespuiting, kompressorslang, pneumatiese gereedskap, ens.

Binnevoering: Wit, insekdoder- en kunsmisbestande Nitriël PVC.

Hoëdruk Nitriëlslange vir petrol, diesel, olie, chemikalie en algemene hoëdruk-gebruik tot 2000 Kpa. 5 - 25mm Deursnee.



Besikbaar by jou naaste tak

vkbnk

6645 WATEX 1/2pg DIE PAD SAAM AUG'22



DIE ENIGSTE DING WAT ON S BETER AS BOERDERY VERSTAAN IS HOE OM DIT TE VERSEKER.

Boere en produsente lê Santam baie na aan die hart. Dis waarom ons grondige navorsing doen en 'n wetenskaplike benadering volg om al jou bates op en weg van die plaas af te beskerm. Dis net nóg 'n faset van ons **regte, egte versekering**.

Gaan na www.santam.co.za/products/agriculture of bel jou tussenganger vir meer inligting.

Santam is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (VFD 3416), 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en beheermaatskappy van sy groepmaatskappye.

santam
landbou



Enkele positiewe aanduidings vir Suid-Afrika se komende somerseisoen 2022-'23 -

Met die 2021-'22-oestyd feitlik agter die rug, verskuif die fokus nou na die 2022-'23-produksieseisoen, wat in Oktober 'n aanvang neem. Die voorlopige mening is dat Suid-Afrika moontlik nóg 'n goeie seisoen sal beleef. Ons is egter bang dat die ekstreme reëns en hitte wat nou in die Noordelike halfrond se somer heers, ook hier kan voorkom. Tog lyk die drie kritieke aanwysers wat ons tot dusver het, naamlik (1) trekkerverkope, (2) die weervoorsigte vir die volgende drie maande, en (3) die prys van graan en oliesaad, baie belowend vir die 2022-'23-seisoen. Eerstens het Suid-Afrika se trekkerverkope vir die eerste helfte van 2022 met 18% jaar op jaar (j/j) met 4 133 eenhede gegroei. Terselfdertyd het die verkope van oesdorsmasjiene op 213 eenhede te staan gekom – 'n groei van 37%.

Boere se verbeterde finansies weens die soliede produksieprestasie van die sektor in die afgelope twee jaar, toe kommoditeitspryse vir spesifiek graan en oliesaad toegeneem het, is die primêre rede vir die verkope in die eerste helfte van die jaar. Tog is die positiewe sentiment oor die komende 2022-'23-produksieseisoen 'n noodsaaklike faktor wat boere moontlik aangemoedig het om in losgoedere soos trekkers te belê. Die algemene positiewe sentiment in die sektor word ook gereflekteer op die Agbiz/IDC Agribesigheidsvertroue-indeks, 'n maatstaf van die sentiment onder agribesighede en groot boerdery-entiteite, wat op 60 punte gestaan het in die tweede kwartaal (wat egter sedert die begin van

die jaar verswak het soos wat stygende insetkoste, kommer oor biosekuriteit, stygings in rentekoerse en verhoogde geopolitieke risiko's druk geplaas het op sentiment).

Hierdie algemene optimisme beteken nie dat daar nie baie uitdagings vir die sektor is nie. Die onderbreking van sitrusuitvoere na die Europese Unie, tydelike sluiting van woluitvoere na China, bek-ek-kloseer in die veebedryf, relatiewe hoër insetkoste en stygende rentekoerse is maar enkele van die probleme waarmee boere te doen het.

Tweedens is die weervoorsigte vir die komende 2022-'23-produksieseisoen vol belofte. In Augustus het die Australiese Buro van Meteorologie opgemerk dat "die El Niño Suidelike Ossillasie (Enso) voortduur by La Niña WATCH. Dit is weens die teenwoordigheid van sekere La Niña-agtige tekens in die atmosfeer en osean en die potensiaal dat die Stille Oseaan kan afkoel tot La Niña-vlakke in party van die model-opvattinge. La Niña WATCH beteken daar is 'n 50% kans dat La Niña later vanjaar kan vorm. Dit is ongeveer dubbeld die normale waarskynlikheid." Die Suid-Afrikaanse Weerdiens het 'n soortgelyke mening is sy Seisoendale Klimaatvoorspelling, wat op 6 Julie uitgereik is, gehuldig vir Julie tot November vanjaar. Met dit in gedagte sal die weerstoestand fyn dopgehou moet word. Die ekstreme weers-toestande in die noordelike halfrond wek kommer by ons weens die moontlikheid dat dieselfde in die somer in die suidelike halfrond kan gebeur.

Derdens, terwyl ons verwag dat die prys van Suid-Afrika se mielies, sojabone en sonneblomsaad in die tweede helfte van die jaar ietwat sal daal in vergelyking met die vorige helfte, is dit steeds op aanloklike vlakke wat boere sal aanmoedig om aansienlike aanplantings te doen in die 2022-'23-seisoen.


Geel- en witmielies se pryse was byvoorbeeld op 4 Augustus 2022 26% en 32% hoër j/j, en het teen onderskeidelik R4 156 per ton en R4 161 per ton verhandel. Op dieselfde dag het sonneblomsaad en soja kontantpryse van 12% j/j en 16% j/j gehaal en onderskeidelik teen sowat R10 200 per ton en R8 454 per ton verhandel.

Wat somergewasse betref, sal ons eers op 26 Oktober 2022 weet wat boere se voornemens is om vir die 2022-'23-seisoen te plant, wanneer die Suid-Afrikaanse Oeskattingskomitee geskeduleer is om die data bekend te stel. Ons sal ook meer data oor die komende seisoen hê wanneer die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid die 2022-basislyn bekend stel. Verskeie analiste se menings is bemoedigend. Die vooruitskattings van die Verenigde State se Departement van Landbou, byvoorbeeld, voorspel dat Suid-Afrika se mielie-aanplantingsoppervlakte vir 2022-'23 2,6 miljoen hektaar sal wees, wat heelwat meer is as die 10-jaar-gemiddeld van 2,5 miljoen hektaar. Die opbrengsskatting is 5,7 ton per hektaar weens verwagte gunstige weerstoestand. Dit beteken dat daar 'n kans is dat die mielie-oes sowat 14,8 miljoen ton kan wees, wat ietwat meer is as die 2021-'22-oes van 14,7 miljoen ton.

Ander somergewasse soos sojabone, sonneblomsaad, sorghum, droëbone en verskeie tuinbougewasse en vrugte kan ook 'n goeie seisoen beleef. Weereens, die waarskuwing bly dat die weer 'n tydperk van uiterstes kan wees, wat hierdie redelik optimistiese siening vir die 2022-'23-seisoen kan verander.

Met inagneming van die hoër trekkerverkope, aantreklike pryse en gunstige weervoorspelling, blyk dit dat Suid-Afrika nog 'n gunstige landbouseisoen vir 2022-'23 kan beleef. Dit is nog vroeg en ons wag nog op meer data, veral weerverwante data, om 'n vaste vooruitsig te formuleer. Suid-Afrika sal in die komende seisoen goeie reëns moet kry, maar nie te veel nie, en hoofsaaklik tussen Oktober vanjaar en Februarie volgende jaar – nie net vir veldgewasse nie, maar ook vir vee en tuinbou. Maar vir nou is die beskikbare aanduidings beslis bemoedigend. Teen hierdie agtergrond is ons geneig om te glo dat Suid-Afrika se verbruikersvoedselprijsinflasie in die laaste drie maande van die jaar kan daal van die hoër vlakke van 9,0% j/j in Junie 2022 en in 2023 op relatief laer vlakke kan bly. Die globale prysbewegings en brandstofpryse bly die kernrisiko's. Tog lyk die vooruitsigte beter in die lig van bogenoemde feite.

Suid-Afrika se optimale plantdatums vir mielies






Kwynende melkboere se trapmeul van skaalekonomie

deur dr. Philip Theunissen

In sy Essential Food Pricing Monitoring van Augustus 2021 kom die Mededingingskommissie tot die slotsom dat die waardeketting van Suid-Afrikaanse kommersiële landbou 'n kommerwekkende afname in die deelname van produsente toon, met 'n gepaardgaande toename in die vlakke van konsentrasie van voedselproduksie se in- en uitsetverskafers. Die verslag toon as staving aan dat die aantal melkboere vanaf 2007 tot 2021 met 73% afgeneem het. In 2007 was daar nog 3 899 melkboere in Suid-Afrika, maar dit het nou tot 1 053 afgeneem. Dit dui daarop dat die voedselwaardeketting hoogs geïndustrialiseerd raak en dat primêre produksie gekenmerk word deur die toenemende kommersialisering in grootskaalse boerderye én dat insetverskaffing, sowel as die prosessering van landbouprodukte, ook toenemend in groterwordende nywerhede gekonsentreer word. Hierdie neiging loop die risiko om kleiner boere se winsmarges al meer onder druk te plaas omdat boere stroomop én stroomaf prysnemers, en nie prysmakers nie, van insette én uitsette is. Die besigheidsfilosofie van "grootskaal of niks" het volgens die Mededingingskommissie reeds die deelname van kleiner boere in die voedselwaardeketting beperk en daarom word die landbousektor in die nuwe wysigings aan die Mededingingswet spesifiek uitgesonder. Hierdie wysigings is al in Februarie 2019 goedgekeur en sal geïmplimenter word sodra die president die datum proklameer. Dit het ten doel om die speelveld vir kleiner deelnemers gelyk te maak om potensiële uitbuiting deur dominante rolspelers te voorkom. Grafiek 1 beklemtoon die uitdagings wat kleiner boere, met melkboere as voorbeeld, ervaar om 'n lewensvatbare vlak van skaalekonomie te handhaaf ten einde in produksie te kan bly.




Hoewel die aantal melkboere vanaf 2007 voortdurend afgeneem het, het die totale melkproduksie bly toeneem. Die kleiner getal melkboere raak in terme van produksie dus al groter. In 2007 het 'n melkboer gemiddeld 656 ton melk per jaar geproduseer terwyl dit 3 038 ton in 2020 beloop het. In terme van produksie is die gemiddelde melkboer in 2020 nou 4,6 keer groter as wat hy in 2007 was. Indien melkproduksie per lid van die bevolking uitgedruk word, kon 2007 se melkboere 53,5 kg melk vir elke lid van die bevolking produseer. In 2020 produseer melkboere nou 59,3 kg melk vir elke lid van die bevolking. Die kleinerwordende aantal melkboere het dus nie net die uittredende melkboere se produksie oorgeneem nie, hulle het dit selfs verder uitgebrei en die besigheidsfilosofie van "grootskaal of niks" gestand gedoen.

Plaasgrootte

Studies wat deur die Food and Agriculture Organisation (FAO) gedoen is, beraam dat daar ongeveer 570 miljoen plase in die wêreld is. Meeste van hierdie plase is egter baie klein en volgens die FAO is 475 miljoen kleiner as 2 ha terwyl 410 miljoen daarvan ook kleiner as 1 ha is.


Volgens Grafiek 2 is die grootste konsentrasie van klein plase, naamlik 10 ha en kleiner, in Asië geleë. Slegs 2% van die klein plase kom in Noord- en Suid-Amerika voor terwyl 6% daarvan in Afrika suid van die Sahara voorkom. Daarteenoor kom 46% van die plase wat groter as 10 ha is in Noord- en Suid-Amerika voor terwyl net 17% daarvan in Asië geleë is. Daar is 3% van die groter plase in Afrika suid van die Sahara geleë. Terselfdertyd meen die FAO dat, hoewel die grootste gedeelte van die aantal plase in die wêreld kleiner as 2 ha is, hulle 'n baie klein gedeelte van die totale beskikbare landbougrond bewerk. In 'n verdere studie wat die FAO gedoen het in lande waarvan sulke statistiek wel beskikbaar is, word aangetoon dat dié




55% van die plase wat kleiner as 1 ha is maar net 3% van die totale landbougrond bewerk. Daarteenoor het dié 0,04% van die plase wat groter as 1 000 ha is 22% van die totale landbougrond onder hulle beheer. Die afleiding wat uit Grafiek 3 gemaak kan word, is dat meer as 50% van die wêreld se landbougrond in minder as 1% van die totale aantal boere gesetel is. Dit bevestig dus die Mededingingskommissie se besorgdheid dat die oormatige konsentrasie van landbouproduksie in 'n baie klein aantal boere se hande op die oog af wesentlike nadele vir die winsmarges van die groot aantal kleiner boere inhou.

Industrialisering

Die konsentrasie van boerderye in die hande van groterwordende industriële eenhede behels hoë vlakke van spesialisasie op plaasvlak. Dit gaan weer gepaard met 'n enkele gewas- of veevertakking; die gebruik van groot geoutomatiseerde en gekombineerde werktuie met 'n enkele operateur wat groot oppervlaktes in 'n kort tydskedule kan bewerk; die toedien van groot hoeveelhede anorganiese kunsmis en chemiese middels; die gebruik van hoë volumes water vir besproeiing; die wetenskaplike manipulasie van saad vir weerstand teen peste en onkruidodders of vir die verhoging van opbrengs; en die teel van lewende hawe en pluimvee wat in groot groepe in voerkrale gekonsentreer kan word waar hulle met hormoonaanvullings en vrylike toegang tot geformuleerde voerrantsoene binne die kortste tydskedule slagterreedheid kan bereik. Hierdie industriële eenhede verg noodwendig groot kapitaalinvesterings, hoë gebruik van fossielenergie, die aanhoudende manipulasie van plante en diere se biologiese samestellings, verhoogde vlakke van



meganisering en die implementering van bestuursintensiewe produksiepraktyke. Die resultaat van die industrialisering van landbou kan direk gemeet word in terme van die groei in die produksievolumes van verskeie landbouprodukte. Statistiek toon dat landbouproduktiwiteit wêreldwyd dramaties sedert die middel van die vorige eeu toegeneem het. Die meegaande figuur toon byvoorbeeld aan dat die totale produksie van grane in 1965 0,9 miljard ton beloop het.



Die aanhoudende toename in vaste koste, landbouuskuld en afhanklikheid van hoë tegnologiese masjinerie dwing 'n diepliggende revolusie op die kultuur van landbou af. Sodra 'n boer die vereiste vlak van skaalekonomie bereik het, moet hy sy tradisionele waardes van 'n landbouer vir dié van 'n batebestuurder verruil. Sy boerderybesluite word dan nie meer deur sy landbouverantwoordelikhede gemotiveer nie, maar deur sy finansiële verpligtinge. Daar het geleidelik dus 'n kultuur tot stand gekom wat tans deur finansierders, insetverskaffers, voedselproesseerders, ekonome en ook landbouraadgewers aangehang word wat subtiel die "grootskaal of niks" as boerderymodel in die naam van ekonomiese lewensvatbaarheid op boere afdwing. Dit het tóé aan die totale bevolking van 3,3 miljard 274 kg se graan per jaar per lid van die bevolking voorsien. In 2015 beloop die totale volume van grane 2,5 miljard ton vir 'n bevolking van 7,3 miljard, maar die verhoging in produksie het nie direk met die bevolking tred gehou nie, dit het intendeel progressief toegeneem. In 2015 beloop die gemiddelde graanproduksie per lid van die bevolking 343 kg per jaar.

Die gemiddelde lid van die bevolking het dus nou 25% meer graan tot sy dieet beskikbaar as 50 jaar gelede en hierdie tendens geld in wese vir alle landbouprodukte, ook melk, waarvan die gemiddelde produksie net in Suid-Afrika alleen vanaf 2007 tot 2020 met 11% per lid van die bevolking toegeneem het. Voedsel en vesel is dus nou in baie groter volumes per lid van die bevolking beskikbaar ten spyte van die afname in die aantal boere en dit moet noodwendig druk op die pryse van landbouprodukte plaas.

Trapmeul

Daar word wyd aanvaar dat groterwordende boerderye, wat skaalekonomie effektief kan toepas, die enigste manier is om die steeds groeiende wêreldbevolking van voedsel en vesel te kan voorsien. Gevolglik word daar in baie beleidsdokumente in die private sowel as publieke sektor aangeneem dat die pre-industriële boerderymodel 'n terugwaart-se stap is en dat hierdie boerderye eerder geleidelik uitgefaseer moet word. Die International Assessment of Agricultural Knowledge, Science and Technology for Development (IAASTD) beskou die industriële boerderymodel as 'n "landbou-trapmeul". Dit beskryf 'n proses wat relatief uniek aan landbou is, wat die investering in masjinerie en die optimale vlakke van produksie nogal meer kompliseer as wat dit op die oog af lyk. Dit werk so:

1. 'n Insetverskaffer ontwikkel nuwe tegnologie soos GMO saad of 'n hoogloopspuit.
2. Sommige boere gryp die nuwe tegnologie dadelik aan en dit lei tot 'n merkbare verhoging in opbrengste, met 'n gevolglike verhoging in hul wins.
3. Ander boere sien hierdie suksesse raak en volg weldra in die eerste aanvaarders se voetspore, wat tot 'n algehele verhoging in die aanbod van produkte en gepaardgaande daling in produsentepryse lei. Die tweede golf van aanvaarders se wins verhoog dus nie tot dieselfde mate as die eerste golf nie.
4. Die enigste manier om dan steeds voordeel uit die nuwe tegnologie te kan kry, is deur skaalekonomie, en die tweede golf se aanvaarders maak hul boerderye groter om die tegnologie te kan regverdig.
5. Nuwe tegnologie word nou nogmaals ontwikkel om boerdery "meer winsgewend" te maak sodat die siklus homself herhaal, en terwyl boere dink hulle gaan vooruit, staan hulle eintlik stil op 'n trapmeul.

Die siklus het nie doelbewus kwade bedoelings nie. Daar kan immers nie van innoveerders in die landbousector verwag word om nie nuwe produkte te ontwikkel nie, maar dit lei tog daartoe dat boere wat té arm is, té klein is, té oud is, té oningelig is of té siek is om vinnig genoeg te kan aanpas, onvermydelik moet uitval. Hul plase word dan noodwendig deur juis dáárdie groep eerste aanvaarders oorgeneem wat eerste die wins uit nuwe tegnologie kan benut. Hierdie regstelling lei dan tot 'n nuwe vlak van skaalekonomie van die landbousector in geheel. Op die ou einde word daar doodeenvoudig te veel voedsel geproduseer en daarom neem die gemiddelde produksie per lid van die bevolking aanhoudend toe terwyl produsentepryse hul dalende neiging voortsit.

JONGMENSE

SIEN DIE TOEKOMS

anders



'n Seker Toekoms

Die manier waarop **jongmense die toekoms sien**, spreek van positiwiteit – en van die keuse om in 'n nuwe tydsgreep relevant te wees. AgriSeker deel dié opgewondenheid oor die toekoms van landbou in Suid-Afrika. Ons leuse is nie verniet "n Seker Toekoms" nie.

AgriSeker is gemotiveer om 'n bydrae te lewer tot die toekoms van ons land met 'n toegewyde fokus op landbou deur kennis, begrip en deelname in hierdie sektor. Ons fokus is op ons boere en jongmense, want ons het julle nodig vir die voortbestaan van landbou.

Vra jou versekeringsmakelaar of vind ons aanlyn by agriseker.co.za

Kruispad

Die IAASTD bevraagteken dus die idee dat voortdurende tegnologiese ontwikkeling en die gepaardgaande industrialisering van boerderye die ideale boerderyemodel vir volhoubare voedselproduksie is. Eerstens is landbou in verskeie dele van die wêreld, maar veral juis dáár waar industriële boerdery sterk ontwikkel het, van grootskaalse staatsingrypings en -subsidies afhanklik omdat boere nie op eie stoom binne daardie ekonomieë kan oorleef nie.

Dit verhoog net verder die mate waarin gekonsentreerde insetverskaffers en voedselprosesseerders hul kostestrukture binne daardie voedselwaardekettings op boere kan afdwing.

Tweedens voer die IAASTD aan dat die wêreldwye styging in landbouproduktiwiteit by verre die toename in die bevolkingsgroei oortref. Na raming kan die huidige vlakke van voedselproduksie 10 tot 14 miljard mense voed indien dit effektief versprei en verbruik word, terwyl dit wat 7,3 miljard mense tans nie nodig het nie, dus nie benut gaan word nie. Die FAO beraam dat 32% van alle voedsel wat geproduseer word, verlore gaan of vermors word. Dit is gebaseer op gewig. In terme van kalorieë beloop dit 24% van wat geproduseer word. Uiteraard het dié verliese 'n wesentlike ekonomiese, sowel as omgewingsimpak. Ekonomies verteenwoordig dit vermorsde kapitaalinvesterings en verlies aan inkomste. Omgewingsgewys vermors dit water en energie en verhoog dit kweekhuisgasvrystellings. Die oordrewe fokus op die produktiwiteit van industriële boerderye plunder die beskikbare natuurlike hulpbronne van die aarde. Die basiese strategie om plaasarbeid met masjiene, chemiese middels en fossielenergie te vervang is op die lang duur 'n doodloopstraat, veral teen die agtergrond van klimaatsverandering.

Dit lei tot 'n aanhoudende af-name in die aantal boere én hulle arbeidsmag en is ook die primêre oorsaak vir die ontvolking van die platteland. Daarmee saam het die diversiteit van boerderye ook afgeneem en waar plase vantevore vee én verskillende gewasse verbou het, is die meeste boerdery nou óf veeplase óf saaiplase waarop daar meestal net een vertakking en hoogstens twee bedryf word.

Dit wil tog voorkom of die 475 miljoen klein plases die trapmeul vryspring juis omdat hulle gevrywaar is van die hoë vaste koste wat voortdurende nuwe tegnologie meebring en omdat hierdie bestaansboerderye geen arbeidskoste het nie. Hulle moet net hulself kan voed en die bietjie surplusse in hul onmiddellike omgewing verkoop waar die pryse van internasionale ter-mynkontrakte wat voedselprosesseerders toepas, geen invloed het nie. Miskien is die resep vir volhoubaarheid dalk juis om klein genoeg te wees sodat die radarskerm van groot internasionale handelaars en prosesseerders jou nie geïdentifiseer kan kry nie.

BRONNE:

Beck, A, Haerlin, B & Richter, L. Agriculture at a Crossroads: IAASTD findings and recommendations for future farming. 2016

Competition Commission. Essential food pricing monitor. Augustus, 2021.

Elwell, FW. Industrializing America: Understanding Contemporary Society through Classical Sociological Analysis. 1999.

Steele, M. Agricultural philosophy: Wendell Berry. April 2015.

NUWE VERBETERDE FORMULERING

BEESVET 33+

LAAT JOU BEESTE EN JOU WINS SAAMGROEI!

Met **Molatek** se kundig geformuleerde proteïenkonsentraat, **Beesvet 33+**, is dit nie net jou vleisbeeste wat gaan spog met bultende spiere en massatoename nie ... ook jou beursie gaan bult met die ekstra wins.

- Ekonomiese vleisbeesafronding met die laagste koste per kg massatoename.
- Bevat 'n groeibevorderaar wat voeromset en groei stimuleer.
- Gebruik hoëgehalte, natuurlike proteïene wat volgens die aminosuurprofiel vir optimale karkasgroei gebalanseer word.
- Werk voedingsteurnisse en koksidiöse teen.
- Verseker maksimum wins.
- Geskik vir die afronding van bulle en skoubeeste.



PROTEÏENKONSENTRAAT

Vir meer inligting oor **Molatek** se spesifieke voere en dienste, kontak:

RCL FOODS: www.rclfoods.com

MOLATEK: +27(0)13 791-1036 | www.molatek.co.za | molatek@rclfoods.com

Beesvet 33+ (V17357) (Wet 36 van 1947)



BEKENDSTELLING

NUWE
REEKS

SUPERKOS

Die superheld wat elke immuunstelsel nodig het.



Die wêreld het verander, en nie een van ons kan teruggaan nie. Al wat ons kan doen is ons beste, en soms is die beste wat ons kan doen om oor te begin.

Peggy Carter



#HealthIsWealth

#SuperfoodsSuperImmune

#Strong&Healthy

#MaximiseYourHealth

Beskikbaar by jou naaste tak

vkbn tk



Vakbonde speel toenemende rol in die werksplek

Baie mense kyk in 'n negatiewe lig na vakbonde, maar die doel daaragter was aanvanklik omdat soveel werkgewers hul werknemers uitgebuit het. Daarom is vakbonde gevestig om na die belange van die werknemer om te sien, maar ook om aan werknemers te verduidelik hoekom werkgewers sekere eise stel. In die perfekte wêreld sou dit dus 'n wen-wen-situasie tot gevolg gehad het. In hierdie artikel, wat geleen is van die webblad <https://lwo.co.za>, word die werksaamhede en doel van vakbonde duidelik uiteengesit.

Stakings gaan dikwels gepaard met vakbond-aktiwiteite. Elke werknemer het die reg om by 'n vakbond aan te sluit en deel te neem aan vakbondaktiwiteite. [Met die daarstelling van vakbonde en die tersaaklike wetgewing het] die wetgewer beoog dat vakbonde deur die volgende aktiwiteite 'n positiewe invloed kan hê in die werksplek :

- om onderhandelinge te fasiliteer;
- om op te tree as instrument om met werknemers te kommunikeer;
- om te help om wetgewing en vereistes aan werknemers te verduidelik;
- om die lede van die vakbond te beheer tydens stakings; en
- om stakings te voorkom.

'n Vakbond kan ook voordele vir werknemers beding soos begrafnisplanne, regshulp en verteenwoordiging, asook opvoedkundige programme.

Op watter regte kan vakbonde aanspraak maak?

Die Wet op Arbeidsverhoudinge erken en reguleer vakbonde se regte. Afhangende van die persentasie van werknemers wat aan die vakbond behoort, kan die vakbond aanspraak maak op die volgende regte:

1. Toegang tot die werksplek – om werknemers toe te spreek en na hul belange om te sien. Enige besoek moet egter voor die tyd met die werkgewer gereël word. Die Wet op Arbeidsverhoudinge bepaal dat besoeke op 'n billike tyd gehou word.

2. Aftrekking van vakbondregistrasiefoeie – die werkgewer is verplig om aftrekkings te maak en oor te betaal aan die vakbond.
3. Vakbondverteenvoordiging in die werksplek – die vakbond kan werknemers kies om as verteenwoordigers binne die werksplek op te tree.
4. Verlof vir vakbondaktiwiteite – billike betaalde tyd af moet toegestaan word vir verteenwoordigers om vakbondaktiwiteite by te woon. Die wet bepaal nie hoeveel betaalde of onbetaalde dae toegestaan moet word nie, en dit moet dus deur die betrokke partye ooreengekom word.
5. Openbaarmaking van inligting – relevante inligting moet aan die vakbond beskikbaar gestel word sodat hulle hul pligte na behore kan uitvoer.

Wat behels die erkenningsooreenkoms tussen die werkgewer en die vakbond?

Om te kan aanspraak maak op bogenoemde regte, vereis die wet dat die vakbond sekere prosedures volg. Dit behels dat die vakbond die werkgewer skriftelik in kennis moet stel van die regte wat die vakbond in die werksplek uitoefen. Die vakbond moet ook 'n afskrif hierby aanheg van sy registrasiesertifikaat, asook lidmaatskap-aansoekvorms as bewys van hoeveel werknemers die vakbond verteenwoordig.

Die wet stipuleer dat die werkgewer dan binne 30 dae hierna met die vakbond moet konsulteer om 'n erkenningsooreenkoms te sluit wat die bepalings en voorwaardes stipuleer waarop ooreengekom is, soos:

- bevestiging van die vakbond se regte;
- toegang tot die werksplek;
- aftrekkings;
- prosedures rakende werkersverteenvoordigers (*shop stewards*);
- vergaderings tussen die vakbond en sy lede asook die werkgewer;
- onderhandelinge;
- dispuutoplossings;
- ander algemene bepalings en voorwaardes.

Veel besigheidsrisiko's moet daagliks deur die werkgewer bestuur word. Die beste wyse waarop 'n werkgewer arbeidsrisiko's kan aanspreek, is om proaktief op te tree en te verseker dat alle dokumentasie in plek is. Hierdie dokumentasie sluit in dienskontrakte, dissiplinêre kodes, prosedures en beleide. Al hierdie dokumentasie moet ook aan die toepaslike wetgewing voldoen.

Dié wetgewing reguleer arbeidsverhoudinge in Suid-Afrika

Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV)

Die WAV is die belangrikste arbeidswet en reguleer kollektiewe regte en bied ook beskerming teen arbeidspraktyke. Die WAV reguleer vakbonde asook werkgewersorganisasies en vestig belangrike dispuutbeslegtingsagentskappe in die vorm van die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) en Arbeidshowe.

Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV)

Die WBDV bepaal en dwing die minimum statutêre vereistes af waarop werkgewers en werknemers mag kontrakteer.

Sektorale vasstellings

'n Sektorale vasstelling beheer die bepalings en voorwaardes van indiensneming in 'n spesifieke sektor waar daar nie 'n gesentraliseerde kollektiewe bedinging is nie en wat spesifieke en gedetailleerde regulasies benodig. Voorwaardes in 'n sektorale vasstelling mag verskil van dié in die WBDV, maar het hoër gesag.

Bedingingsraadooreenkomste

Bedingingsrade hanteer kollektiewe ooreenkomste, los arbeidsdispute op, vestig verskeie skemas en maak voorstelle rakende arbeidswetgewing en -beleide. Vakbonde en werkgewersorganisasies mag bedingingsrade vorm.

Wet op Billike Werkseleenthede (WBW)

Die WBW verbied onregverdig diskriminasie in indiensneming en is omskryf om 'n wye reeks beleide en prosedures in te sluit. Dit verplig ook aangewese werkgewers (werkgewers met 50 of meer werkgewers,

Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO)

Die WVO reguleer standaardinstellings, opleiding en ontwikkeling deur werkgewers (met 'n jaarlikse salarisbesteding van meer as R500 000) te verplig om

1% van hul betaalrol tot die fondsstruktuur soos gevestig deur die WVO by te dra.

Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF)

WVF voorsien korttermynverligting aan werknemers wanneer hulle werkloos of nie in staat daartoe is om te werk nie weens kraam- of aannemingverlof, of siekte. Dit verskaf ook verligting aan die afhanklikes van 'n oorlede bydraer. Dit is die werkgewer se verantwoordelikheid om die werkloosheidsversekeringbydraes (2% van die werknemer se salaris) oor te betaal hoewel beide die werkgewer en werknemer 'n gelyke bydrae van 1% maak.

Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (WVBS)

Wanneer 'n werknemer aan diens beseer of as gevolg van sy werk siek word, kan hy/sy vergoeding vanaf die Vergoedingsfonds eis. Families of afhanklikes kan ook eis indien hul broodwinner sterf as gevolg van 'n werkverwante ongeluk of siekte. Alle werkgewers moet by die Vergoedingskommissaris registreer en sal jaarliks aangeslaan word, waarop betaling gemaak moet word.

Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (WBGV)

Die WBGV reguleer gesondheid- en veiligheids-toestande in die werksplek. Wetgewing is van toepassing op alle werkgewers om 'n veilige en gesonde werkomgewing te skep. Sekere regulasies moet geïmplementeer word wanneer die werkgewer vyf of meer werknemers in diens het.



Wetgewing vergemaklik werkgewer se verpligtinge

Werkgewers moet daaglikse besigheidsrisiko's bestuur ten einde die onderneming se winsgewendheid en volhoubaarheid te verseker. Om aan arbeidswetgewing te voldoen is nie onderhandelbaar nie en hou groot arbeidsrisiko in vir die werkgewer. Beperkende arbeidsregulasies is aangewys as die mees problematiese faktor in Suid-Afrika se besigheidswêreld. Dit is baie belangrik om in ag te neem watter rol arbeid in die werksomgewing speel en te verstaan dat wetgewing tot die werkgewer se voordeel gebruik kan word. Die moderne tendens onder besigheidseienaars is om

op kernaktiwiteite te fokus en ander nie-kernaktiwiteite uit te kontrakteer. Hierdie tendens kom voor ongeag die grootte van die instelling. Voorbeelde van hierdie aktiwiteite is sekuriteit, belasting, vervoer, bemaking, 'n kafeteria op die perseel, ensovoorts. Die nakoming van arbeidswetgewing verg spesialis kennis en daarom word aanbeveel dat werkgewers arbeidsrisiko's uitkontrakteer aan kundiges. Hierdie kundiges kan leiding gee waar nodig en sodoende regspraakbaarheid beperk. Hierdeur is die werkgewer in die posisie om te konsentreer op sy/haar primêre besigheid.

Wat is die opsies?

As die besigheidseienaar die besluit neem om die bestuur van arbeidsrisiko wel uit te kontrakteer, is daar verskeie opsies wat die werkgever kan oorweeg, naamlik:

- Plaaslike prokureur
- Arbeidskonsultant
- Ongeregistreerde werkgeversorganisasie
- Werkgeversorganisasie wat geregistreer is by die Departement van Arbeid.



Wanneer die werkgever die keuse uitoefen, moet die volgende oorweeg word:

- Kan die instelling werkgevers verteenwoordig by die KVBA, Bedingingsrade en Arbeidshof?
- Besik die instelling oor spesialiskennis in terme van arbeidsreg?
- Lewer die instelling spesialisdienste op die werkgever se perseel, met toepaslike ervaring op die gebied van arbeidsreg?
- Bied die instelling 'n koste-effektiewe oplossing?
- Hoe lank bestaan die instelling al en hoe word die instelling se voortbestaan verseker?
- Is daar bestuurskontinuiteit in die instelling?
- Kan die werkgever insette tot die bestuur van die instelling lewer?

Hoekom 'n geregistreerde werkgeversorganisasie?

Wanneer bogenoemde oorweeg word, is dit duidelik dat 'n geregistreerde werkgeversorganisasie die beste opsie is. Die Wet op Arbeidsverhoudinge reguleer kollektiewe regte en bied beskerming teen arbeidswanpraktyke. Dié wet reguleer ook vakbonde en werkgeversorganisasies en vestig sleutel-geskilbeslegtingsagentskappe soos die KVBA en arbeidshowe.

Wanneer 'n werkgeversorganisasie geregistreer is by die Departement van Arbeid rus daar sekere verpligtinge op die organisasie wat definitiewe voordele inhou vir die werkgevers wat aan die organisasie behoort.

Hierdie verpligtinge en voordele sluit in dat 'n geregistreerde werkgeversorganisasie:

- gemagtig is om werkgevers te verteenwoordig in die KVBA, Bedingingsrade en Arbeidshof.
- slegs fokus op suiwer arbeidsregtelike dienste vir die werkgever. Die Wet op Arbeidsverhoudinge lê streng riglyne neer rondom hierdie aspek en dit word vervat in 'n geregistreerde werkgeversorganisasie se konstitusie. Die organisasie moet deurlopend volgens die konstitusie handel. Hierdie konstitusie moet aanvaar word deur die Departement van Arbeid met registrasie.
- slegs werkgevers mag bystaan met arbeidsregtelike dienste.

- as lede-organisasie gestruktureer moet wees. Die organisasie bestaan dus uit lede wat almal werkgevers is en gevolglik in die posisie is om die organisasie te bestuur met eerstehandse ervaring ten opsigte van die unieke uitdagings en behoeftes van werkgevers in Suid-Afrika. Bestuur word uit eie geleedere verkies wat bestuurskontinuiteit verseker. Die organisasie moet ook jaarliks die ledetal en samestelling van lede asook besonderhede van die raad aan die Departement van Arbeid bekend maak.
- 'n organisasie sonder winsbejag moet wees. Dit bepaal dat die finansies bestuur word in die belang van lede. Die finansiële state moet jaarliks ge-oudit word deur 'n ouditeur volgens die maatstawwe en standaarde van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyke, beginsels en prosedures. Dit moet ook ingedien word by die Registrateur van Arbeidsverhoudinge by die Departement van Arbeid.

Tipiese dienste van 'n geregistreerde werkgeversorganisasie

Vanuit bogenoemde kriteria kan duidelik afgelei word dat 'n geregistreerde werkgeversorganisasie die omvattendste diens kan lewer om arbeidsrisiko te bestuur. Die hoofdoel van 'n geregistreerde werkgeversorganisasie is om te verseker dat sy lede, as werkgevers, deurlopend voldoen aan die vereistes gestel deur arbeidswetgewing en hul ondernemings binne hierdie riglyne moet bestuur. Sodoende word arbeidsrisiko geminimaliseer.

Tipiese dienste sluit in:

Dienskontrakte word verskaf

Die dienskontrak is die basis van die verhouding tussen die werkgever en die werknemer. Dit bevestig skriftelik die diensvoorwaardes waarop ooreengekom is tydens die aanstelling. Dit is uiters belangrik dat die werkgever die regte tipe dienskontrak (permanent of vaste termyn) implementeer en seker maak dat die inhoud daarvan voldoen aan toepaslike arbeidswetgewing.

Die werkgever kan ook arbeidswetgewing tot sy/haar voordeel gebruik deur proaktiewe klousules by die dienskontrak in te sluit om moontlike toekomstige dispute te bestuur. Hierdie klousules verwys na:

- tydspannes (aftree-ouderdom, korttyd, daaglikse rusperiodes en 'n proeftydperk),
- toestemming (aftrekkings, mediese of alkoholtoetsing, kameras in die werksplek en die deursoek van persoonlike besittings), akkommodasie as 'n diensvoordeel, vertroulikheid en handelsbeperkings.

Arbeidsregtelike dokumentasie word verskaf

Alle arbeidsregtelike dokumentasie word verskaf wat aan toepaslike wetgewing voldoen en die werkgever se belange beskerm. Die dokumentasie verwys na ooreenkomste, wetgewing, plakkate, beleide en prosedures, waarskuwings, kennisgewings, vakbonddokumentasie, stakingsdokumentasie, personeelvermindersingsdokumentasie, ensovoorts.

Daarstel en implementering van reëls in die werksplek

Reëls in die werksplek word geïmplementeer deur die dienskontrak en beleide. Elke werksplek is uniek kragtens uitdagings en operasionele vereistes, dus ontstaan daar dikwels 'n behoefte aan spesifieke reëls om orde en struktuur te verleen in die werksplek.

Toepassing van dissipline

Dit is baie belangrik dat elke werksplek 'n relevante dissiplinêre kode het. Dit verseker dat duidelike reëls met toepaslike sanksies in die werksplek is wat werknemers kan volg. Wanneer werknemers die reëls oortree, het die werkgewer die reg om op te tree.

Daar is verskillende tipes wangedrag in die werksplek wat wissel van minder ernstige oortredings tot baie ernstige oortredings.

Die erns van die oortreding word beïnvloed deur die werknemer se tipe werk en verantwoordelikheid. Die moontlike of duidelike gevolge van die oortreding, asook die impak van die oortreding op die werkgewer-werknemer-vertrouensverhouding moet ook in ag geneem word.

Dit is uiters belangrik dat die korrekte prosedures met betrekking tot konsultasie en progressiewe dissipline altyd gevolg word. Alle dissiplinêre verhore moet ook substantief en prosedureel billik wees.

Bystand met vakbondonderhandelinge

'n Vakbond moet vasgestelde prosedures volg om aanspraak te kan maak op regte wat die vakbond in die werksplek wil uitoefen. Dit is uiters belangrik dat die werkgewer met die vakbond konsulteer om 'n erkenningsooreenkoms te sluit wat die bepalings en voorwaardes stipuleer waarop ooreengekom word.

Bystand met stakings

Stakings het 'n groot impak op besighede se winsgewendheid en voortbestaan, asook die groter ekonomie. Werknemers het die reg om te staak, maar moet die korrekte prosedures volg, anders word die staking as onbeskermd geag, wat 'n ontslagbare oortreding is.

Herstrukturering en personeelvermindering


Werkgewers moet daarop let om altyd die korrekte prosedures te volg as dit kom by herstrukturering of personeelvermindering om risiko te beperk.

Bystand met Departement van Arbeid-ondersoek

Die verpligtinge wat arbeidswetgewing aan werkgewers stel, is nie onderhandelbaar nie en werkgewers kan ernstige boetes en selfs tronkstraf opgelê word deur die Departement van Arbeid in die gevalle van nie-nakoming. Dit is dus duidelik dat dit uiters belangrik is om op hoogte te bly en te voldoen aan die vereistes van arbeidswetgewing.

Die klem word ook daarop gelê dat arbeidsverhoudinge proaktief bestuur word.

Die beste manier om hierdie besigheidsrisiko aan te spreek is om dit uit te kontrakteer aan spesialiste in arbeidsreg. Dit stel die werkgewer in staat om op sy/haar primêre besigheidsaktiwiteite te fokus.



Dienskontrakte beskerm beide werkgewer en werknemer

'n Vastetermykontrak is 'n kontrak wat geldig is vir 'n spesifieke periode, of vir die voltooiing van 'n spesifieke projek/taak, waarna die kontrak en diensverhouding outomaties tot 'n einde sal kom.

Dit is uiters belangrik dat werkgewers onderskeid tref tussen wanneer 'n vastetermykontrak en wanneer 'n permanente kontrak gebruik moet word om hul besigheidsrisiko in terme van arbeid te beperk.

Tipiese gebruik van 'n vastetermykontrak sluit in: 'n spesifieke projek/taak, soos byvoorbeeld die bou van 'n huis of seisoenale werk; en 'n spesifieke periode, soos byvoorbeeld wanneer 'n persoon instaan vir 'n werknemer wat met siek- of met kraamverlof is.

Dit is belangrik dat die werknemer nie vir langer as die ooreengekome tydperk dienste verskaf nie, aangesien die werknemer dan outomaties deur hoër gesagte as 'n permanente werknemer gesien kan word.

'n Vastetermykontrak mag nie gebruik word om 'n persoon se prestasie te monitor en te evalueer alvorens die persoon permanent in diens geneem word nie.

Dit word dan geag as misbruik van 'n vastetermykontrak.

In so 'n geval word werkgewers aangeraai om eerder 'n permanente kontrak met 'n proeftydperk-klausule vir 'n nuwe werknemer te gee. So 'n klausule maak voorsiening daarvoor dat die persoon eers gemonitor en geëvalueer sal word voordat die permanente indiensneming bevestig word.

Let daarop dat daar op 'n gereelde basis met die werknemer gekonsulteer moet word (op skrif) rakende sy/haar prestasie tydens hierdie proeftydperk.

Werknemers moet ook nie op 'n reeks vastetermykontrakte aangestel word nie, aangesien daar 'n verwagting by die werknemer geskep kan word dat die kontrak weer hernu sal word aangesien dit in die verlede hernu is.

Die werknemer kan die saak na die KVBA verwys as 'n nie-hernuwing van 'n vastetermykontrak-dispuut. Die bewyslas is dan op die werkgewer om te bewys hoekom die kontrak nie hernu is nie en dat daar geen verwagting van hernuwing geskep is nie.

Kry alle prosedures in plek

Prosedures in die werksplek verwys na 'n vasgestelde of amptelike wyse waarop 'n situasie hanteer moet word. Prosedures het ten doel om beide die werkgewer en werknemer in te lig rondom die nodige stappe wat geneem moet word wanneer 'n spesifieke insident plaasvind. Arbeidswetgewing is van toepassing op beide werkgewers en werknemers. Die primêre doel van arbeidsverhoudinge in die werksplek is om die omgewing te reguleer ten einde billikheid in die werksplekte handhaaf. 'n Grieweprosedure word nie gereguleer deur arbeidswetgewing nie, maar dit is uiters belangrik dat die werkgewer interne kommunikasieprosedures vestig. Die werknemer moet die geleentheid gegun word om enige ongelukkigheid of onbevredigende werksomstandighede onder die werkgewer se aandag te bring. 'n Geordende en positiewe werksomgewing dra direk by tot produktiwiteit. Daar word dus sterk aanbeveel dat werkgewers 'n grieweprosedure in die werksplek implementeer.

Wat is 'n grief?

'n Grief is enige gevoel van ontevredenheid by 'n werknemer met betrekking tot die werkgewer, werksomgewing, medewerkmers of enige ander aspek van die diensverhouding. Let wel dat ontevredenheid met betrekking tot diensvoorwaardes, vergoeding, die toepassing van dissipline of personeelvermindering nie as 'n grief geag word nie. Dus kan die bogenoemde nie deur die grieweprosedure aangespreek word nie.

Wie mag 'n grief rig?

Elke werknemer, ongeag sy/haar posvlak, het die reg om 'n grief te rig. Wanneer 'n werknemer 'n grief rig, mag hy/sy bygestaan word deur 'n medewerknemer of verteenwoordiger. Werknemers is egter huiwerig om griewe te lug. Dit dra dan weer by tot ongelukkigheid en onbevredigende werksomstandighede.

Wat is die doel van 'n grieweprosedure?

- Die doel van die grieweprosedure is om eerstens 'n harmonieuse werksomgewing te skep. Dit word bereik deur enige ontevredenheid of gevoel van onreg by 'n werknemer te identifiseer en op te los.
- Tweedens beskerm die grieweprosedure die werkgewer in gevalle van konstruktiewe ontslag. In so 'n geval sal die KVBA altyd vra of daar 'n grieweprosedure was wat die werknemer kon volg. Konstruktiewe ontslag verwys na wanneer 'n werknemer bedank as gevolg van onuithoudbare werksomstandighede.

Hoe werk die grieweprosedure?

Die grieweprosedure verwys na hoe 'n grief hanteer moet word. Dit verwys ook na verskillende stappe indien die saak nie gedurende die eerste stap opgelos kan word nie.

Elke werksplek is uniek met betrekking tot werkwyses en uitdagings. Daarom word aanbeveel dat die volgende stappe as 'n riglyn gevolg word om te verseker dat 'n grief op 'n billike manier hanteer word.

Stap 1: Die werknemer moet 'n grief skriftelik of mondelings binne twee dae ná die insident na die toesighouer verwys. Indien die grief teenoor die toesighouer is, moet die werknemer die grief na die assistentbestuurder of volgende vlak van senioriteit verwys.

Stap 2: Indien die grief nie opgelos word binne twee dae hierna nie, moet die grief amptelik verwys word na die assistentbestuurder of die volgende vlak van senioriteit. Die werknemer mag 'n medewerker vra om hom/haar by te staan of te verteenwoordig.

Stap 3: Indien die grief nie opgelos word binne twee dae hierna nie, moet die werknemer die grief na die bestuurder of volgende vlak van senioriteit verwys.

Stap 4: Indien die grief nie opgelos word binne twee dae hierna nie, moet die werknemer die grief na die werkgewer verwys. Die werkgewer moet die grief ondersoek en 'n besluit neem binne vyf dae. Die werkgewer se besluit is finaal en bindend.

Wees proaktief!

Wees proaktief deur op die volgende drie aspekte te fokus:

- Maak seker dat daar 'n grieweprosedure geïmplementeer is in die werksplek. Maak ook seker dat alle werknemers bewus is van die prosedure, asook van elkeen se reg om 'n grief te rig. Beleide en prosedures word normaalweg saam met die dienskontrak geïmplementeer wanneer 'n werknemer aangestel word. Andersins kan die werkgewer die beleid of prosedure bespreek tydens 'n vergadering. Die werknemers moet 'n bywoningsregister teken as bewys van hul bywoning van die vergadering.
- Maak seker dat griewe konsekwent, vertroulik, regverdig en spoedig hanteer word.
- Dit is in die werkgewer se belang om werknemers aan te moedig om griewe te rig deur interne kommunikasieprosedures te volg. Sodoende kan ontevredenheid in die werksplek aangespreek en beperk word sodat optimale produktiwiteit gehandhaaf kan word.

Die grieweprosedure speel 'n belangrike rol in die werksplek. Dit stel die werkgewer in staat om griewe intern te hanteer ten einde 'n oplossing te vind wat vir albei partye aanvaarbaar is.

Die verhouding tussen 'n werkgewer en werknemer is gebaseer op wedersydse respek en voordele en dit is in albei se belang dat hierdie status quo gehandhaaf word.

Duidelike reëls en riglyne verseker dat wrywing en misverstande beperk word. Dit sal produktiwiteit verhoog en 'n positiewe werksomgewing bevorder.

Nuutste presteerder in die geelmieliemark

SNK220-65BR

- Geskik vir verbouing onder droëland en besproeiing
- Medium tot vinnige groeiseisoenlengte
- Medium tot hoë plantpopulasie
- Groeikragtige saailing wat sterk opkom
- Staygreen-eienskap bevorder laatseisoen-staanvermoë
- Uitstekende graankwaliteit



syngenta[®]


SENSAKO

Syngenta is een van die wêreld se toonaangewende maatskappye met meer as 26,000 werknemers wat toegewy is aan ons doel: Om plantpotensiaal lewend te maak.

 syngenta.co.za  **SENSAKO**  **SENSAKO**

Bethlehem +27 (0) 58 303 4690

®

Skep 'n wenkultuur in jou familieonderneming

deur André W Diederichs

Kern-sakelesse om te verseker dat jou familieonderneming vir toekomstige generasies bewaar word.

In my vorige artikel het ek verwys na Gareth Ackerman van Pick 'n Pay se uitdaging om hul strategie te verander. Die kultuur in Pick 'n Pay was teenstrydig met die nuwe manier van dinge doen. Ek gaan vandag voort om verder uit te brei oor die belangrikheid van 'n WENKULTUUR.

Familieondernemings en ander organisasies ontwikkel oor tyd 'n KULTUUR van hoe dinge gedoen word. As die KULTUUR op GOEIE GEWOONTES (PRAKTYKE) gebaseer word, dan skep ons 'n WENKULTUUR. Sou SLEGTE GEWOONTES egter oor tyd gevestig raak, dan skep ons 'n VERLOORKULTUUR.

Kinders wat betrokke raak by die familieonderneming kan soms kanse vat omdat hulle mag dink dat die familie meer toegeeflik teenoor bloedverwante is. Pasop hiervoor! Dit skep 'n kultuur van kanse neem, want ander werknemers, familieledede en nie-familie, kan die slegte gewoontes begin na-aap sonder rede of begrip. "Monkey see, monkey do."

Kom ons kyk na 'n praktiese voorbeeld. Boetie is 'n kranige gholfspeler en word genooi om op 'n Vrydagmiddag saam met sy maters te gaan gholf speel. Dit raak lekker en hulle spreek af om die volgende Vrydag weer te gaan saam speel. Twee maande later het die Vrydag-gholf-gewoonte 'n instelling begin word. Die familie en ander werknemers wat betrokke is, neem die gedrag waar en begin ook laks raak om Vrydae te werk. Op hierdie wyse word 'n verloorkultuur gevestig.

Die eienaar-bestuurder – dit kan Pa of Ma wees – wat kinders se werk moet bestuur, word gedwing om twee hoede te dra: die familiehoed en die sakeonderneminghoed. Dit is nie altyd 'n maklike taak nie. Dit is egter baie belangrik dat daar 'n gesonde balans tussen die familie se behoeftes en die sakeonderneming se belange gevestig word. Dit verg dissipline en dit is belangrik dat kinders wat die bestaande bestuur sal opvolg, deur die familieonderneming se werknemers gerespekteer moet word. Opvolgers se optrede in die werksplek word deur almal waargeneem. Pligsgetroetheid van die bestuur lei tot pligsgetroetheid van die volgelinge. Die teenoorgestelde is ongelukkig ook waar.

'n Wenkultuur begin by die familie se kernwaardes. Families het normaalweg waardes wat hoogs persoonlik is. Dit is belangrik dat die familie ooreenkom oor hul kernwaardes en dat hierdie waardes in die werksplek toegepas word.

Indien dit effektief toegepas word, sal dit oor tyd lei tot gedeelde oortuigings, houdings en ideale wat die familieonderneming infiltreer.

Waardes moet egter beide geloofwaardig en konsekwent wees.

Die familie moet glo in die waardes alvorens dit blywend sal wees. Die waardes moet die toets van die tyd deurstaan, soortgelyk aan 'n huweliksbelofte – vir beter, vir slegter; vir ryker, vir armer; in siekte en in gesondheid. Slegs dan kan die waardes die kultuur van die sakeonderneming infiltreer.

'n Maatskappy se kultuur, op sy beste, is 'n sigbare manifestasie van waardes wat goeie orde vir die sakeonderneming skep. Dit vestig 'n kultuur wat die familie en ander werknemers aanmoedig om goeie gedrag te openbaar en om swak gedrag te ontmoedig. Wanneer die kernwaardes behoorlik met gedrag belyn is, kan hierdie wenkultuur heelwat positiewe energie ontketen en 'n organisasie se vermoë om te floreer bevorder.

Goeie waardes is permanent en as dit langdurig toegepas word, dan vestig dit 'n wenkultuur in die familieonderneming. Dit is egter van kardinale belang dat familieondernemings moet kan aanpas as die markplek dit noodsaak.



Sou 'n familieonderneming die manier waarop dinge gedoen word, moet aanpas omdat die vraag in die mark verander, dan moet die familieonderneming se kultuur buigsamheid toelaat. 'n Wenkultuur vereis dus ook 'n buigsame kultuur. Die bestuur van 'n familieonderneming moet self buigsamheid illustreer as hulle van hul volgelinge verwag om aan te pas. Familieondernemings is, anders as korporatiewe organisasies soos Absa, ook eienaars van hul sakebelange. Leiers in 'n familieonderneming het dus persoonlike belange. Hulle moet dus seker maak dat die kultuur in die sakeonderneming sodanig gevestig word dat dit noodsaaklike veranderende sakepraktyke kan akkommodeer. Om suksesvol te bly is dit dus nodig om 'n kultuur van nuuskierigheid en 'n openheid vir verandering te omhels en in die familieonderneming te vestig.

In 'n volgende artikel sal ons fokus op die vyf stappe wat gevolg moet word om 'n wenkultuur in jou familieonderneming te vestig. Onthou, as jy nie weet waar jy wil eindig nie sal jou aandag langs die pad afgelei word, wat dit moeilik sal maak om 'n wenkultuur te vestig.

Is 'n skuif vanaf mielies na **sojabone** die oplossing vir **winsgewendheid?**



deur **Christiaan Vercueil**, intern: Toegepaste Ekonomie, Graan SA

Die heel eerste sojaboonproewe in Suid-Afrika is in 1903 in Natal en op twee plekke in die Transvaal geplant – die Springbokvlakte en Skinner's Court (Aoyagi, 2007). Sojabone is oorspronklik in Suid-Afrika beproef weens die tekort aan 'n rotasiegewas vir mielies. In 1908 het die rede vir die aanplanting van sojabone egter drasties verander toe Britse maatskappye hulle begin toespits het op Britse kolonies vir die verkryging van sojabone vir sojaolie.

Daar word geglo dat mielies se oorsprong in Suid-Amerika was, waar die stamme van ouds hierdie gewas geteel het. Die gewas het sy weg gevind tot in Noord-Amerika, waarna dit in die 15de eeu ná die eerste kontak tussen Europeërs en inheemse Noord-Amerikaanse stamme, na Europa vervoer is. Mielies is heel moontlik aan Afrika voorgestel deur Portugese reisigers en sendelinge.

Met hierdie bietjie geskiedenis in ag geneem, is mielies en sojabone onderskeidelik eerste en derde op Suid-Afrika se lys van mees geproduseerde gewasse. Die moontlikheid bestaan dat sojabone binnekort een plek kan opskuif en koring uitstof om die tweede plek.

Mielie- en sojaboonproduksie

Mielies is nou al vir 'n geruime tyd Suid-Afrika se mees geproduseerde gewas. Oor die afgelope vyf jaar word daar gemiddeld meer as 14 miljoen ton se mielies op meer as 2,5 miljoen ha geproduseer, met mielies wat 'n stapelvoedsel vir die land is. Sojaboonproduksie het begin toeneem vanaf die 1996-'97-seisoen en het sedertdien eksponensieel uitgebrei weens sy menslike en dierlike toepassing – met geen einde in sig nie.

Sojaboonaanplantings het in die afgelope vyf jaar 'n ongelooflike toename van 18% getoon en produksie het met 36% gegroei. Hierdie uitbreiding kan toegeskryf word aan die gewas se verhoogde winsgewendheid, sy funksie as rotasiegewas vir mielies (wat in die proses stikstof bind), sy kleiner kunsmisbehoefte en sy vermoë om oortollige water beter te hanteer as mielies.

Winsgewendheid

In die huidige nat toestande en warm markomgewing blyk dit dat die aanplanting van sojabone in die nabye toekoms meer winsgewend gaan wees as mielies. Die redes hiervoor sluit die volgende in:

- Minder bewerking van lande, dus laer dieselonkoste (ongeveer 10% van totale insetkoste).
- Laer saadpryse as mielies (omtrek 10% van totale insetkoste).
- Kleiner kunsmisbehoefte (sowat tussen 30% en 50% van totale insetkoste).
- Minder chemieverbruik (omtrek 5% van totale insetkoste).
- Volgens Graan SA se beramings is sojabone se insetkoste tussen 25% en 35% goedkoper as mielies se insetkoste.

Boerdery, net soos enige ander besigheid, is uiteindelik winsgedrewe en moet bestuur word om die grootste moontlike wins te behaal. Daarom is daar tans baie gewilligheid om mieliehektare met sojaboonhektare te vervang om die inkomstestaat te laat klop.

	MIELIES	SOJABONE	TOTAAL
Verbruik en pyplynvoorraad (ton)	11,45 miljoen	1,8 miljoen	13,3 miljoen
Hektare benodig om aan vraag en pyplyn te voldoen	2,3 miljoen	850 000	3,2 miljoen
Hektare aangeplant	2,6 miljoen	925 300	3,5 miljoen
Surplushektare	300 000	75 300	375 300

Plaaslike mielie- en sojaboonverbruik

Daar word voorspel dat Suid-Afrika se mielieverbruik vir die 2022-'23-seisoen 'n totaal van 11,45 miljoen ton gaan bereik. Dit wil sê dat teen die huidige gemiddelde opbrengs word slegs 2,3 miljoen ha benodig om aan plaaslike vraag en 'n pyplynvoorraad van 1,5 maande te voldoen. Daar word tans 2,6 miljoen ha aangeplant. Plaaslike sojaboonverbruikvoorspellings toon dat 1,81 miljoen ton se sojabone verbruik sal word. Dit beteken dat slegs 850 000 ha benodig word om aan plaaslike verbruik en die pyplynvoorraad te voldoen. Tans word daar 925 300 ha aangeplant.

Dus is daar omtrent 375 300 ha beskikbaar om óf sojabone óf mielies te plant (in 'n ideale wêreld waar al hierdie hektare beide gewasse kan ondersteun)

Implikasie van meer sojaboonhektare

Grafiek 1 toon duidelik dat die Safex-prys vir sojabone vir lang periodes onder uitvoerpariteit kan verhandel. Die rede vir hierdie prysbeweging is dat as sojabone nie uitgevoer kan word nie, kan voorraad plaaslik opbou wat pryse onder druk plaas. Met die gebrek aan 'n uitlaatklep vir hierdie produk, word pryse aanhoudend afgedruk totdat die plaaslike voorraad verlaag.



Grafiek 1: Prys van Argentynse sojaboonsaad afgelewer in Randfontein.

Die Suid-Afrikaanse sojaboonbedryf sal dus die fokus moet plaas op uitvoermarkte, logistiek en kapasiteit in die hawens om mielies (wit en geel), koring en sojabone te hanteer. Daar is reeds baie markte vir sojabone en die Chinese mark behoort ook eersdaags oop te wees vir Suid-Afrikaanse sojaboonuitvoere. Aan die ander kant sal mielievoorraad plaaslik afneem, wat pryse kan ondersteun nader aan invoerpariteit. 'n Groot verskuiwing vanaf mielies na sojabone sal moontlik die winsgewendheid van sojabone benadeel indien Suid-Afrika nie gerat is om genoegsame hoeveelhede sojabone uit te voer nie. Indien so 'n verskuiwing plaasvind, moet die produsent die huidige sterk pryse benut en homself verskans teen hierdie moontlikheid om sy winsgewendheid te beskerm – en dus die skuif die moeite werd te maak.

Interessantheidshalwe

Met die huidige toestand van Suid-Afrika se uitvoerkapasiteit sal dit voordelig wees om mieliehektare met sojaboonhektare te vervang. Die rede hiervoor is dat sojabone 'n kleiner opbrengs as mielies gee. Dit sal dus moontlik wees om met dieselfde totale aantal hektare minder produk uit te voer. Dit sal die druk op hawens verlig, met die hoeveelheid geld wat die produk genereer wat dieselfde sal bly.

Bron

Aoyagi, WS. 2007. History of Soy in Africa – Part 2. Retrieved from SOYINFO centre: <https://www.soyinfocenter.com/HSS/africa2.php>



JOU NAATLOSE VOERVLOEIPAKKET VANAF 'N ENKELE BRON

Ons voergewasse bied hoë produktiwiteit, drakrag en smaaklikheid vir alle veeproduksiestelsels – van vleis- en melkbeeste tot skaapproduksie en die afronding van speenkalwers en -lammers. Die uitsonderlike pakket sluit eenjarige raaigras, meerjarige raaigras, Japannese radys, hawer, korog, stoelrog, voersorghum, tef en lusern in.

ONS IS STANDVASTIG AAN JOU, DIE BOER VERBIND.



*Saam boer ons
vir jou toekoms™*

www.pannar.com



Bemesting

– bou voort op dekgewasse se impak

deur Fritz Otto, onafhanklike regeneratiewe landboukundige



Dit is verblydend om te sien hoeveel produsente dekgewasse in hul produksiestelsels inbring, hetsy slegs om heelyd aktiewe wortels in die grond te hê vir heeljaarmedekking of in kombinasie met 'n beweidingsstelsel.

Die optimale benutting van dekgewasse is 'n omvattende onderwerp. In hierdie artikel word gefokus op graanproduksie-bemesting na afloop van 'n dekgewas-aanplanting.

Voordele van dekgewasse vir grondvrugbaarheid

- Stabilisering van biomassa-produksie met plant- en grondbiodiversiteit (Yang et al., 2021).
- Opruiming van nitraatstikstof (nitraat-N) om weer omgesit te word na ammonium-N vir effektiewe aminosuurvorming asook heelparty ander minerale wat met monokultuurtoepassings in die grond vasgelê word.
- Dit maak fosfate en kalsiums meer oplosbaar. Hierdie mineraalimmobilisering en mineraliserings-tempo's neem toe en daarom is meer minerale "sigbaar" vir 'n plant vir opname op enige gegewe stadium.
- Binding van natrium in die organiese matriks sodat kompetisie met kalium verminder.
- Gronde ontwikkel stadig na meer fungus-gedomineerde toestande. Dit beteken die biologie in die grond se samestelling verander sodat klimaks-plant (wat kos vir mens en dier is) se genome van mikroorganismes wat eie is aan dié plante net soveel makliker kan funksioneer en dus kommersiële graanproduksie ondersteun. Hier word verwys na grond- biologiese opvolg-ontwikkeling. (Genoom = komplement van grondorganismes wat gewoonlik saam met 'n spesifieke plantspesie aangetref word.)
- Met dekgewasse is onkruid se genome minder goed aangepas. Daar is dus toenemende druk op onkruid (wat aanduidend is van wanbalanse) se aanpasbaarheid in fungusgedomineerde gronde. Dekgewasse is een van die min metodes om met 'n veeldoelige benadering druk te plaas op onkruidaanpasbaarheid in kommersiële graanproduksiestelsels.
- Verskillende spesies nematodes kom terug in balans sodat die getalle van herbivoriese aalwurm onder druk geplaas kan word deur predatoriese aalwurmspesies. Bakterie- en fungusaalwurmspesies kan effektief met die herbivoriese aalwurmspesies vir spasie rondom ontwikkelende plantwortels kompeteer.
- Humus kan weer gevorm word aangesien fungi aktief raak. Mikorisa is 'n belangrike fungus wat onder meer die funksie van glomalienvorming vervul (die taaiërige stof wat aanleiding gee tot grondstruktuurvorming).
- Dekgewasse lei tot meer wateroplosbare koolstof (C) in die grond wat bydra tot N-omskakeling na aminosure.
- Gronddeurlugting en verbeterde wortel-ontwikkeling met grondstruktuurvorming verminder erosie radikaal en verhoog die waterhouvermoë van die grond.



Impak van dekgewasse se voordele op graangewasse

Vervolgens die impak van die dekgewas se voordele op die volgende graangewas se produksievermoë en die aanpassing op die bemestingspraktyk om nie net voordeel te trek uit die dekgewas nie, maar ook om voort te bou op die "goeie" werk daarvan:

- Biodiversiteit verkry vanaf 'n kombinasie van dekgewasse (wanneer korrek toegepas) het 'n indrukwekkende impak op grondbiologie en gevolglik op die opvolgende monokultuurgewasse.
- Die verhoogde koolstofmatriks van verskillende organiese materiaalstipes en gepaardgaande biologiese diversiteitsherstel, impliseer meer N-vrystelling (ammonium-N) vanuit die organiese-materiaalmatriks, wat effektief omgeskakel kan word na aminosure – plante se eerste keuse van N-opname.
- Dekgewasse sonder enige chemiese kunsmis-toediening dra by tot die herstel van grond. Die toediening van chemiese stowwe tydens konvensionele produksiepraktyke ondermyn nie net biodiversiteit nie, maar onderdruk ook belangrike ensiemgedrewe stelsels. Hierdie metaboliese stelsels begin nou weer funksioneer in die opvolgende gewasse.
- Vry nitrate word eweneens deur dekgewasse opgeneem. In die afwesigheid van sintetiese N-insette, word hierdie vry nitrate van vorige produksie-aktiwiteite deur dekgewasse gereduseer en uiteindelik as ammonium-N vrygestel. As voorbeeld het die vry nitrate vanuit 'n mielieproduksiesiklus 'n radikale impak op nodulering in sojaboonproduksiestelsels.

- Dit is daarom ook 'n goeie plan om eerder 'n sojaboonsiklus in opvolg ná 'n dekgewas-aanplanting in te bring vir effektiewe nodulering. Dit lei tot die opbou van N vir byvoorbeeld die mieliesiklus asook meer oplosbare fosfor (P) en kalsium (Ca).
- Die ontwikkeling van meer swamgedrewe gemeenskappe in die grond dra by tot verhoogde mineralisering van minerale en ander organiese sure, soos aminosure, vetsure, fulviensure en suikers. Laasgenoemde verbeter die N-benuttingseffektiwiteit van die opvolgende gewas aansienlik.

Bemesting van graangewasse ná 'n dekgewas

Gesien in die lig van bogenoemde biologiese en chemiese stelsels en as die volgende stap vanaf dekgewas na hoë-inkomstegraangewas, kan die volgende praktyke voortbou op die "goeie werk" van die dekgewas:

- Neem grondontledings wat sekere praktyke sal uitwys.
- Die ontledings moet bo en behalwe die gewone mineraalontledings (sluit mikrominerale hierby in as gevolg van die massiewe impak op plant-metabolisme) ook die ammonium-N- en nitraat-N-vlakke uitwys. Op die Hoëveld moet ook aluminium en veral die wateroplosbare C-fraksie ontleed word, wat 'n aanduiding is van grondgesondheid en die potensiele benutting van sintetiese N-insette.
- Toetse vir aalwurm-, swam- en bakterie-gemeenskappe asook die verhouding tussen hulle sal dien as aanduiding van hoe die dekgewas in wisselboustelsels kan bydra tot verbeterde grondvrugbaarheid.
- Die produsent wat wil sien of sy probiologiese praktyke werk, kan dit nou op 'n gereelde basis toets – jaar op jaar is wenslik. Die verskille van seisoen tot seisoen is vinnig en word in 'n variasie van veranderlikes "gelees" – 'n regeneratief-georiënteerde landboukundige kan hiermee help.
- Die koste van die addisionele inligting en frekwensie van metings kan vereis dat die aantal hektaar per monster toeneem vir dieselfde koste, maar die waarde daarvan sal oor drie jaar geregverdig wees. 'n Ander manier is om die koste van 'n analise een maal in drie jaar per oppervlakte aan te pas na dieselfde koste met 'n jaarlikse monster oor 'n driejaarperiode.
- Die meer gereelde toediening van kleiner hoeveelhede mikrofyn kalk het nie so 'n groot impak op grondchemie en grond-pH nie en lei tot verbeterde mineraalbesikbaarheid deur verlaagde vasleggingspotensiaal.
- Hier word spesifiek verwys na onnodige hoë pH-toestande en die gepaardgaande effek op onbesikbaarheid van mikrominerale soos sink (Zn), yster (Fe), boor (B), koper (Cu) en mangaan (Mn), wat noodsaaklik is vir ensiemaktiwiteite in gesonde plante en die onderdrukking van vele plantsiektes.

- Hieruit vloei die logiese redenasie dat produ-sente bedag moet wees op die pH van die kunsmis-mengsels wat hulle in die konvensionele graan-siklus gebruik. Mik vir pH-gebufferde produkte wat nie sal lei tot grondversuring nie en dus ook nie soveel druk op onnodige kalkaanvullings plaas nie.
- Hierdie gereelde metings raak nou deel van 'n meer akkurate bestuursprogram. Die produsent het 'n groter bewustheid van die seisoenale beskikbaarheid van minerale en biologiese aktiwiteit en is nie meer afhanklik van 'n stel ontledings elke drie jaar waar groot hoeveelhede kalk moontlik toegedien moes word met ge-paardgaande effekte nie.
- Dit is wenslik om dekgewasse slegs te "bemes" en te ondersteun met organiese tipe misstowwe. Dit sal die aktiwiteit van die grondbiologie verhoog, maar ook die dekgewasplante toelaat om hul "werk" reg te doen. Dit is beslis voordelig om tydens hierdie siklus ook te "bemes" met mikro-minerale (tekorte uitgewys deur gereelde ontledings). Dit is altyd goed om organies gecheleerde mikrominerale te gebruik wat maklik en effektief beskikbaar is vir gebruik deur mikroörganismes.
- Natuurlik is die afbreek van gifstowwe 'n uitvloeisel van verhoogde mikrobiologiese aktiwiteit in die grond en moet uiteraard gesien word as 'n belangrike komponent om voorsiening voor te maak.

Bemestingsbesparingspraktyke

'n Algemene reël en praktyk wat sover belowende veldresultate wys, maar nog proefwerk benodig vir strenger toepassing, is die volgende: Ontledings wat sowat twee maande tot vier maande voor planttyd gedoen is, toon vrystelling van 15 kg N vanuit 0,5% organiese materiaal asook 'n verdere 5 kg N vanaf ammonium en 10 kg N vanaf nitraat. Van hierdie N is slegs 90% beskikbaar omdat 10% gebruik word om die grond te buffer. As voorbeeld: Die gewasbehoefte is 13 kg N/ton mielies in 'n sekere area en die produsent mik vir 'n mielie-opbrengs van 6,5 ton.

Berekening: $6,5 \times 13 - 90\% \times (15 + 5 + 10) = 57,5 \text{ kg N}$
 Hierdie sal in sommige kringe as riskant en ander kringe as konserwatief gesien word. Die grys area hier is egter gesetel in die N-benuttingseffektiwiteit wat afhanklik is van die ensiem-effektiwiteit vir N-metabolisme, die mikroörganismes wat die metabolisme moet waarneem asook energie afkomstig vanaf eksterne koolstofbronne, byvoorbeeld humate, kelp- en vishidrolisate, melasse en basiese enige bron van organiese afval. Dekgewasstelsels sal al die bogenoemde stelsels ondersteun. 'n Dekgewasbestuurstelsel sal aansienlik meer vir die grond beteken indien 'n veekomponent daarmee geïntegreer word. Dit is as gevolg van die effek wat vee op die plante se afskeidings van voedingstowwe in die grond het wat bydra tot verhoogde mikrobiologiese aktiwiteit in die grond. 'n Laaste belangrike punt is om die effek van die dekgewas voort te sit deur 'n koste-effektiewe mikrobiologiese produk by te voeg tydens planttyd, wat die mikroörganismes in die grond ondersteun. Die biologiese insette kan verdiskonteer word teen die besparing soos hierbo aangedui, solank as wat dié insette bydra tot N-benuttingseffektiwiteit wat dan sal voortbou op die voorafgaande dekgewasgroeisiklus. Dekgewasse se impak op die mikroörganisme-samestelling van die grond is die uitstaande faktor wat die nodigheid van dié soort gewasse beklemtoon in 'n produksiestelsel.

Opvolgende bemestingspraktyke met kommersiële graangewasse sal óf voortbou op die voordele van dekgewasse en integrasie van diere óf die grond sal stelselmatig verval in grond- biologiese opvolgontwikkeling, waarvan onkruiddruk 'n simptoom is. Een van die belangrike afleidings en ondervinding van hierdie benadering is verhoogde skepel-gewig in grane en dus 'n aanduiding van kwaliteitvoedingstowwe per volume graan.

Hierdie artikel het verskyn op die webblad <https://sagrainmag.co.za/>



Mielies se geskiedenis begin in Mexiko

deur Wilma Bedford

Wie van ons hou nie van 'n gekookte of gebraaide mielie op die stonk bedruip met botter nie? Maar het jy al gewonder waar mielies vandaan

kom, behalwe van die supermark af of – as jy gelukkig is – direk van die boer se plaas af? Mielies is reeds 7 000 jaar gelede verbou en is eie aan Suid-Amerika. Die Mexikane het 'n plat brood van gemaalde mielies gemaak en dit op kole gebak, vandaar tortillas.

Toe die Spanjaarde in Mexiko voet aan wal sit, onder meer met die doel om die inwoners te kersten, was hulle verbaas om te sien dat die kruis deel van die Mexikane se aanbidding uitmaak.

Die kruis het egter nie 'n Christelike betekenis gedra nie, maar het verband gehou met die mielie wat hul stapelvoedsel was. Hierdie kruis was 'n simbool van die mielie wat soos 'n man sterk groei, met sy kop regop en sy arms uitgestrek na die hemel.

Ná die kerstening het die verband met die mielie bly voortbestaan in die nagmaalswafelkoekie wat van mieliemeel gemaak word en wat die verwisselbaarheid tussen die liggaam van Christus en die heilige mielieplant simboliseer.

Die Portugese seevaarders het mielies saam op hul reise na Indië geneem, vanwaar dit na Pakistan gegaan en die Syroete binnegedring het en teen die 16de eeu is mielies in Indonesië, Siam (nou Thailand) en die Filippyne gevestig.

Mielies kom ook uit Suid-Amerika saam met Portugese slawehandelaars in Oos-Afrika aan en vandaar neem die Arabiese handelaars dit na Noord-Afrika en die Mediterreense lande.

Teen die 18de eeu versprei mielies na sentraal-Afrika waar dit 'n gesogte graan word omdat dit redelik droogtes en sprinkane kan weerstaan.

Teen die 19de eeu word mielies Afrika se stapelvoedsel.

In Suid-Afrika, waar hoofsaaklik witmielies en ook geelmielies verbou word, is ons nie eintlik bewus daarvan dat daar ook rooi, blou en swart mielies in Mexiko verbou word nie – almal eetbaar. Die Mexikane het geen beswaar teen bloukleurige voedsel nie waar dit in ander lande minder gereeld die geval is.



Vir die Mexikane is die mielie so 'n genadegawe dat hulle die kleure van die mielies toewy aan die vier windrigtings van die aarde: wit staan vir die Ooste, blou vir die Noorde, rooi vir die Suide, geel vir die Weste en swart vir "Bo".

Om die mielie eetbaar te maak, week die Mexikane dit eers, breek dit dan om die buitewand los te maak, wat dan met die wasproses verwyder word. Daarna word die mielie gemaal vir tortillas. Deur die saad te breek word niasien vrygestel, wat help met vertering. Saam met die mielies eet hulle bone, brandrissies en pampoen, wat hulle van al die nodige vitamienes voorsien.

Die hele mielieplant word gebruik. Die sagte blare om die kop asook die blom word gekook as groente, van die sagte baard om die kop word 'n tortilladeeg gemaak, die harde blare word gebruik as sigaretpapier, die stonke vir

vuurmaak en proppe, en die stingels vir brandgoed, heinings en skuilings.


In Noord-Amerika is mielies aanvanklik hoofsaaklik aangeplant vir veevoer, maar toe die Ierse en Skotse immigrante daar aanland, het hulle die mielie tot 'n hoër status verhef deur whiskey daarvan te stook. Die whiskey is verouder tot 'n bourbon wat vandag nog gewild is.

Teen die 19de eeu is van die mielie-variëteite gewild gemaak deur dit te verwerk tot graanvlokkies (*corn flakes*), tortillaskyfies, mielieblom, en die immergewilde springmielies.

Hierdie artikel het verskyn op <https://welstand.solidariteit.co.za/>



Knowledge grows



Weerbestande fosfaat-spoormineraalaanvullings en -konsentrate vir jou beeste, skape en bokke.

PhosSure 6/12 & PhosPro 17:

- Noodsaaklik vir groei, optimale aktiwiteit van die mikrobies in die grootpens en reproduksie op weiding met 'n fosfor-tekort.
- Die melasse-neweproduk verbeter smaaklikheid om voldoende P-inname te verseker.
- Bevat verhoogde vlakke van noodsaaklike spoorminerale in die korrekte verhouding tot fosfor.
- 'n Unieke kenmerk is die harde kors wat om die produk vorm sodra dit aan vogtigheid blootgestel word. Dit beskerm die produk teen reënskade.

Vir daardie ekstra hupstootjie wanneer jou diere dit die nodigste het.

www.yara.co.za/animal-nutrition

animal.nutrition.sa@yara.com

Tel: +27 (0)31 910-5100

PhosSure 6 – Reg. Nr. V11350 (Wet 36 van 1947)

PhosSure 12 – Reg. Nr. V12858 (Wet 36 van 1947)

PhosPro 17 – Reg. Nr. V24441 (Wet 36 van 1947)

Yara Animal Nutrition Suid-Afrika (Edms) Bpk. Reg. Nr. 2001/025850/07



Heffing help Sacta om nuwe sojasaad te ontwikkel



Die uitbreiding van Suid-Afrika se soja-boonbedryf is 'n suksesverhaal wat gelei het tot meer volhoubare landboupraktieke, verwerkingskapasiteit en die vervanging van ingevoerde soja-oliekoek en -olie met plaaslik vervaardigde produkte. In besigheidsterme is dit 'n wen-wen-situasie vir alle betrokke partye.

Drie jaar gelede het die graan- en oliesaadgewas-bedryf 'n nuwe manier gevind om die tegnologie- en kultivarontwikkeling in oopbestuifde gewasse in Suid-Afrika te befonds. 'n Billike en volhoubare waarde-vasvang-stelsel deur middel van 'n teling- en tegnologieheffing is ingestel om vernuwing deur die hele waardeketting aan te dryf. Vir baie jare was die opbrengste van selfbestuivingsgewasse, veral sojabone, in Suid-Afrika ver agter dié van ander globale produksiegebiede. Saadmaatskappye was huiwerig om nuwe variëteite en gevorderde eienskappe in Suid-Afrikaanse selfbestuivende gewasse bekend te stel. "Boerebevoorregting" ("farmer's privilege") het gelei tot 'n hoë persentasie saad wat op die plaas teruggehou is, wat weer op sy beurt daartoe gelei het dat saadmaatskappye nie voldoende saad kon verkoop om hul belegging in teling en tegnologie te regverdig nie. Hierdie situasie het produktiwiteit en mededinging in die plaaslike sojaboonsektor beperk en ook 'n domino-effek op die groente-olie- en lewendehawe-sektore gehad.

In 'n samewerkende bedryfsveldtog is die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Kultivar en Tegnologie (Sacta) in 2016 gestig om kultivar- en tegnologie-heffings vir selfbestuifde gewasse in Suid-Afrika in te samel en te administreer. Sacta is nie verbind tot 'n spesifieke kommoditeit nie en spreek slegs die nood vir die bevordering van teling van selfbestuifde graan en oliesaad aan deur 'n heffing in te samel op die eerste verkooppunt of lewering en deur hierdie heffings oor te betaal aan saadmaatskappye en houers van plantkwekersregte gegrond op geskatte markandeel.

Volgens Gert Heyns, voormalige uitvoerende hoofbestuurder van Sacta, het 'n ondersoek wat onlangs gedoen is na die toekomstige lewensvatbaarheid van die huidige kultivar- en tegnologieheffingstelsel van sojabone deur die Buro vir Voedsel- en Landboubeleid, aangedui dat die heffingstelsel 'n mylpaal-deurbraak was om die sojaboonbedryf lewensvatbaar te hou en dat dit verseker het dat boere toegang kry tot die nuutste variëteite en tegnologieë. Heyns het bygevoeg dat oopbestuifde gewasse vir 'n lang tyd skaars oorleef het en dat die heffingstelsel die vermiste "ratjie" in die saadbedryf was, maar noudat hierdie "ratjie" in plek is, kan die bedryf meer doeltreffend werk in terme van toegang tot nuwe saadvariëteite en biotegnologie.

"Die stelsel bevoordeel die hele waardeketting – die boer met nuwe kiemplasma en tegnologie, die saadverskaffers kry 'n inkomste om te herinvesteer in teling en die stroomaf-waardeketting word bevoordeel met verbeterde graan en meer plaaslike materiaal. Met nuwe variëteite en tegnologie is plaaslike produsente nou beter toegerus om met boere in produksiegebiede in die res van die wêreld mee te ding."

Die verwagte voordele van die heffing is sigbaar in die uitbreiding van die sojabedryf oor die afgelope drie jaar. In die 2021-'22-produksieseisoen was die oppervlakte wat met sojaboon beplant was, 925 000 ha in vergelyking met die 46 000 ha in die 1992-'93-produksieseisoen. Die plaaslike produksie van sojabone het toegeneem van 1,3 miljoen ton in die 2016-'17-seisoen tot 2,09 miljoen ton in die 2021-'22-seisoen. In hierdie tydperk het die oppervlakte wat met sojaboon beplant is, toegeneem van 574 000 ha tot 925 000 ha. Hoewel die groei ook deur winsgewendheid aangedryf is, het die belofte van nuwe verbeterde variëteite en tegnologieë die platform vir groei en vertroue geskep en boere het na sojabone begin kyk as 'n lewensvatbare rotasiegewasopsie in 'n breër produksiearea.

Daar word verwag dat die huidige opwaartse tendens in produksie sal voortgaan met nuwe tegnologieë en kultivars wat aan boere beskikbaar word.

Die 2020-, 2021- en 2022-heffinginvordering was suksesvol en die voorgenome doelwit is tot 'n groot mate bereik. Met 'n bewese funksionerende winsaandeelvasleggingstelsel in plek, is saadmaatskappye gewillig om meer tegnologie na Suid-Afrika te bring, selfs al is Suid-Afrika 'n relatief klein sojaboonprodusent, waar meer as 80% van die saad saad is wat deur die boer op die plaas teruggehou word.



In die onlangse verlede is 56 sojaboonvariëteite in Suid-Afrika geregistreer, wat die keuse van soja-variëteite waaruit boere kan kies aansienlik verhoog en die bedryf meer mededingend maak. 'n Verdere voordeel was die verlaging van saadpryse.

Saadmaatskappye het ook begin met proewe om die dereguleringsproses vir nuwe eienskappe te inisieer en ook om nuwe variëteite te registreer. In Augustus verlede jaar is die eerste hiervan, die Intacta Roundup Ready2 Pro®, bekend gestel. Dit is die tweede geneties aangepaste sojaboongen wat goedgekeur is vir kweking in Suid-Afrika, nadat die eerste Roundup Ready-sojaboongen in 2001 goedgekeur is. Dit beteken dat plaaslike boere nou toegang het tot tegnologie wat vir die afgelope ses jaar reeds aan die internasionale mark beskikbaar was, maar ook dat nuwer variëteite wat die geen bevat, ingevoer kan word vir aanplanting. Hierdie kultivars het 'n hoër opbrengspotensiaal en is tans in registrasieproewe. Daar word verwag dat klein hoeveelhede saad dalk teen die volgende plantseisoen reeds beskikbaar kan wees.

Twee ander maatskappye is ook tans besig met die dereguleringsproses van hul plantlyn en daar word verwag dat dit teen 2025-'26 in die mark beskikbaar sal wees, wat die boer se keuses verder vergroot.

Suid-Afrika se sojaboonopbrengs het die potensiaal om met 50% oor die volgende vyf jaar te groei met nuwe saadkiemplasma, genetiese aanpassing, presisieboerderytegnologie en verbeterde boerdery-praktyke.

Hoe werk die telsing-en-tegnologie-heffing?

Die heffing is 'n statutêre heffing onder die Wet op die Bemaking van Landbouprodukte (1996). Die volgende faktore is belangrik:

- Die bedrag mag nie meer as 5% van die kommoditeitsprys wees nie;
- Administrasiefooie mag nie 10% van die netto inkomste oorskry nie; en
- 20% van die ingevorderde heffing moet aan transformasie bestee word.

Onderhandelinge tussen die produsente, produsente-organisasies en saadmaatskappye het gelei tot 'n telsing-en-tegnologieheffing vir sojabone van 1,2% van die vorige twee jare se gemiddelde Safex-prys vir sojabone per ton teen die tyd van toepassing, met 1% wat toegestaan word aan kiemplasma-eienaars met plantkwekersregte en die 0,2% aan die maatskappye of maatskappye wat die biotegnologie-eienskappe besit. Tydens Graan SA se kongres vroeër vanjaar is daar ooreengekom om die heffingspersentasie van 1,2% vir die volgende twee jaar te behou.

Van die ingesamelde bedrag is sowat 5% toegewys aan administrasie- en insamelingsdienste en 20% aan ontwikkeling/transformasie. Van die oorblywende 75% is 16,67% toegewys aan die eienaar(s) van geneties aangepaste (GA) eienskappe, en die res aan die eienaars van die kiemplasma in ooreenstemming met hul markaandeel.

Betalings aan saadmaatskappye is gegrond op markaandeel en word bereken op grond van:

- Saadverkope (40% gewig in berekening)
- Produsenteverklarings (30%), en
- Addisionele navorsing, wat opnames insluit, en addisionele bedryfsinligting (30%).

Die landboubedryf en Suid-Afrika kan nie self-onderhoudend wees wanneer 70% van die graan en 80% van die sojabone geplant word met saad wat op die plaas gebêre word sonder enige opbrengs op belegging en innovasie vir saadmaatskappye nie. In die verlede is die gevolge van hierdie praktyke gevoel in ernstig verminderde beleggings in nuwe kultivar- en kweekprogramme, wat op hul beurt weer die oesopbrengs en mededingendheid negatief beïnvloed het.

Die heffing moenie gesien word as 'n waardevasvang-stelsel wat wins uit die sakke van boere vat om vir amptenare te gee nie. Die Sacta-heffing moet eerder gesien word as 'n manier om vernuwing in die waardeketting teweeg te bring en as 'n belegging in die volhoubaarheid van die graanmark in Suid-Afrika. Dit is daarop gemik om produsente se profyt en gewasproduktiwiteit te bevorder.

Die heffing stel teelprogramme in staat om toegang te bied tot nuwe bronne van kiemplasma, biotegnologie, beter toerusting, gereedskap en infrastruktuur om met internasionale kundigheid in die waardeketting deel te neem.

Stuit polio-enkefalomalasie met genoegsame tiamien

Polio-enkefalomalasie (PEM) is ook bekend as serebrale kortikale nekrose (cerebrocortical necrosis, CCN). Dit beteken nekrose (selle wat afsterf) en edeem (swelling) in die brein. Dit is al in verskeie spesies gerapporteer, soos skape, bokke, beeste, wildsbokke en kamele. Dit kan sporadies of in groepe voorkom.

Kliniese simptome

Die kliniese simptome gaan gepaard met serebrale disfunksie en sluit in:

- 'n Dier wat doelloos rondwaal
- 'n Dier wat in sirkels loop
- Blindheid
- Gebrek aan koördinasie
- 'n Dier wat sy/haar kop teen voorwerpe druk
- Diere trek hulle koppe agteroor
- 'n Dier wat gaan lê
- Nistagmus (onwillekeurige oogbewegings van kant tot kant)
- Stuipe
- Vrektes

Post mortem-bevindinge

Tydens nadoodse ondersoeke by die dier sal die volgende aangetref word:

- Die breinvoue (girus) is platter
- Die serebellum druk deur die foramen magnum (indikasie van brein swelling)

Oorsake van PEM

1. PEM word meer gereeld in jonger diere aangetref en die algemeenste oorsaak is 'n tiamien- (vitamiene B1) tekort. Vitamiene B1 speel in alle selle 'n belangrike rol as 'n koënsiem in glukose-metabolisme. Aangesien die brein hoofsaaklik glukose gebruik as energiebron, lei 'n ontworting in glukose-metabolisme in die brein tot selle wat afsterf en gevolglik erge neurologiese simptome. Jong diere is afhanklik van hul dieet as tiamienbron, terwyl tiamien deur rumenmikrobes in volwasse diere vervaardig word. Dus, as die dieet laag is in tiamien, byvoorbeeld tydens die oorskakeling van melk na weiding (waar rumenmikrobes tiamienproduksie oorneem), kan jong diere PEM ontwikkel. In ouer diere kan siektes soos suurpens (hoë koolhidraat-inname) in voerkraaldiere of voer wat hoog is in planttiaminase ('n ensiem wat tiamien afbreek) 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van PEM.

2. 'n Tweede oorsaak van PEM is hoë vlakke van swael. Dié toestand is baie goed in beeste beskryf, maar dit kan by skape en bokke ook voorkom. Hoë vlakke van swael kan in water of voer of 'n kombinasie daarvan wees. Die swael word in die rumen omskep tot die toksiese stikstofsulfied (H₂S) wat sellulêre energie-metabolisme omverwerp en dan PEM veroorsaak, soortgelyk aan 'n tiamientekort.
3. PEM kan ook deur behandeling met Amprolium geïnduseer word. Amprolium word gebruik vir die behandeling van koksidiöse en kompeteer met tiamien-opname in die brein. Diere wat met Amprolium behandel word, moet fyn dopgehou word vir PEM-simptome. Hierdie oorsaak is egter raar.

Diagnose van PEM

PEM word gediagnoseer wanneer die kliniese simptome, soos hierbo beskryf, gesien word; wanneer die diere herstel ná vitamien B1-behandeling, en op post-mortem-ondersoekbevindinge. Histologiese ondersoeke van breinmateriaal deur 'n veteriniêre patoloog sal die diagnose bevestig, indien nodig. Water en voer kan vir swaelvlakke getoets word.

Moenie PEM met dié siektes verwar nie

Siektes waarmee PEM in skape verwar kan word, sluit in domsiekte, bloednier se breinvorm (fokale simmetriese enkefalomalasie), listeriose en loodvergiftiging. In beeste kan PEM verwar word met akute loodvergiftiging, soutvergiftiging/watertekort, hondsdoelheid, vitamien A-tekort en Histophilus meningio-enkefalitis.


Behandeling

Die behandeling van PEM, ongeag die oorsaak, bly vitamien B1. Herstel is gewoonlik binne ure. 'n Mens moet wel daarteen waak om af te lei dat 'n tiamientekort die onderliggende oorsaak van PEM is, al reageer die diere op tiamienbehandeling. Tiamien moet so vroeg moontlik in die siekte toegedien word. Indien behandeling vertraag word, kan diere vrek of erge neurologiese simptome oorhou. Kortisoon (verkrygbaar deur die kudde-veearts) kan help om die brein swelling teen te werk. Daar is denkrigtings dat vitamien B1 voorkomend in kos gegee kan word. Indien swaelvlakke die oorsaak van PEM is, sal die voer-/waterbron verander moet word, of diere sal genoegsame tyd gegee moet word om aan te pas. Afrivet se Electrogard NF (V 28622, Wet 36 van 1947) bevat beide genoegsame tiamien en deksrose om diere te help met moontlike vitamien B1- en energietekorte, asook 'n verskeidenheid van ander vitamienes en elektroliete. Dit kan gedoseer word saam met voer of met water gemeng word. PEM en die siektes wat daarmee verwar kan word, het ernstige nagevolge. Vroeë optrede sodra die kliniese simptome gesien word, kan lewensreddend wees.

Wees bedag op hierdie stamsiektes by mielies

Stamvrotte word dikwels misgekyk wanneer mielies nie almal terselfdertyd tekens van siekte toon of vrek nie. Hiermee saam verstaan ons nie altyd hoekom mielies omval nie. Wat ons wel vir mekaar kan sê, is dat dit die stamsterkte of -gehalte kan beïnvloed as gevolg van 'n verskeidenheid stresfaktore in 'n seisoen. Stamvrotte, en direk daarna omval, kan 'n groot invloed op 'n land se opbrengs tot gevolg hê, en dit kom vir seker elke jaar voor, net op verskillende maniere en as gevolg van verskillende omstandighede.

Daar is drie faktore wat die drie bene van die sogenaamde siektedriehoek vorm. Vir 'n siekte om dus voor te kom moet al drie bene gelyktydig teenwoordig wees vir 'n spesifieke siekte. Hierdie drie bene is: 'n gasheer (mielieplant), die patoogeen (swam of bakterie) en gunstige klimaatstoestand (temperatuur, humiditeit, ensovoorts). 'n Skematiese voorstelling van hierdie siektedriehoek kan in Figuur 1 gesien word.




Figuur 1: 'n Skematiese voorstelling van die siektedriehoek.

Wat belangrik is om te onthou is dat elke spesifieke siekte 'n spesifieke behoefte aan klimaatstoestand nodig het om sy verskyning te maak. Elke stamvrot in hierdie geval gaan sy eie simptome wys nadat infeksie plaasgevind het.

In Suid-Afrika se mielieproduserende gebiede is daar verskillende stamsiektes wat voorkom. Die belangrikste waarna gekyk word, is antraknose-stamvrot, Diplodia-stamvrot, Fusarium-stamvrot, Gibberella-stamvrot, houtskoolstamvrot en bakteriese stamvrot (Erwinia). Twee ander wat baie min voorkom, is Physoderma-stamvrot en Pythium-stamvrot.

Antraknose-stamvrot:




Die Fungi-patoogeen *Colletotrichum graminicola* veroorsaak dié siekte. Dit is die algemeenste stamsiekte by mielies. Die gunstigste tyd vir hierdie siekte is wanneer die plant onder stres is net voor bestuiwing.

Klein, donker strukture, wat "setae" genoem word, kan onder 'n vergrootglas en 'n mikroskoop waargeneem word.

Antraknose kan in drie fases geïnfekteer word, naamlik:

1. Blaarskroei-fase
2. Stamvrot-fase
3. "Top dieback"-fase

Die algemeenste infeksie is deur die stamvrot-fase, en dit is gewoonlik die ergste. Dit kan die plant ook doodmaak voordat bestuiwing plaasvind. Indien infeksie later in die seisoen plaasvind, verskyn swart kolletjies (setae), wat gewoonlik by die onderste internodes sigbaar is.



Figuur 2: Klein, donker strukture, bekend as "setae", soos onder 'n vergrootglas en mikroskoop gesien.

1. Blaarskroei-fase:

Simptome:

- Die letsels in hierdie fase is ovaal- tot spilvormige nekrose.
- Die letsels kan ook verskyn as die plant waterdeurdrenk of chloroties is.
- Die letsels is eerste op die onderste blare sigbaar en vorder dan na die boonste blare.
- Ondersoek die plant vir die voorkoms van klein, swart, haaragtige swamstrukture ("setae") wat onder 'n vergrootglas of mikroskoop gesien kan word.
- Die letsels is bruin tot bruin met geel tot rooibruinte.
- Swaar besmette blare sal verdor en sterf.



Figuur 3: Blaarskroei-fase

2. "Top dieback"-fase



Figuur 4: "Top dieback" fase

Simptome:

- By aanplantings met hoëdruk-antraknose, is dit algemeen dat die gedeeltes bokant die koppe vroeër afsterf, terwyl die onderste deel groen bly.
- Dit kan so vroeg as een tot drie weke ná pluimvorming begin wys.
- Soos die siekte vorder, verrot die binneweefsel.
- Vermindering van watertranslokasie vind plaas.
- In areas waar beskikbare grondwater laag is, sal die boonste blare uitdroog en afsterf.

3. Stamvrot-fase

Simptome:

- Hierdie fase kom ná pluimvorming op stamme voor.
- Waterige letsels vorm, wat ligbruin tot bruin en later in die seisoen swart verkleur.
- Letsels op stamme kan versmelt en swart, ingedrukte strepe vorm.
- Binneweefsel waar verkleuring is, disintegreer mettertyd.
- Die stam bokant die kop gaan ook dood ná vier tot ses weke vanaf bestuiwing.




Figuur 5: Stamvrot-fase

Verdere simptome: Die stam kan maklik ingedruk word by die onderkant van die stam, wat omval kan veroorsaak. Dit wil sê as die stam na 'n kant toe gedruk word, sal die stam knak. Dit kan binne en buite die stam waargeneem word deur die verkleuring wat waargeneem word.



Diplodia-stamvrot

Diplodia-stamvrot word veroorsaak deur die *Stenocarpella maydis*-fungi. Mielies is die enigste gasheer vir hierdie patogeen. Dit oorleef op die meliestamreste. Spore word versprei deur wind of reën. Gunstige klimaatstoestande is warm, nat weer vir twee tot drie weke ná bestuiwing. Piknidia – 'n vrugagtige fungi-struktuur wat voorkom op die stam – kan nie met jou nael afgekrap word nie.



Figuur 6: Piknidia wat nie afgekrap kan word nie, sigbaar op die stam.

Simptome:

- Die siekte kom voor ná stuifmeelstorting.
- Besmette plante gaan vinnig afsterf.
- Blare verlep en vertoon grysgroen.
- Die onderste internodes verkleur bruin, is sponsrig en kan maklik knak.
- Binneste stamweefsel verkleur ook en disintegreer mettertyd.
- Kenmerkend is donkerbruin tot swart piknidia wat naby die internodes voorkom.
- Dit is waar witswamgroei ook op die stam voorkom.



Figuur 7: Stamknak kom voor as gevolg van Diplodia-stamvrot.

Stamknak kom voor as gevolg van Diplodia-stamvrot, en die weefsel binne-in die stam disintegreer. Die stam kan ingedruk word en dan afbreek.

Fusarium-stamvrot



Hierdie stamvrot word veroorsaak deur die *Fusarium verticillioides*-fungi. Dit word oral waar mielies geplant word, aangetref. Dit oorwinter as "mycelia" in besmette gewasreste, en word versprei deur wind en reën. Dit kan die plant direk deur die wortels infekteer, wat dan wortelvrot en lae stamvrot veroorsaak. Dit kan ook infekteer by die nodes van elke internode. Gunstige toestande is warm, relatief droë weer wat dan ná bestuiwing stres veroorsaak. Dit word meer gedurende die reprodusiewe stadiums gevind. Gewoonlik kom dit in 'n kombinasie saam met Gibberella-, Diplodia- en antraknose-stamvrotte voor.

Simptome:

- Plante vertoon verlep met klein bruinerige letsels wat op die onderste internodes vorm.
- Die binneste stamweefsel vertoon witterig-pienk tot salmpienk wanneer die stamme deurgesny word en word later donkerbruin.
- Plante val om na gelang van die graad van besmetting.
- Verrotting word gevind by die wortels, kroon en lae internodes.
- Muf ontbind en die vaskulêre bondels bly ongeskonde.
- Stamme voel sponsagtig wanneer dit ingedruk word en kan maklik op die onderste internodes gekneus of gekrimp word.
- Plante kan omval as dit sywaarts gestoot word of deur selfs die wind omgewaai word.

Gibberella-stamvrot



Gibberella-stamvrot word veroorsaak deur die *Gibberella zeae*-fungi. Spore word deur die wind en reën na mielleplante versprei. Die patogeen dring die plant binne waar daar insekbeskadiging is. Dit kan mielies by die blaarskedes, stutwortels of wortels besmet. Infeksie ontwikkel vanaf die wortels tot in die onderste stam. Infeksie kom dikwels voor nadat bestuiwing plaasgevind het. Hierdie siekte kan vinnig vorder met warm, nat weer tydens die reprodutiewe stadiums van 'n mielleplante. Omgewings- en fisiologiese stres kan die plant verswak en siekte-ontwikkeling moontlik maak.

Simptome:

- Blare vertoon 'n dowwe, grys-groen kleur en die onderste internodes is sag en bruin van kleur.
- Verkleuring binne-in die stam is pienk tot rooierig en disintegrering van die interne weefsel vind plaas.
- Klein, ronderige, swart vrugliggaampies kan buite op die stamme vorm.
- Tydens latere stadiums word die plant grys-groen, internodes word strooikleurig of donkerbruin en kan maklik tussen die vingers vasgeknyp word.
- Laat in die seisoen breek die stam by die knoop.
- Dit veroorsaak donker strepe op die onderste internodes.
- Hierdie spikkels kan maklik met 'n vingernael van die stamoppervlak afgekrap word.
- Laat in die seisoen kan die stam by die knoop breek.



Figuur 8: Klein, ronderige, swart vrugliggaampies op die stam.

Houtskoolvrot



Houtskoolvrot word veroorsaak deur die grondswam *Macrophomia phaseolina*. Hierdie siekte begin as 'n wortelinfeksie, wat versprei na die onderste stam se internodes en kan vroeë rypwording, versnippering en breek by die kroon van die mieliestam veroorsaak. Mielies word besmet tydens droë periodes waar die temperatuur 27 tot 29 °C bereik. Die sclerotia ontkiem op die worteloppervlak en dring deur die gasheer (mielies) se epidermiese selle. Die baie klein swart swamliggaampies, bekend as sclerotia, op die vaskulêre stringe van die binnedeel van die stamme, wat op die gekerfde kuil voorkom, gee hulle 'n verkoolde voorkoms. Hierdie "verkoling" van die binnekant van die stam dra by tot sy naamgenoot, aangesien dit 'n kenmerkende eienskap van die siekte is. Die patogeen oorwinter op mieliereste en bly in die grond agter.

Simptome:

- Mielieplante is tydens die blomstadium baie vatbaar vir houtskoolvrot.
- Wanneer die swamme die stamme infekteer en daarin vermeerder, blokkeer dit die opwaartse beweging van water en nutriënte wat swak graan vul tot gevolg het.
- Die boonste blare van die mielies sal uitdroog.
- Besmette mielleplante se stamme het 'n gekerfde voorkoms, en die weefsel sal heeltemal verrot wees met slegs vaskulêre stringe wat ongeskonde bly.
- Die sclerotia van die swam is klein, swart en bolvormig, en word aangetref op en binne-in die vaskulêre stringe. Die getalle wat voorkom, is genoeg om die interne stamweefsel 'n grys kleur te gee.
- Die swam kan in die onderste internode van die stam groei terwyl die plant volwasse word, wat veroorsaak dat plante vroegtydig ryp word en hul stamme verswak, wat breek en omval tot gevolg het na die einde van die seisoen se kant toe.

Houtskool- en Gibberella-stamvrotte kom baie algemeen gesamentlik in stamme voor.



Figuur 9: Twee verskillende stamme deurgesny. Aan die linkerkant is houtskoolvrot teenoor Gibberella-stamvrot aan die regterkant.

Gibberella-stamvrotinfeksies vind gewoonlik vroeër in die plantseisoen plaas wanneer temperature meer gematig is, met 'n hoër voginhoud in die omgewing, terwyl houtskoolstamvrot-infeksies bevorder word deur 'n warm en droë klimaat, gewoonlik later in die seisoen. Dikwels sal Gibberella die stamme eerste infekteer aan die begin van die plantseisoen, gevolg deur houtskoolstamvrot soos wat die temperature styg gedurende Desember en Januarie.

Bakteriese stamvrot (Erwinia)



Bakteriese stamvrot word veroorsaak deur *Erwinia chrysanthemi* pv. *zeae*. Dit kom veral voor by die eerste internode bo die grond, maar kan ook hoër op in die stam gevind word. Geaffekteerde plante het 'n baie skerp en onaangename reuk. Die steel draai en val gewoonlik om, maar die plant kan 'n paar weke lank groen bly omdat die vaskulêre weefsel nie vernietig word nie. Dit kan enige tyd gedurende die seisoen voorkom, veral as die toestande baie nat is. Sommige basters is meer vatbaar as ander.

Dit is 'n groot siekte onder mielies in tropiese en subtropiese lande en wêreldwyd is dit al aangeteken. Hoewel hierdie siekte redelik algemeen in Suid-Afrika voorkom, is plante wat hierdie simptome toon, gewoonlik redelik yl versprei. Dit kom gewoonlik voor in warmer gebiede waar mielies verbou en gereeld besproei word. In gematigde streke is die siekte slegs 'n probleem met oorhoofse besproeiing. Die blaarweefsel binne-in die kranse en die groeipunt van die stam binne-in die kranse is bruin, nat en slymerig en ruik na kuilvoer.

Simptome:

- Simptome word die eerste keer in die middel van die seisoen opgemerk wanneer die plant skielik verwelk en omval.
- Die mees kenmerkende simptome van *Erwinia*-infeksie is die vuil reuk van siek, slymerige plantdele.
- Die vrot kan van die basis af opwaarts (basale verrotting) strek, of van bo na onder (topvrot).
- Simptome is gewoonlik beperk tot die onderste drie internodes wat bruin tot donkerbruin word, en word deurweek en slymerig. Die vrot gedeelte verdroog uiteindelik en die binnekant kry 'n gekerfde voorkoms. Dit is wanneer die plante gewoonlik knak of omval.



Figuur 10: Topvrot vind plaas met vinnige vegetatiewe groei onder besproeiing. Eerste simptome is verwelking en verdroging.

Bestuur en beheermaatreëls

- Die algemeenste vorm van bestuur wat toegepas kan word, is die afbreking van mieliereste.
- Gewaswisseling is ook baie belangrik, veral om 'n nie-gasheergewas aan te plant nadat die siekte voorgekom het.
- Voorkom stres deur enige maontlike bestuur toe te pas om die plante gesond te hou. Dit sluit in om blaarsiektes soveel moontlik weg te hou.
- Plant kultivars met genetiese weerstand waar dit moontlik is, indien daar enige beskikbaar is.
- Hou plante skoon van insekte soos *Busseola Fusca* (mieliebamboorders).
- Kies kultivars met goeie stamsterkte-eienskappe.
- Indien mielies besproei word, probeer om water van goeie gehalte te gebruik.

Vir meer inligting besoek www.pioneer.com/za of stuur e-pos na info.rsa@pioneer.com



SOJABONE

GEDRYF DEUR PIONEER®

Gerugsteun deur voortreflike agronomie en onkruidoderverdraagsame eienskappe, is ons sojabone toegerus met die sterkste DNA in Pioneer se geskiedenis.

pioneer.com/za
info.rsa@pioneer.com



PIONEER®

GEMAAK OM TE GROEI™

Vrugtebedryf vind groot baat by korrekte identifisering van valskodlingmot



Die *Thaumatotibia leucotreta*, oftewel die valskodlingmot (VKM) is een van Suid-Afrika se skadelikste landbouplae en veroorsaak jaarliks aansienlike skade aan sitrusvrugte, steenvrugte, avokadopere, granate, persimmons, makadamianeute en rissies. Hoewel hulle ook skade aanrig aan onder meer duiwe, lietsjies, katoen en mielies, is hulle in dié gevalle minder nadelig.

Hoekom is identifisering van VKM so belangrik?

Hierdie veelvretende of polifagiese insek is endemies aan Suid-Afrika, maar is wydverspreid oor Afrika en dele van die Midde-Ooste. VKM het egter nog nie suksesvol in Europa gevestig nie en beheerliggame in Europese lande is bekommerd dat dit 'n ernstige plaag sal word in hul kommersiële gewasse as dit daar sou aankom.

Die Europese Unie monitor dus vrugte vanuit Suid-Afrika baie noukeurig. As selfs 'n enkele VKM gevind sou word, kan die hele besending vrugte geweier word en teruggestuur word na Suid-Afrika, met negatiewe finansiële gevolge vir die Suid-Afrikaanse vrugtebedryf. In Suid-Afrika is VKM egter een van omtrent ses mot-spesies wat almal redelik algemeen is in vrugteboorde en op die oog af baie eenders lyk. Volwasse motte het gewoonlik patrone op hul vlerke wat hulle maklik maak om te identifiseer, maar die ruspes (larwes) van die motte veroorsaak eintlik meer skade aan gewasse deur in die vrugte in te boor of deur die blare te kou en is moeiliker om te identifiseer as die volwasse motte. Identifikasie van die ruspes vereis gewoonlik dat hulle met 'n mikroskoop ondersoek word. Onderzoekers moet ook 'n sekere vlak van opleiding en kennis hê om die spesie korrek te identifiseer.

Omdat die EU toenemend streng regulasies implementeer teen VKM, maar nie teen ander motte wat nie 'n gevaar is vir Europese gewasse nie, is dit belangrik om VKM korrek te kan identifiseer. In gevalle waar 'n ruspe hewig beskadig is of eers onlangs uitgebroei het, is VKM-identifikasie met gebruik van mikroskope nie altyd moontlik nie. In hierdie gevalle is die strepieskodering van DNA die mees betroubare tegniek om te gebruik.

Lewensiklus

Die wyfemotte van die VKM lê hul eiers op die oppervlak van die vrug. Wanneer die eiers uitbroei, boor die nuwe larwe 'n gaatjie deur die vrug se skil. Daarna volg al vyf vervelstadiums van die larwe binne-in die vrug. Wanneer die larwe in sy laaste stadium gereed is om in 'n papie te verander, klim dit uit die vrug, val op die grond, spin 'n kokon en verander in die toplaag van die grond in 'n papie. Die volwasse papie sal gewoonlik binne 'n paar weke bo die grond verskyn waarna die mot te voorskyn kom wat weer plek soek om haar eiers te lê.

Beheer

VKM kan doeltreffend beheer word deur die gebruik van 'n geïntegreerde plan wat insluit sanitasie van die boord, deur meer natuurlike vyande in die boorde vry te stel, en deur die populasievlakke te monitor. Die regte tydsberekening van beheermaatreëls is ook noodsaaklik wanneer die gebruik van feromoonlokaas, versteuring van paring en deur steriele insekte die boord in te stuur ingespan word.

Insekdoders se doeltreffendheid is beperk omdat larwes binne-in die vrugte en die papies in die grond is. VKM is in baie dele van die wêreld 'n kwarantynplaag. Die hoofrede hoekom dit 'n hoë plaagstatus het, is omdat hulle endemies is aan Afrika suid van die Sahara.

Biologie

Vyf tot ses generasies wat mekaar oorvleuel (sonder enige diapouse) kan binne 'n jaar voorkom aangesien die VKM enigiets tussen vyf weke en drie maande lewe. Die volwasse VKM-wyfie stel feromone vry wat 'n mannetjiesmot van sover as 1,225 km kan ruik deur 'n klier op sy agtervlerk. Bevrugte wyfies begin eiers lê binne twee dae nadat hulle wasdom bereik het. Indien die wyfie nie gepaar het nie, sal sy onbevrugte eiers lê.

Die eiers word een-een op vrugte of blare gelê met 'n duidelike voorkeur vir hoër in die boom en vir beskadigde of verrottende vrugte.

Sodra die eiers uitbroei, word die vrug binnegedring deur die larwe. Die vyf vervelstadiums waardeur die larwe gaan, is die skadelikste van die VKM se lewensiklus. Die aanvanklike gaatjie waardeur die vrug binnegedring word, is baie klein en word dikwels misgekyk as jy die vrug met die blote oog ondersoek. Maar die volwasse larwe se uitgang is baie kenmerkend, want hy stoot van sy boorsels uit soos wat hy sy weg na buite vind. Hierdie gaatjie is baie groter, maar wanneer dit raakgesien word, het die larwe reeds

grond toe geval om daar in die bolaag van die grond in 'n sterk sykokon te lê.

Die skade wat aangerig word, sal van vrugsoort tot vrugsoort verskil. In sitrusvrugte sal die larwe byvoorbeeld selde dieper boor as die wit binnelaag van die skil en meestal net daar bly. In steenvrugte boor die larwes tot in die middel van die vrug en vreet rondom die pit.

By sitrusvrugte val die vrugte gewoonlik drie tot vyf weke nadat die larwe die vrug gepenetreer het van die boom af. As die larwe binne-in die vrug gevind word, kan graad-dag-modelle gebruik word om te bereken wanneer die aanvanklike penetrasie plaasgevind het ten einde te bepaal wanneer en hoe beheermaatreëls dalk nie gewerk het nie.

Die lengte van die lewensiklus en die skade wat veroorsaak is, verskil van vrugsoort tot vrugsoort in Suid-Afrika en ook van streek tot streek.

Die poligagiese gewoontes van hierdie plaag en sy vermoë om by 'n verskeidenheid gashere en omgewingstoestande aan te pas, maak dit 'n plaag van aansienlike kommer in terme van kwarantyn in ander dele van die wêreld.



VKM se eiers

Die plat, ovaalvormige eiers van die VKM is sowat 0,9 mm lank. Hierdie eiers word gewoonlik op blare hoog in 'n boom of in vrugte gelê.



Larwes

Wanneer die larwe in sy finale vervelstadium uitgegroeï is, is hy sowat 15 mm lank. In die winter neem dit 35 tot 67 dae vir die larwe om hierdie stadium te bereik en in die somer 25 tot 35 dae.

In die vroeë stadiums is die larwe bleek en gespikkeld, maar later word hulle helderpienk en kan hulle onder die mikroskoop van ander spesies onderskei word aan die hand van verskillende morfologiese kenmerke aan die kop, borsstuk en abdomen.

Papies

Die papie is sowat 11 mm lank. In die winter duur hierdie stadium 29 tot 40 dae en in die somer 21 tot 24 dae. Die papie bly in 'n sterk kokon in die grond en die papie self is ligbeige van kleur.



Volwassenes

Die volwasse mannetjiesmot het 'n vlerkspan van 15 tot 16 mm en die wyfie 19 tot 20 mm.

'n Enkele wyfie kan 100 tot 400 eiers lê. Die volwasse motte is maklik uitkenbaar deur 'n driehoekige merk op die buitenste rand van die vlerk, met 'n C-vormige swart merk direk daarbo. Die volwasse mannetjie het 'n klossie fyn hare op die agtervlerk vir waarneming, asook 'n klossie langerige skubbe op die agterste tibia en aan sy maagkant.

Ekonomiese belang

VKM is 'n plaag van ekonomiese belang omdat baie van die gasheerplante belangrike kommoditeite is. In die vroeë 1990's was gewasverliese van 10% tot 20% onder Suid-Afrika se sitrusvrugte baie algemeen. Verliese van 28% op 'n laat-perske-oes is in 1989 aangemeld, met VKM as die oorsaak van die verlies.

Gasheerplante

VKM is regtig nie uitsoekend ten opsigte van wat hulle vreet nie. Meer as 70 plantgashere is wêreldwyd aangeteken in 40 plantfamilies. In Suid-Afrika is 24 plantspesies aangeteken as potensiële gashere vir VKM, maar baie daarvan het in die laboratorium plaasgevind, so dit is moeilik om te weet of dit in die natuur ook sal voorkom.



Algemene naam	Wetenskaplike naam	Familie
Nawel-lemoen	Citrus sinensis	Rutaceae
Olyf	Olea europaea	Oleaceae
Avokado-peer	Persea americana	Lauraceae
Druwe	Vitis vinifera	Vitaceae
Perske	Prunus persica	Roseaceae
Granaat	Punica granatum	Punicaceae
Lietsjie	Litchi chinensis	Sapindaceae
Mango	Mangifera indica	Anacardiaceae
Makadamia	Macadamia integrifolia	Proteaceae
Koffie	Coffea arabica	Rubiaceae
Pynappel	Ananas comosus	Bromeliaceae

Bestuursmaatreëls

Monitering

Die belangrikste moniteringstegniek vir VKM in sitrus is om vrugte wat val te inspekteer vir die teenwoordigheid van VKM. 'n Feromoonlokmiddel is ook beskikbaar.

Voorkoming

Boordsanitasie en biologiese beheer speel 'n kritieke rol in die voorkoming van VKM-uitbrake in Suid-Afrikaanse sitrus. Alle besmette en beskadigde vrugte moet onder die bome in 'n boord opgetel en vernietig word. *Trichogramma cryptophlebiae*, 'n parasitiese wesp, is een van die VKM se natuurlike vyande, want hulle teiken die VKM-eiers. Dit word aanbeveel dat daar van tyd tot tyd van hierdie wespe in die boord vrygelaat word om uitbrake van VKM te help voorkom.

Beheermaatreëls

Tesame met die beheerde vrystelling van eierparasiete, is die *Cryptophlebialeucotreta granulovirus* (CrleGV-virus) ook kommersieel beskikbaar as deel van 'n geïntegreerde manier om VKM te beveg. Paringsontwrigting, die steriele-insek-tegniek en lok-en-doodmaak-tegnieke wat die feromoon gebruik tesame met 'n insekdoder is ook gepaste geïntegreerde plaagbestuur (GPB)-metodes. 'n Groot verskeidenheid chemikalieë is geregistreer vir gebruik teen VKM, maar moet ligtelik gebruik word om die populasies van natuurlike vyande te beskerm.



Natuurlike vyande (biologiese beheer)

Die VKM-eierparasiet *Trichogramma cryptophlebiae* kom natuurlik voor in sitrusboorde, maar kan ook kommersieel gekoop word om VKM-infestasies te beveg. Onder optimale toestande kan dit tot 80% van VKM-eiers in 'n sitrusboord parasiteer. 'n Paar wesp en vliegspesies wat parasiete is van VKM-larwes kom ook natuurlik voor in Suid-Afrikaanse sitrusboorde. Die wesp *Agathis bishopi* (Braconidae) het al tot 40% van die larwes in 'n Oos-Kaapse boord geparasitiseer. Miere (Formicidae), Orius-goggas (Anthocoridae) en roofwantse (Reduviidae) voed onderskeidelik op die papies, eiers en larwes van VKM. Twee spesies van entomopatogeniese swamme en twee virusspesies is ook al geïsoleer vanaf VKM. Een van hierdie virusse, CrleGV, is effektief in praktiese gebruik en is kommersieel beskikbaar.

Lokmiddels en -valle (feromoonbeheer)

Navorsing in die laat 1960's tot die vroeë 1990's het gepoog om die samestelling van die feromoon wat wyfies afskei om mannetjies mee te lok, te identifiseer. 'n Tweekomponentmengsel is in 1993 as die beste lokmiddel geïdentifiseer. Dit bestaan uit (E)-8-Dodecenylnyl acetate en (Z)-8-Dodecenylnyl acetate in 'n verhouding van 9:1 en is kommersieel beskikbaar as 'n lokmiddel in Suid-Afrika. 'n Feromoonvrystellingsmeganisme is twee jaar later vir hierdie feromoon ontwikkel.

Feromoonlokvalle kan gebruik word om populasievlakke te monitor of vir paringsontwrigting. Die vrystellingsmeganismes word gevul met die feromoon wat mannetjies na die lokval lok, waar hulle dan gevang word. In sitrus word die lokvalle tans, weens die kwarantynrisiko van die plaag, gebruik vir tydsberekening van beheermetodes eerder as om ekonomiese drempels te identifiseer.


Kwarantynregulasies

VKM is in baie lande 'n kwarantynplaag, soos in Israel, Jordanië, Nieu-Seeland, 'n paar Suid-Amerikaanse lande en die VSA. Daar is 'n risiko dat dit in baie dele van die wêreld kan vestig, hoewel na alle waarsynlikheid nie in Noord-Europa nie, aangesien die VKM nie 'n toleransie het vir koue nie. Hoewel dit herhaaldelik voorgekeer word by vele invoerpunte, moet sy potensiaal vir vestiging nog wetenskaplik vasgestel word.

Verspreiding

VKM is inheems aan en wydverspreid oor Afrika suid van die Sahara. Dit kom ook voor in sekere eilande in die Indiese en Atlantiese Oseaan, soos Mauritius en Madagaskar.

VKM word sedert die 1980's in Israel waargeneem. 'n Vrag uit hierdie land is een keer in 2008 in die VSA voorgekeer, maar uitgebreide ondersoeke kon geensins bevind dat enige populasies van die plaag in die VSA gevestig het nie. Dit is wel al by geleentheid in Nederland, Brittanje en Swede waargeneem, maar daar word geglo dat dit toevallige voorkomste was en dat dit nie van gevestigde populasies afkomstig was nie omdat die temperatuur in hierdie streke te laag is vir permanente populasies van VKM.



Verwysings


CABI (2016) Datasheet report for *Thaumatotibia leucotreta* (false codling moth). Crop Protection Compendium: CAB International Wallingford, UK. www.cabi.org.

Daiber C.C. (1979). A study of the biology of the false codling moth (*Cryptophlebia leucotreta* (Meyr.)): the larva. *Phytophylactica* 11: 141-144.

EPPO (2017) *Thaumatotibia leucotreta* (Lepidoptera: Tortricidae). European and Mediterranean Plant Protection Organization. <https://gd.eppo.int>.

Grout T.G., Moore S.D. (2015) Citrus. In: Prinsloo G.L., Uys V.M. (Eds.) *Insects of cultivated plants and natural pastures in southern Africa*. Entomological Society of Southern Africa, Hatfield, South Africa, pp. 448-499.

Newton P.J. (1998) False Codling Moth *Cryptophlebia leucotreta* (Meyrick). In: Bedford E.C.G., Van den berg M.A., de Villiers E.A. (Eds.) *Citrus pests in the Republic of South Africa*, Institute for Tropical and Subtropical Crops, Nelspruit, South Africa, pp. 192-200 False codling moth, *Thaumatotibia leucotreta*, distribution. Data from CABI (2017). Map drawn by C.S. Bazelet. False codling moth *Thaumatotibia leucotreta* PEST FACT SHEET



SPEENSTELSELS EN TOESTELLE OM SPEENSKOK TE BEPERK

deur dr. Andries Gouws, Veeplaas

Speentyd is 'n belangrike fase in die lewe van 'n vleisbeeskalf. As die proses nie reg hanteer word nie, kan siektes toeslaan wat produksie kan knou en die dier se prestasie in die voerkraal benadeel.

Met speen word die kalf nie net van sy moeder geskei nie, maar moet hy ook leer om sonder melk klaar te kom en stelselmatig aan sy volwasse dieet gewoond raak, sodat hy kan uitgroeï sonder om langer energie uit sy ma te tap.

Die regte tyd om diere te speen

Dr. Andy Hentzen, 'n spesialisveearts in vleisbeeskuddegesondheid en senior lektor aan die Universiteit van Pretoria, sê vleisbeeskalwers word normaalweg tussen die ouderdomme van ses en agt maande gespeen. Daar is talle faktore wat dié tydsberekening beïnvloed. Die regte speentyd het onder meer 'n invloed op hoe die kalwers op inentings in die voerkraal sal reageer. Jonger kalwers se immuunstelsels is nog nie so goed ontwikkel soos dié van ouer kalwers nie. Daar kan nog maternale teenliggaampies teenwoordig wees, wat die werking van die entstowwe kan beïnvloed. Naas geboorte, is speen die mees spanningsvolle tyd in 'n vleisbeeskalf se lewe, grotendeels as gevolg van die skeiding van sy moeder. Hierdie skeidingsangs kan nêr so erg vir die koeï as vir die kalf wees. Die voedingswaarde van die melk wat die kalf by sy ma kry, is baie hoog, en skielik moet die kalf nou soveel meer gras vreet om die voedingswaarde van die melk te vervang. Die vermoë van die kalf se spysverteringstelsel om die gras geslaagd te verteer, is ook aan sy ouderdom gekoppel.

Nadele van siek voerkraaldiere

Die potensieel swakke immunereaksie, tesame met die verhoogde spanning tydens speen, maak speenkalwers baie vatbaar vir virus- en gevolglik bakteriese infeksies in die voerkraal. Dit lei dikwels tot beeslugweg-siektekompleks onder dié kalwers, wat groot koste vir die voerkraaleienaar inhou.

Behalwe vir die regstreekse koste van medikasie en selfs vrektes, is die verlies aan produksie die eintlike groot skade. Die uitwerking van subkliniese infeksies is die hoofrede dat kalwers nie volgens hul genetiese potensiaal presteer nie. Navorsing in Suid-Afrika toon dat kalwers wat klinies siek is, tot 200 g per dag swakker as hul gesonde tydgenote groei. Kalwers met subkliniese simptome, kan tot 90 g per dag swakker as gesonde kalwers groei. Afgesien hiervan, loop en bulk gespeende kalwers aanhoudend, wat hul rustyd beperk en weer tot verminderde voerinnamē lei. Beeste moet rus om te kan herkou en vertering te bevorder.



Die aanhoudende gebulk plaas ook fisieke spanning op die kalwers se kele, wat tot inflammasie kan lei en die risiko van lugweg-siektes verhoog.

Doeltreffende speenstelsels

Verskillende speenstelsels kan die negatiewe uitwerking van speenskok en die voorkoms van lugweg-siektes in die voerkraal beperk.

Die twee-stadium-stelsel is daarop gemik om die koeï en kalf bymekaar te hou, maar die kalf te verhinder om te suip. Dit word gedoen deur die kalwers in 'n kamp reg langs die koeïe te sit, sodat die diere steeds gerusstelende kontak deur die heining behou.

'n Oorkruis-stelsel kan ook werk. In dié stelsel loop bulkalwers saam met die koeïe wat verskalwers gehad het, en die verskalwers saam met die koeïe wat bulkalwers gehad het. Dit verlaag speenskok, hoewel kalwers soms nog skelm suip.

Nog 'n alternatief is om 'n teensuipingstoestel aan die kalf se kop of bek te sit, wat verhoed dat die kalf kan suip. Studies toon dat dit waarskynlik 'n beter metode as die twee-stadium- of oorkruis-stelsel is. Sulke toestelle kan 'n halter met steekpennetjies wees, wat die koeï irriteer as die kalf probeer suip, of 'n toestel met 'n klappie oor die kalf se neus en bolip wat keer dat die kalf die speen in sy bek kan kry.

Dié twee toestelle is wetenskaplik beproef en doeltreffend om die kalf te verhinder om te suip, maar die voordeel daarvan is twyfelagtig, omdat dit dikwels ook verhoed dat die kalf gras doeltreffend vreet.

Sowat tien jaar gelede is 'n neusring met stekels aan in Suid-Afrika ontwikkel, wat die koeï irriteer sodat sy die kalf nie toelaat om te suip nie. Dit is 'n kombinasie van die halter met stekels en die neusklappie wat voorheen gebruik is.

Die ring is kostedoeltreffend en só ontwerp dat dit maklik aangesit en verwyder, en herhaaldelik gebruik kan word. Hoewel sommige kalwers dit steeds regkry om te suip, bulk kalwers met die neusring aan, minder, hulle dwaal minder rond en is rustiger as kalwers wat nie die neusring aanhet nie. Die toestel verminder speenskok en ondersteun die gesondheid van speenkalwers.

CONTACT US TO FIND YOUR NEAREST AGENT

Hendri de Korte ☎ + 27 62 392 1748 (Mpumalanga & Limpopo)
Cornel Scholtz ☎ + 27 78 749 9660 (Northern Cape & North West)
Spare parts ☎ + 27 18 431 2171/2



HEAD OFFICE 🏠 2 Coetzee Street, Hartbeesfontein | PO Box 71, Hartbeesfontein, 2600
☎ + 27 18 431 2171/2 ✉ info@staalmeester.co.za 🌐 www.staalmeester.co.za



Mowers and Spreader



Enrossi Sickle Bar Mower

Ideal for small farms. Built to adapt to any type of land. The double action cutter bar ensures a sharp clean cut on any type of grass. The safety breakaway bar helps protect the cutter from obstructions in the field.

The high speed cutting systems ensure a clean cut of the product. The sickle bar mowers have an allowable cut from -45° to $+90^{\circ}$, respect to the horizontal plan, to allow the mowing of hedges, ditches, banks, etc. The double action cutter bar ensures a sharp clean cut on any type of grass. Three Point Hitch with double action cutter bar. All bars are equipped with automatic safety release to protect the bar from any obstacles. The compactness of the sickle bar mower allows working with low-power tractors ensuring money savings as well as productivity.

Standard production equipment: cardan shaft, spare blade and blade protection.

Enrossi Disc Mowers

High quality steel ENOCUT cutting bar, a system totally manufactured in-house by Enrossi.

Rear-mounted disc mower equipped with hydraulic lift, automatic safety release to protect the bar from any obstacles, over-running cardan shaft, protection cover and swath disc.



Soilmaster Fertiliser Spreaders

These fertiliser spreaders are produced in two models namely 800 l and 1000 l.

Spreading can be easily adjusted by means of mechanical lever. Its wheeled design ensures an easy carriage.

OPTIONAL:

Remote control with hydraulic cylinder.

We have more than 100 different agricultural products in stock that suit all farmers' needs. Call us today or visit www.staalmeester.co.za

Jag kan wildbedryf red

deur Tisha Steyn



Die wildbedryf in Suid-Afrika het sedert 2017 dramaties teruggesak nadat dit tussen 2014 en 2017 'n ongekende opbloeï beleef het. Nog voordat die Covid-19-inperking die bedryf finaal op sy knieë gedwing het weens beperkings op internasionale en plaaslike toerisme en jagbedrywighede, was die bedryf al in die moeilikheid – in so 'n mate dat Wildlife Ranching South Africa (WRSA) gevrees het dat die bedryf op die rand van ineenstorting is.

Piet Warren, wat op die plaas Josephine naby Gravelotte in Limpopo groot sukses met die teel van topgehalte swartwitpense behaal het, sê: "Die wildbedryf, en veral die gekleurde wild, het 'n groot insinking beleef. Gekleurde wild was reeds in die moeilikheid, want ons het te veel waarde daaraan geheg – dit was 'n fout wat aan die broei was.

"Die reisbeperkings het dit net momentum gegee. Dit het gemaak dat niemand kom jag het nie en dit het die mat onder baie wildboere uitgeruk. As jy 'n rooibok skiet, kry jy nouliks R1 000 vir die vleis by 'n slaghuis. As jy 'n rooiboktrofee laat jag, kry jy R4 000. Dit is 'n plesier vir buitelanders om hier te kom trofeejag teen die pryse waarvoor ons dit aanbied. Ek glo hierdie jaar gaan 'n wonderlike jagjaar wees!"

Kleurvariante het tot val gelei

"Ons omset het met meer as negentig persent geval," sê 'n wildboer wat anoniem wil bly. "Werkers moes afgelê word en alle kostes is tot op die been gesny. "Ons maak die afgelope twee jaar geen wins nie, maar byt vas in die hoop dat die bedryf kan herstel." Dié boer meen dat die groot beleggings in kleurvariante van buite die bedryf, gedryf deur die belofte van vinnige en groot winste, 'n groot aandeel gehad het in die uiteindelijke ineenstorting van die bedryf. **"Dit was absoluut onlogies en die massiewe winste het 'n klomp beleggers (ook nie-boere) aangetrek wat ook in ander skaars spesies belê het, wat pryse opgedruk het. Baie slim sakemanne met deeglike bemerkingskennis het toegetree en boere en beleggers was meegevoer in 'n spel waarvan hulle kennelik te min verstaan het."**

Volgens dié boer benodig jy met kleurvariante net een duur manlike dier. "Koeie en ooie is gewone kleur en goedkoop. Ná 'n paar geslagte teel jy dan superduur bokke uit gewone vroulike diere. "Dit is vanselfsprekend dat ineenstorting op oorproduksie sal volg."



Botse, 'n goue wildebeesbul, wat vir 'n rekordbedrag aangekoop is. Foto: Romaco Ranch

Ellalien Davey is die eienaar van Romaco Ranch in die Waterberge, sowat 25 km van Naboomspruit af. Sy en haar man, Colin, boer saam met hul seuns, Colin jr, Rodney en Malan, en besit ook Plant Ranch Kwekery met takke in Centurion en Germiston. Die gesin boer met verskeie wildspesies soos swart-witpense, siektevrye buffels, bastergemsbokke en kleurvariasies van hoë standaard. Romaco is veral ook bekend vir die goue wildebeeste wat hulle teel en waarmee haar pa, Jimie Malan, al in die vroeë 90's begin eksperimenteer het. In 2011 het hulle die bul Botse vir 'n rekordbedrag bekom en in 2016 is een van die eerste ou bulle met 26 duim-horings vir R325 000 laat jag. Jag het nog altyd deel van hul onderneming uitgemaak. Sedertdien het die wildbedryf ietwat anders verloop. "Ons is deur 'n nagmerrie die afgelope drie jaar," vertel Ellalien. "Eers was dit die droogte, en toe Covid-19. Toe die pryse begin val, was dit nogal 'n bomskok vir wildboere. Net toe ons weer ons glimlagte begin terugkry, is die reisverbod ingestel..." Tog is die wildbedryf nie heeltemal in sak en as nie en nuwe, jong boere is besig om toe te tree. Ellalien sê: "Hulle is nie bevooroordeel nie en beskou nie wildboerdery as net 'n belegging nie, maar as 'n boerderygeleentheid. Hulle fokus op jagdiere, wat hulle nou met die laer pryse kan bekostig en hulle boer meer ekstensief op hul plase sonder kampe. **"Dit gaan eintlik baie goed met die jagbedryf, en baie mense is al vol bespreek vir 2022.** As die buitelandse reisbeperkings net opgehef kan word en die jagters kan inkom!"

[Met die skryf van hierdie artikel het die reisbeperkings nog gegeld, maar dit is sedertdien opgehef. – Redakteur]

Die opbloeï in die jagbedryf het daartoe gelei dat daar 'n tekort aan veral trofee-jagdiere is. Die vraag na goeie trofeë van vlaktewild wat tot 'n mate "verwaarloos" was weens duurder spesies het so toegeneem dat daar tans 'n tekort aan goeie jagdiere is en pryse het goed gestyg.

Waardetoevoeging

Ellalien sê die terugslae wat die bedryf getref het, het hulle mooi daarvoor laat dink. "Ons het besef dat ons buiten die oorspronklike produk ook na ander aspekte van waardetoevoeging moet kyk. Ons oornaggete word nie meer net vir

jagters aangebied nie, ons stel dit ook beskikbaar aan naweekbesoekers en groepe soos voëlkykers. Vleisbewerking word ook opgegradeer. "Al verkoop ons nou meer jagdiere het ons nie opgehou om goeie genetika te produseer nie – kopers sal altyd 'n goeie prys vir goeie genetika betaal. Goeie teeldiere skep goeie jagdiere, omdat die beter genetika volhoubaar goeie trofeediere kan produseer. Die pryse is nou net meer volhoubaar omdat dit meer realisties is. **"Die pryse is bekostigbaar vir die nuwe toetreders, wat met gemak dieselfde of beter pryse vir hul aanteeldiere kan kry as wat hulle daarvoor betaal het, so almal kan vorentoe kyk!"**



Volgens 'n voorlegging van African Wildlife Auctions (AWA) van Vaalwater aan die WRSA, was daar verlede jaar, ondanks die inperking, 'n buitengewone oplewing in die wildmark. Inkomste uit AWA se tweemaandelikse veilings het sedert Maart tot September met reëlmaat toegeneem in vergelyking met wisselvallige veilingspryse die vorige twee jaar.

AWA se syfers toon dat die groot rolspelers nie meer soveel geld in die wildbedryf soos voor 2020 belê nie. Die mark word nou oorheers deur kopers wat wild vir die jagbedryf en vir groter én kleiner plase aankoop. Hierdie kopers se aankope maak tot tagtig persent van die veilingsinkomste uit en minstens twintig nuwe kopers registreer voor elke veiling.



Piet Warren met die legendariese swartwitpensbul.
Foto: Dr. Louis Greef

Belangstelling in goedkoper skaars wildspesies



Piet Warren, dr. Louis Greeff en Patrick Sambukeri werk met 'n swartwitpens. Foto: Christine Warren

Die nuwe kopers belê in skaars wildspesies omdat die huidige pryse meer bekostigbaar is as in die verlede. Die drastiese afname in die prys van hierdie spesies sedert 2017 het dus 'n nuwe marksegment geskep. Dit is byvoorbeeld meer bekostigbaar om nou 'n swartwitpenskoei as 'n koedoekoei aan te koop. Volgens AWA se rekords is nuwe toetreders se benadering anders omdat hulle nie die ineenstorting van hierdie marksegment tussen 2017 en 2019 beleef het nie. Laer pryse lei tot nuwe beleggings in die wildbedryf met die moontlikheid van 'n redelike opbrengs op 'n langtermynbelegging.

Jagwild se pryse styg

Volgens AWA is die grootste vraag na vlaktewild vir plaaslike en korporatiewe jagters, wat tot tekorte en gevolglike prysstygings lei. Die toenemende vraag na wildsvleis dra by tot hierdie tekorte.

Hierdie neiging word veral weerspieël in die styging van die prys vir koedoekoeie en -familiegroepe sedert 2017, toe die gemiddelde prys R4 522 was. Sedert Februarie tot September verlede jaar het die gemiddelde pryse van R6 965 tot R8 973 gestyg. Die afgelope drie jaar se droogte het daartoe bygedra dat daar tans nie in die vraag na vroulike diere

voorsien kan word nie.

Dieselfde neiging geld ook vir gemsbokkoeie en -familiegroepe, waarvan die gemiddelde prys van R8 625 in 2017 tot R12 100 in September verlede jaar toegeneem het.

Rooihartbeeskoeie en -familiegroepe is tans die skaarste van al die wildspesies, waarskynlik omdat hulle nie goed by die bosveldklimaat en droogte aangepas is nie. Pryse het van gemiddeld R5 806 in 2017 tot R4 469 in 2018 afgeneem, en in 2019 verder geval tot R3 876, voordat dit dramaties tot R12 500 in September verlede jaar opgeskiet het.



Timon Dreyer van AWA help om 'n kameelperd te laai. Foto: AWA

Afhangend van die genetica, verkoop swartwitpenskoeie tans teen tussen R8 000 en R15 000. Pryse het weens die tekort aan vroulike diere van R6 000 aan die begin van die jaar tot R10 000 in September toegeneem. Die tekort kan toegeskryf word daaraan dat swartwitpenskoeie tans goedkoper as die meeste ander groot vlaktewildspesies is.

Swartwitpensbulle se prys hang af van die horinglengte en diere met horings van 46 duim en langer kan tot R800 per duim haal.

Bastergemsbokkoeie verkoop vir tussen R12 500 en R20 000, afhangend van die genetica, terwyl bulle tussen R10 000 en R25 000 kos, afhangend van die ouderdom en horinglengte. Die vraag na die bastergembokbulle as teel- of jagdiere is die laagste van al die spesies.

Afhangend van die genetica en horinglengte, verkoop jong buffelkoeie tans vir R25 000, terwyl volwasse koeie tussen R30 000 en R40 000 haal. Buffelkoeie met 'n horinglengte van meer as 35 duim is duurder. AWA het bevind buffels wat in 'n boma besigtig kan word, is meer gewild op veilings as die diere wat net in 'n katalogus verskyn.

Buffelbulle van ouer as ses jaar met 'n harde horingbasis en horinglengte van meer as 38 duim behaal tussen R65 000 en R85 000. Bulle met 'n horingspan van meer as 44 duim behaal pryse van tussen R100 000 en R165 000.

Verwysings:

Wildlife Industry Status Report. (2021, October 23) African Wildlife Auctions
Steyn, T., Van Zyl, P. (2017). Master Game Ranchers of South Africa: Passion and Power. JLO Publishing, Pretoria
Stoddard, E. (2020, May 11). South African game-farming industry on the 'brink of collapse'. Daily Maverick <https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-05-11-south-african-game-farming-industry-onthe-brink-of-collapse/>

Hierdie artikel het op 14 Januarie vanjaar op die webblad <https://www.proagri.co.za/> verskyn.




BESPROEING EN MISWATER KANON- SPROEIERS

Hoëgehalte-reeks




HARDE PYP SELFAANGE- DREWE SPUITE

Perfek ontwerp



IRRIGATION UNLIMITED



PERROT



BAUER



LATCH

GOUKOPPEL PYPE EN TOEBEHORE

Plaaslik vervaardig



ALL BLACK- STELSEL PYPE & TOEBEHORE

Verminder diefstal
en verwerking



www.iunlimited.co.za

PRETORIA +27 12 736 2121
Tobie van den Heever +27 82 658 6054

KAAPSTAD +27 21 946 1194
Henko Cilliers +27 71 303 8829

die Kragspan
vir die produsent
begin op die plaas



vkb



IntelIGro
intelligent crop solutions

Die IntelIGro en VKB Kragspan van 2022/23 bied jou die volgende voordele:

'n Sakpas geleentheid om saad, gewasbeskerming, kunsmis, spesialis plantvoeding en biologiese produkte te bekom gedurende die hele groeiseisoen teen unieke kortingstrukture van tot en met 4.5% sowel as voordelige rentevrye betalingsterme. Hierdie unieke aanbod word deur Die Kragspan ondersteun deur die nodige kundigheid en professionele diens, want ons weet, alles begin op die plaas!



Skandeer die QR-kode om na 'n insigvolle verduideliking deur Johan Nienaber van IntelIGro en Bertie Smith van VKB te luister.

Wat kan Die Kragspan vir jou beteken?



ONS SLEUTELVERSKAFFERS



By **WINFIELD UNITED**

Multi Green
Kunsmis • Fertiliser

CORTEVA
agritelligence



Rolfes Agri

BASF
Wynland Chemicals

FMC
Agricultural Nutrition



- **IntelIGro** bied 'n omvattende produkreeks, asook die nodige kundigheid en ondersteunende tegnologie as deel van hierdie Strategiese Alliansie aanbieding.
- **IntelIGro** se Gewas Adviseurs sal produsente van tegniese advies voorsien en die kundige tegniese span sal verdere ondersteuning bied.



- **VKB** se hoofdoelwit is om koste-effektiewe produk- en finansieringsoplossings aan sy lede te bied en deur die benutting van sy omvattende infrastruktuur en logistieke netwerk, koste uit die voorsieningskanaal verminder.
- Benewens produksie-finansiering, wat produsente in staat te stel om die nodige insette te bekom, bied **VKB** ook 'n afset vir die produsente se produkte.



Hierdie unieke besigheidsmodel stel ons in staat om meer waarde aan produsente te lewer. Die sinergieë tussen die maatskappye bied 'n gedifferensieerde aanbod wat tans by geen ander verskaffer in Suid-Afrika beskikbaar is nie.

Hoe werk die kommersiële aanbiedinge?

Kommersiële aanbod 1 - Somer Rygewasse

Tydperk:	Die veldtog begin 1 Augustus 2022 en eindig 31 Oktober 2022
Gewasse:	Droëbone, Mielies, Saadmielies, Sojabone, Sonnebome, Suikerbone
InteliGro Gewasoplossings:	Omvattende gewasbeskerming en biologiese oplossings wat deel vorm van die produkte benodig voor-plant, met-plant, voor-blom, in-blom stadiums
Voordeel:	InteliGro Gewasoplossings: 3% korting Dekalb Saad: 1% korting Multi Green kunsmis: 0.5% korting
Administrasie:	* InteliGro Gewasoplossings - Faktuur word op rekening gehef by VKB op 1 Desember 2022 - 3% korting realiseer op dieselfde datum * Normale rekening: Betaalbaar 31 Januarie 2023 (Tot en met 6 maande rentevry) * Produksie fasiliteit: Betaalbaar 31 Augustus 2023 (tot en met 6 maande rentevry)
Dekalb Saad:	Skakel VKB vir die opsies rondom fakturering en korting. Addisionele 1% korting mits u gebruik maak van die aanbieding.
Multi Green kunsmis:	Omvattende kunsmis oplossings wat benodig word ter voorbereiding vir die grond sowel as met-plant Skakel VKB vir die opsies rondom fakturering en korting. Addisionele 0.5% korting mits u gebruik maak van die aanbieding.
Verwysing na promosie veldtog:	#Kragspan1

Kommersiële aanbod 2 - Somer Rygewasse

Tydperk:	Die veldtog begin 1 November 2022 en eindig 31 Januarie 2023
Gewasse:	Droëbone, Mielies, Saadmielies, Sojabone, Sonnebome, Suikerbone
InteliGro Gewasoplossings:	Omvattende gewasbeskerming, gespesialiseerde plantvoeding en biologiese oplossings wat deel vorm van die produkte benodig vir opvolg bespuitings.
Voordeel:	InteliGro Gewasoplossings: 3% korting Multi Green kunsmis: 0.5% korting
Administrasie:	* InteliGro Gewasoplossings Faktuur word op rekening gehef by VKB op 1 Maart 2023 3% korting realiseer op dieselfde datum * Normale rekening: Betaalbaar 30 April 2023 (tot en met 6 maande rentevry) * Produksie fasiliteit: Betaalbaar 31 Augustus 2023 (tot en met 6 maande rentevry)
Multi Green kunsmis:	Omvattende kunsmis oplossings wat benodig word vir addisionele regstellings na plant . Skakel VKB vir die opsies rondom fakturering en korting. Addisionele 0.5% korting mits u gebruik maak van die aanbieding.
Verwysing na promosie veldtog:	#Kragspan2



Hoe werk die kommersiële aanbiedinge?

Kommersiële aanbod 3 - Somer Rygewasse

Tydperk:	Die veldtog begin 1 Februarie 2023 en eindig 31 Maart 2023
Gewasse:	Droëbone, Mielies, Saadmielies, Sojabone, Sonneblomme, Suikerbone
InteliGro Gewasoplossings:	Omvattende gewasbeskerming, gespesialiseerde plantvoeding en biologiese oplossings wat deel vorm van die produkte benodig vir opvolg besputings, regstellings en voeding – Finale besputings.
Voordeel:	InteliGro Gewasoplossings: 3% korting Multi Green kunsmis: 0.5% korting
Administrasie:	<p>* InteliGro Gewasoplossings</p> <p>Faktuur word op rekening gehef by VKB op 1 Junie 2023 3% korting realiseer op dieselfde datum</p> <p>* Normale rekening: Betaalbaar 31 Julie 2023 (tot en met 6 maande rentevry)</p> <p>* Produksie fasiliteit : Betaalbaar 31 Augustus 2023 (tot en met 6 maande rentevry)</p>
Multi Green kunsmis:	Omvattende kunsmis oplossings wat benodig word vir addisionele regstellings en voeding benodig na pla Skakel VKB vir die opsies rondom fakturering en korting. Addisionele 0.5% korting mits u gebruik maak van die aanbieding.
Verwysing na promosie veldtog:	#Kragspan3

Kommersiële aanbod A

Tydperk:	Die veldtog begin 1 Augustus 2022 en eindig 31 Maart 2023
Gewasse:	Aartappels, Kern-en Steenvrugte
InteliGro Gewasoplossings:	Omvattende gewasbeskerming-, gespesialiseerde plantvoeding- en biologiese oplossings, asook ondersteunende tegnologie vir aartappels, kern- en steenvrugte.
Voordeel:	InteliGro Gewasoplossings: 3% korting Multi Green kunsmis: 0.5% korting
Administrasie:	<p>* InteliGro Gewasoplossings</p> <ul style="list-style-type: none"> - Faktuur word op rekening gehef by VKB 90 dae na staat, betaalbaar na 120 dae (bv. Aankoop 1 Augustus 2022, betaalbaar 31 Desember 2022) - 3% korting realiseer op dieselfde datum - Bayer Aartappel MM pakke: Faktuur word op rekening gehef by VKB 150 dae na staat, betaalbaar na 180 dae (bv. Aankoop 1 Augustus 2022, betaalbaar 28 Februarie 2023)*
Multi Green kunsmis:	Omvattende kunsmis oplossings wat benodig word vir aartappels Skakel VKB vir die opsies rondom fakturering en korting. Addisionele 0.5% korting mits u gebruik maak van die aanbieding.
Minimum vereiste vir korting:	30% ondersteuning aan InteliGro en VKB van totale aartappel hektare
Verwysing na promosie veldtog:	#KragspanA
	*Bayer Aartappel MM pakke is slegs beskikbaar aan Vrystaatse produsente, sowel as Settlers area.





GEWASSE

- Droëbone
 - Mielies
 - Saadmielies
 - Sojabone
 - Sonnebome
 - Suikerbone
 - Aartappels
 - Kern- en Steenvrugte
- * *Sien details vir gewasse per aanbieding*

VERTROUDE BESIGHEIDSVENNOTE

- Besoeke aan Proefpersele
- Gewas Adviseurs
- Opleidingsmateriaal: *Produsent en Spuitoperateur*
- Takbestuurders
- Tegnieese ondersteuning
- Uitsette & kwaliteit optimaliseer
- Gereelde gefokusde kommunikasie
- Wins maksimeer

GEWASOPLOSSINGS

- 3% korting op **InteliGro** gewasspesifieke oplossings
- 0% **VKB**-toeslag op gewasbeskerming



KUNSMIS

- 0,5% korting op Multi Green kunsmis, indien deur **VKB** bestel en deel vorm van veldtog



SAAD

- 1% korting op Dekalb saad, indien deur **VKB** bestel en deel vorm van veldtog



RENTEVRYE KOMPONENT

- **GEWONE REKENING:** Betaalbaar 31 Januarie 2023
(Tot en met 6 maande rentevry)
- **PRODUKSIE:** Betaalbaar 31 Augustus 2023
(Tot en met 6 maande rentevry)

Hoe raak ek betrokke by die veldtog?

Skakel jou naaste **VKB**-takbestuurder of **InteliGro** Gewas Adviseurs om meer uit te vind oor jou spesialis gewasspesifieke oplossing en voordeel



**GEVORDERDE
BESKERMING**



Koop 50

**DEKALB®-saadsakke
(80KKE) en kry:**



**R7,50/kg afslag
op Velum® 1 GR**



**R12/ℓ afslag
op Guardian®**



**R100/ℓ afslag
op Decis® Forte**

EN / OF

EN / OF

EN / OF



**R160/ℓ afslag
op Laudis®**



**R10/ℓ afslag
op Bullet®**



**R10/ℓ afslag
op Harness Xtra®**

Ontdek die
#DEKALBvoordeel



Maak grond-, plant- en wortelgesondheid hierdie seisoen 'n prioriteit!

Aalwurms, snywurms en ander grondgedraagte insekte kan groot skade aan jou mielielande aanrig indien die korrekte beheerstrategieë nie vroegtydig in plek gestel word nie. Met Bayer se **Velum® 1 GR**, **Decis® Forte**, **Guardian®**, **Laudis®**, **Bullet®** en **Harness Xtra®** kan jy nou jou mieliegewasse die nodige beskerming bied en sodoende gemoedsrus kry dat jou boerdery hierdie seisoen in goeie hande is.

www.cropscience.bayer.co.za /// www.bayer.co.za /// Tel: +27 11 921 5002 /// @DEKALBSA | @Bayer4Crops

Bayer (Edms) Bpk. Reg. No. 1968/011192/07. Wrenchweg 27, Isando, 1601. Posbus 143, Isando, 1600. Die registrasie-eienaar van **DEKALB®** is Bayer AG, Duitsland. Die volgende produkte is handelsmerke van Bayer AG, Duitsland en is geregistreer onder Wet Nr. 36 van 1947: **Decis® Forte** - Reg. Nr. L6563, **Laudis®** - Reg. Nr. L8525, **Velum® 1 GR** - Reg. Nr. L10783, **Bullet®** - Reg. Nr. L5623, **Harness® Xtra** - Reg. Nr. L7703, **Guardian®** - Reg. Nr. L4862.

Sien om na die gesondheid van

jou skildklier



Ons hoor dikwels dat veral vroue weens 'n skielike toename of verlies in gewig sal sê hulle wonder of die fout nie by hul skildklier lê nie. En in baie gevalle is hulle heeltemal reg. Ons hoor al hoe meer van mense wat skildklierhormoonvervangings terapie ondergaan, of wat nodules het wat gemonitor moet word. Maar wat presies is die funksies en die invloed van 'n mens se skildklier op jou gesondheid en algehele welstand?

Volgens www.wikipedia.org is die skildklier "'n orgaan in die nek wat om die lugpyp vou" en te make het "met die regulering van metabolisme deur middel van verskeie hormone wat deur die klier afgeskei word.

Die skildklier (*glandula thyreoidea*) of tiroïed is volgens hierdie bron die grootste endokriene of hormoonproduserende orgaan in die liggaam. "Die belangrikste werking van die skildklierhormoon is die stimulering van die metabolisme.

'n Artikel op Netwerk24 se webblad verduidelik dit verder deur te sê die skildklier skei twee hormone af, naamlik die tiroïëdhormone T3 en T4 wat verantwoordelik is vir die werking van die liggaam se metabolisme, oftewel hoe vinnig of stadig jou liggaam energie verbruik.

Die werking van die skildklier word weer op sy beurt beheer deur hormone wat deur kliere in die brein vervaardig word.

Skildklierprobleme

Skildklierprobleme kom oor die algemeen meer by vroue as by mans voor en dit gaan gewoonlik altyd gepaard met 'n verandering in die hormoonproduksie van die orgaan. Dit kan verhoog (hipertiroïdisme) of verlaag wees (hipotireose).

In die artikel op www.netwerk24.com word die simptome vir 'n ooraktiewe skildklier as volg aangedui:

- Jy sukkel om gewig aan te sit.
- Jy kry maklik warm [en sweet dus baie].
- Jou hartklop en asemhaling raak vinniger.
- Jy ly aan slaaploosheid.
- Jy is angstig en chronies moeg.
- Jou oë lyk asof dit uitpeul.
- Jou skildklier is fisiek vergroot.

Wat 'n onderaktiewe skildklier betref, lyk die simptome soos volg:

- Jou gewig neem toe.
- Jy kry maklik koud.
- Jou hartklop en asemhaling raak stadiger.
- Jou eetlus neem af.
- Jy is hardlywig.
- Jou haargroei neem af of jou hare val uit.
- Jy sukkel om te konsentreer.
- Jy is depressief.
- Jou oë lyk pofferig.

Volgens hierdie artikel sal psigiaters, neuroloë en spesialiste gewoonlik iemand met simptome wat op demensie dui, eers vir skildklierprobleme toets "omdat 'n ooraktiewe of onderaktiewe skildklier soms soortgelyke simptome kan veroorsaak". So 'n persoon sal tipies sukkel om te praat en aan kognitiewe inkrimping ly.

"Maar as dit weens die skildklier is, verdwyn baie van daardie simptome met die regte behandeling."

Onbehandelde skildklierprobleme kan volgens die artikel op die lang duur tot ernstige gesondheidsprobleme lei, soos hartprobleme, geestesiekte, osteoporose, oog- en sigprobleme en skade aan die senuweestelsel.

Die tipiese simptome van skildklierprobleme of afwykings, kan baie maklik dieselfde wees as die simptome van baie ander kwale. In baie gevalle is die simptome heel subtiel en ontwikkel dit stadig en is dit volgens hierdie artikel net die uiterste simptome wat maklik raakgesien word vir wat dit is.

Skildklierprobleme kan met basiese bloedtoetse vasgestel word. Daarom word daar aanbeveel dat jy jou huisdokter vra om dit jaarliks saam met jou gewone gereelde bloedondersoek te laat nagaan sodat dit so gou as moontlik behandel kan word indien daar wel probleme is.

Behandeling

'n Ooraktiewe of onderaktiewe skildklier word met hormoonbehandeling behandel. Hierdie medikasie sal die produksie van die tiroïedhormone onderskeidelik onderdruk of stimuleer. Daar word beklemtoon dat die medikasie lewenslank én korrek volgens die voorskrif gebruik moet word.

Die pasiënt se hormoonvlakke sal ook meer as een keer per jaar getoets moet word, omdat seisoene die skildklierhormone beïnvloed. Deur die toetse kan vasgestel word of die hormoonbehandeling opwaarts of afwaarts aangepas moet word omdat dit so noodsaaklik is dat die vlakke korrek moet wees.

Skildklieraandoeninge

As gevolg van die oor- of onderaktiwiteit van die skildklier is daar 'n hele aantal siektes wat daaruit kan vloeï, soos die volgende siektes uit die artikel op www.wikipedia.org.

"Vir die normale groei van die skildklier sowel as vir die vorming van die skildklierhormoon is jodium onmisbaar. 'n Jodiumtekort sal lei tot die vergroting van die skildklier, 'n toestand wat as **kropsiekte** (in Engels *goiter*) bekend staan.

"Met **kropgeswel of struma** word aangedui dat die skildklier vergroot is, hetsy diffuus (dit wil sê in die geheel) of nodulêr (dit wil sê net op 'n paar plekke). "As die klierfunksie normaal is, word van 'n nie-toksiese struma gepraat. Vanweë die oppervlakkige ligging van die skildklier in die nek is 'n struma meestal maklik voelbaar en meestal sigbaar. Soms kan so 'n struma tot agter die borsbeen uitbrei (retrosternale struma). Deurdat dit na agter uitgroeï, kan dit op die lugpyp druk, waartydens benoudheid ontstaan, en dit kan ook op die slukderm druk, wat sluk bemoeilik."

Indien dit die geval is, sal dit geopereer moet word. **Skildklierontsteking (tiroïditis)** "kan veroorsaak word deur bakterieë of virusse en is dan dikwels 'n komplikasie van 'n infeksiesiekte soos tifoïed (maagkoors), longontsteking of griep. Hierdie akute tiroïditis is seldsaam; dit begin skielik met koors, malaise (algemene gevoel van ongesteldheid) en pyn in die nek, veral tydens sluk.

Ontsteking van die tiroïed wat van 'n nie-infektiewe aard is, is siektes soos **Hasjimoto se siekte** (struma lymphomatosa)."

Quervain se tiroïditis (reusesel-tiroïditis) en die struma van Riedel. Hasjimoto se siekte, die algemeenste van hierdie tipes siektes, veroorsaak weinig klagtes. Die skildklier is matig vergroot en voel sponserig of rubberig.

"By die meeste pasiënte ontstaan 'n hipotireose. In die bloed is teenliggame teen die pasiënt se eie skildklier, sodat die siekte as 'n outo-immuunsiekte (hier reageer die liggaam teen sy eie weefsel asof dit liggaamsvreemd is) beskou word. Klagtes van pasiënte ontstaan as gevolg van die drukking van die struma op die direkte omgewing rondom. "By die seldsame struma van Riedel vertoon die skildklier meestal 'n lokale, harde, nie-pynlike vergroting wat met die omgewing vergroei is.

Veel pynliker is Quervain se tiroïditis, wat skielik kan ontstaan en net so vinnig kan verdwyn."

Basedow se siekte "is 'n outo-immuunsiekte en gaan met hipertiroïdisme en uitpeuloë (eksoftalmos) gepaard. Die aandoening word veroorsaak deur die langwerkende tiroïedstimuleerder (LATS), 'n anti-liggaam teen die eie skildklierweefsel.

'n Gewas aan die skildklier kan 'n "skildklierkarsinoom of 'n skildklieradenoom wees. Die kwaadaardige skildklierkarsinoom veroorsaak slegs ongeveer 0,5 % van alle sterfgevälle as gevolg van kanker.

"'n Gewas is meestal in die vorm van 'n knobbel aanwesig en kan daarom redelik maklik opgespoor word. Op 'n flikkergram wat gemaak word ná die toediening van radioaktiewe jodium, kan die gewas duidelik tussen die ander gesonde skildklierweefsel opgemerk word."

Sulke gewasse word meestal chirurgies verwyder. "'n Ander moontlike behandeling is die toediening van 'n groot dosis radioaktiewe jodium, wat in die normale skildklierweefsel en in die metastases (vertakkings) ophoop en sodoende die karsinoom van binne af bestraal.

"Die goedaardige adenoorm produseer meestal wel 'n hormoon, soms 'n verhoogde hoeveelheid (dan bekend as 'n toksiese adenoorm).

Knobbels in die skildklier kan ook veroorsaak word deur siste.

'n Seldsame aangebore afwyking is die **afwesigheid van 'n skildklier (aplasie).**"

Wanneer sal jou skildklier verwyder word?

Om die skildklier te verwyder sal net in uiterste gevälle as 'n laaste uitweg oorweeg word, dui die artikel op netwerk24.com aan.

Dit word wel verwyder as dit baie groot is en veroorsaak dat pasiënte sukkel om te sluk of behoorlik asem te haal. Dit word ook verwyder in die geval van kwaadaardige gewasse. Party mense het van nature 'n uitermatige groot skildklier hoewel dit nie inmeng met hul vermoë om te sluk of asem te haal nie, in welke geval dit om kosmetiese redes verwyder kan word.

In al hierdie gevälle sal die persoon ook lewenslank hormoonbehandeling ontvang, en omdat die skildklier ook te make het met die opname van kalsium, sal die pasiënt se kalsiumvlakke en ook ystervlakke gereeld nagegaan moet word.

Is behandeling vir 'n onderaktiewe skildklier jou paspoort tot 'n beter figuur?

As "geen dieet werk nie" en 'n onderaktiewe skildklier word wel by die persoon gediagnoseer, sal die nodige hormoonbehandeling nie noodwendig die oortollige kilogramme laat verdwyn nie, word 'n kenner in die Netwerk24-artikel aangehaal.

"Die skildklierpilletjie sal die pasiënt moontlik beter laat voel en die energievlakke gaan waarskynlik toeneem, maar die gewig kan bly sit. Dit is omdat daar soveel faktore is wat 'n rol speel by ons liggaamsgewig." Gaan klop by 'n dokter of dieetkundige aan vir advies om jou leefstyl én eetgewoontes aan te pas om op 'n gesonde wyse die ekstra gewig af te skud.



VOERE BREI BEMARKINGSPAN EN PRODUKREEKS UIT

QPro Voere, 'n volfiliaal van VKB met fabriek in Bethlehem en Vrede, streef daarna om gehaltesdiens aan ons boere te lewer. Om diensvlakke te verhoog het ons ons bemarkingspan vergroot.

Ons het ook ten doel om ons voetspoor te vergroot en die QPro Voere-naam wyer te vestig.

QPro Voere verskaf nie alleen hoenderkos nie, maar het ook 'n volledige reeks vark-, suiwel-, bees-, skaap- en wildreeks. Ons nuutste toevoeging tot ons produkreeks is die langvesel Vetbees 12 wat 'n volledige voer is met ruvesel vir die afronding van beeste.

Vetbees 12 is 'n volledige produk wat net so uit die sak geskud kan word en geen verdere vermenging word vereis nie. Met 12% proteïen en voldoende energie asook spoorminerale is dit 'n produk wat sy merk in die mark sal maak.

Die QPro-bemarkingsspan bestaan uit:



Alfons Ferreira: Danielsrus, Reitz, Frankfort, Villiers en Heilbron
Telefoon 079 879 6341



Tiaan Jacobs: Bethlehem, Harrismith, Newcastle, Standerton en Paulpietersburg
Telefoon 064 088 1762



Nardus Mostert: Fouriesburg, Ficksburg, Clocolan, Ladybrand, Senekal en Lindley
Telefoon 076 412 6708



Leon van Dijkhorst: Limpopo en alle NTK-takke
Telefoon 072 910 4040



Inus Wessels: Suid-Vrystaat en Oos-Kaap
Telefoon 084 800 0514



VOERE HOU ROOIWARM WINTERPROMOSIE

QPro Voere het 'n baie suksesvolle rooiwarm winterpromosie gehad ter viering van hul nuwe lekkaanleg en pilmasjien. Die vier Vuurvegters wat tydens die promosie gewen kon word, is betyds by die weners uitgekry voor die aanvang van die brandseisoen.

Die gelukkige weners is:

Limpopo:



Leon van QPro, Gerrit, die takbestuurder, en Christine Badenhorst van die plaas Prairie, Baltimore

Vrystaat:



Graham Hobbs van Harrismith en Werner de Jager van Memel.

Nylstroom:



Neels Deetlifs ontvang sy Vuurvegter van Adriaan, die takbestuurder, en Leon van QPro Nylstroom



A.J. Strydom, QPro-drywer, oorhandig voer aan Steve van Staden van die Ysterberg Studiegroep.

QPro Voere het ook tydens die onlangse brande in Pietersburg, waartydens ongeveer 30 000 hektaar afgebrand het en verskeie diere omgekrom het, voer geskenk om die verlies van ons kliënte te versag. Die Ysterberg Studiegroep het die voer ontvang en volgens behoefte aan die boere toegeken. Steve van Staden van die Ysterberg Studiegroep het die voer namens hulle ontvang.

Werknemertrusts – ons laat dit werk vir ons werkers

Die VKB Groep het drie werknemertrusts. Die VKB Landbou-werknemertrust en die VKB Agri Processors-trust is gestig om ons werknemers te bemagtig deur vir hulle ekonomiese belang te skep en hulle in staat te stel om te deel in die ekonomiese waarde wat deur die stigters geskep word. Die Grainfield Chickens-werknemertrust is gestig om die belang van sy begunstigdes verder te verbeter deur 'n struktuur daar te stel wat aan die begunstigdes die geleentheid bied om voordeel te trek uit die trust se belange wat in die sakebedrywighede gehou word (tans twee braaiuikenhokke).

Op 27 Mei vanjaar het die trusteees van die drie werknemertrusts 'n opleidingsessie bygewoon en ook die kwartaallikse vergadering van die raad van trusteees gehou, waar Collen Maphaha, wat onlangs verkies is tot begunstigde-trustee, by die VKB Landbou-werknemertrust verwelkom is. Die trusteees beheer en bestuur die trust se werksaamhede tot voordeel van die begunstigdes.

Alle werknemers wat op 1 April van elke jaar vir langer as 12 maande 'n permanente werknemer is, kwalifiseer as begunstigde van hierdie trusts.

Die Landbou-werknemertrust en die VKB Agri Processors-werknemertrust verkry hul inkomste uit dividende wat hulle ontvang van hul onderskeie beheermaatskappye (VKB Landbou Beneficiaries Holdings (Edms.) Bpk. en VKB Agri Processors Beneficiaries Holdings (Edms.) Bpk.), waarin die trusts 100% van die uitgereikte gewone aandele hou. VKB Landbou Beneficiaries Holdings (Edms.) Bpk. hou op sy beurt 15% van die uitgereikte gewone aandele in VKB Landbou (Edms.) Bpk. en 15% van die uitgereikte gewone aandele in VKB Fuels (Edms.) Bpk., terwyl VKB Agri Processors Beneficiaries Holdings (Edms.) Bpk. 15% van die uitgereikte gewone aandele in VKB Agri Processors (Edms.) Bpk. hou.

Die twee begunstigde maatskappye ontvang periodiek dividende as aandeelhouders van hul onderskeie beheermaatskappye, wat dan deur die werknemertrusts onder die begunstigdes verdeel word. Verdelings word gelykop gemaak aan begunstigdes op voorwaarde dat minstens 51% van die verdelings aan swart individue gaan. Hierdie verdelings vorm nie deel van die werknemers van die VKB Groep se vergoedingspakkette nie.

Die Grainfield Chickens-werknemertrust is 'n ondernemingstrust wat sy inkomste verkry uit sakebedrywighede. Die trust is een van die kontrakgroeiërs vir Grain Field Chickens (Edms.) Bpk. en besit en bedryf twee braaiuikenhokke. Die trust hou geen aandele in Grain Field Chickens (Edms.) Bpk. nie, maar die werknemers van Grain Field Chickens (Edms.) Bpk. is die begunstigdes van die trust en is as sodanig bemagtig om te deel in die ekonomiese waarde wat deur die sakebedrywighede van die trust geskep word.

Die Korporatiewe Dienste-afdeling bestuur die korporatiewe administrasie van die drie trusts.

Die trusteees van die trusts en Korporatiewe Dienste-werknemers is soos hieronder:



BEGUNSTIGDE TRUSTEES

Nare Mashilo en Pearl Mashele van die VKB Agri Processors-werknemertrust
Collen Maphaha en Portia Lepesa van die VKB Landbou-werknemertrust
Maggy Dhladla en Lydia Mofokeng van die Grainfield Chickens-werknemertrust



WERKNEMERS VAN KORPORATIEWE DIENSTE

Yadah Lourens, Rina Erasmus en Yvette Rossouw van die Korporatiewe Dienste-afdeling, wat die korporatiewe administrasie van die trusts bestuur.



VKB AGRI PROCESSORS-WERKNEMERSTRUST

Markus Mittermaier, Stefan Strydom (onafhanklike voorsitter/trustee), Nare Mashilo, Pearl Mashele, Philip Labuschagne en Moses Maine



GRAINFIELD CHICKENS-WERKNEMERSTRUST

Deon Nel, Stefan Strydom (onafhanklike voorsitter/trustee), Ettienne du Toit (rekenmeester), Lydia Mofokeng, Maggy Dhladla en Moses Maine

VKB LANDBOU-WERKNEMERSTRUST

Deon Nel, Stefan Strydom (onafhanklike voorsitter/trustee), Collen Maphaha, Portia Lepesa en Moses Maine

Beskikbaar by jou naaste tak

vkbn tk

RAAK ONTSLAE VAN BREËBLAAR ONKRUID OP JOU GRASPERK!



Selektiewe onkruidodders: Pure Lawn / Versus / Scatterkill for Weeds

- Beheer breëblaaronkruid op grasperk
- Maak nie grasperk dood nie

Om meer uit te vind oor ons volledige reeks produkte,
kontak ons by 0861 PROTEK (0861 77 68 35)

www.protek.co.za

Insekdoders	Onkruidodders	Swamdoders
Spesialiteite	Knaagdierdoders	Kunsmis

Geregistreer in terme van Wet 36 van 1947
Pure Lawn: MCPA 400 g/l, L7220, VERSIGTIG, Registrasiehouer: Arysta LifeScience Suid-Afrika (Edms) Bpk., Registrasienuommer: 2009/019713/07, 7 Sunbury Office Park, Off. Douglas Saunders Drive, La Lucia, 4019 **Versus:** dicamba 120 g/l, 2,4-D 180 g/l a.e., MCPA 157.5 g/l, L8879, SKADELIK, Registrasiehouer: Arysta LifeScience Suid-Afrika (Edms) Bpk., Registrasienuommer: 2009/019713/07, 7 Sunbury Office Park, Off. Douglas Saunders Drive, La Lucia, 4019 **Scatterkill for Weeds:** reg no L4182, dicamba (dimethyl amine salt) 10 g/kg, MCPA (dimethyl amine salt) 5 g/kg, VERSIGTIG, Registrasiehouer: Effecticide (Edms) Bpk, Maatskappy reg no 08/06493/07, Eenheid 5, King Court, Mineral Crescent, Crown Industrial, Johannesburg, 2001, tel no (011) 839 1636 **Versprei deur:** Protek, 'n divisie van PE-BEE Agri (Edms) Bpk, Posbus 72, Heidelberg, 1438, tel no (011) 812-9800 of 0861 PROTEK (0861 77 68 35), www.protek.co.za



Vir jou Huis en Tuin!

VKB

open spog-tak op Hendrina

Hendrina in Mpumalanga is hoofsaaklik bekend vir sy mynbedrywighede, maar die landboubedryf in hierdie omgewing bring beslis ook sy kant. Boere en dorpenaars was dus verheug toe VKB sy deure op 16 Mei vanjaar in dié dorp oopgemaak het.

Paul Marx is vanaf Heilbron bevorder tot takbestuurder van Hendrina en saam met 'n entoesiastiese span bedien hy Hendrina se producente en die algemene publiek.

Paul en sy span sê hul diens is wêreldklas en hulle wil graag hê kliënte moet dit kom beproef. Die gemeenskap het hulle reeds met ope arms verwelkom, maar die dinamiese span soek meer besigheid sodat Hendrina op almal se lippe sal wees.

Die span van Hendrina saam met Paul Marx bestaan uit Qinselani Ngomane (algemene werker), Given Shabangu (algemene werker), Piet Manoto (vurkhyserdrywer), Yonelda Janse van Vuuren (admin-beampte), Lindo Khumalo (ontvangsklerk), Buyiswa Lulama (kassier), Christene Swart (junior takbemarker), Abrie Ferreira (takbemarker) en Landis Campher (kassier).

Baie sterkte aan hierdie jong span met die groot uitdaging om VKB in Hendrina te vestig. Hulle is slag-gereed vir die uitdaging!



Paul Marx is die bestuurder van die Hendrina-tak.



Hannes de Jager (heel regs) wens Thys Marx geluk met die nuwe tak terwyl Toppie Jonker en Be Jay Cornelius (heel links) regstaan om hulle te ondersteun.

Finansiering-span dra by tot welvaartskepping



Werknemers in Finansiering is dankbaar en trots om deel te kan wees van welvaartskepping vir die produsent en VKB. Personeel in Limpopo en in die Vrystaat vorm een span onder die bekwame leiding van Bertie Smith as uitvoerende direkteur: Kommersiële en Finansiële Dienste op hoofbestuursvlak, en op bedryfsvlak Johan van Staden as die uitvoerende hoof: Finansiering. Gerhard Mostert, senior kredietbestuurder, het die volgende vrae in samewerking met die span beantwoord:

Wat is die hoofsaak van die afdeling?

- Die verskaffing van krediet aan produsente wat hulle in staat stel om die nodige insette te bekom ten einde landbouprodukte suksesvol en volhoubaar te produseer.
- Om roekelose verskaffing van krediet te voorkom.
- Om optimale vs. maksimale finansiering te verseker.
- Om afskrywings te beperk en wins te maak.

Wat bied werksbevrediging in julle bedryf?

- Die bydrae wat Finansiering lewer tot die sukses van ons eie besigheid en tot die sukses van ons produsente se besighede.
- Die eienaarskap wat elke werknemer in Finansiering neem tot die opbou en suksesse van ons besigheid.

Wat is die grootste uitdagings?

- Die veranderde en veranderende natuurtoestande.
- Die verswakkende ekonomie in die wêreld.
- Die beskikbaarheid van fondse en die bekostigbaarheid daarvan.
- Die veranderde regulatoriese omgewing.

Julle werk hoofsaaklik met kliënte. Hoe belangrik is samewerking van ondersteunende afdelings en die bedryf as sulks?

Die samewerking van ondersteunende afdelings is baie belangrik ten einde gestelde doelwitte vir VKB in sy geheel te kan bereik. Samewerking is baie belangrik vir die volhoubaarheid van die besigheid.

Wat verseker sukses vir julle?

Genade, vertroue, eerlikheid en kommunikasie.

Hoe belangrik is die span?

Sonder 'n gelukkige en gemotiveerde span wat in dieselfde rigting trek, kan geen sukses bereik word nie. Ons is een span – Limpopo en Vrystaat – en ons het een doelwit en ons trek in dieselfde rigting.

Watter bydrae lewer julle tot die sukses van VKB?

Finansiering dra by tot VKB se sukses omdat die produsente in staat gestel word om besigheid met VKB te kan doen, met onder andere Kommersiële Dienste, Insethandel, Graandienste, Graanbemarking en Versekering.

Foto:

Agter: Adolf Botha (kredietbestuurder), Marie van Jaarsveld (krediet-assistent), Nasthasia Botha (krediet-assistent), Alicia Heymans (krediet-assistent) en Elmarie Kroon (kredietkontroleur).

Middel: Gerhard Mostert (senior kredietbestuurder), Natasha Grobbelaar (krediet-assistent), Hanlie van Rensburg (admin-bestuurder), Judy Janse van Rensburg (admin-bestuurder), Bennie Smit (krediet-assistent), Sanet Bosman (assistent-rekenmeester), Ferdie Roodt (kredietbestuurder) en LR Klynsmith (kredietbestuurder).

Voor: Lindie Lourens (krediet-assistent), Isabel Kriek (krediet-assistent), Elzabe Bezuidenhout (krediet-assistent), Kobus Strydom (kredietbestuurder), Dewalt Streak (kredietbestuurder) en Susan Nortje (krediet-assistent).

Levy Malemela

knows the business from all sides



Levy Malemela is a credit manager in Limpopo who not only surprises the customers with his language skills, but also impresses them with excellent knowledge of financing and agriculture. Levy believes the more you put in, the more you get out. If you put in hard work, you will reap the results.

Levy grew up in Tshoare Village near Polokwane. It is a small village close to the University of the North, but that is not where Levy started his academic trail. After school he did a national diploma in plant production. He completed it in the prescribed three years by working hard and leaving the playing to his fellow classmates. He did the final practical year at the University of the North. He worked as a trainee technician and the experience he got there was a good foundation for the rest of his career.

In 1999 Levy got a job at the Agricultural Research Council in Roodeplaat as research technician. After three years he decided to make a career change and applied for a job at Standard Bank. In 2004 Levy got a job at Landbank, working in the same building he is working now, but back then it belonged to Landbank. He then moved to Nedbank as Business Manager: Agriculture in Polokwane.

In 2015 Levy decided to send his CV to VKB. Levy wanted to explore the corporate side of financing and after waiting for a position to become available in VKB, he joined the group in 2016 as credit manager in Limpopo.

Besides his initial qualifications, Levy also did a B Tech Agric Management through Unisa in 2001 and Programme in Credit Management in 2018. He recently received his postgraduate diploma in Sustainable Agriculture from the University of the Free State with a bursary from VKB. He completed this course with distinction.

Because he enjoys studying he might study some more because Levy believes you need to upskill to keep up with the ever changing environment of the industry. Qualifications develop you to do better.

Levy likes his job and VKB. Of all the companies he has worked for, VKB comes out on top! After eight years of service he still has much to offer VKB and the farmers he services.

Beskikbaar by jou naaste tak

vkbntk

RAAK ONTSLAE VAN ALLE ONGEWENSTE GRAS EN ONKRUID!



Nie-selektiewe onkruidodders: Clear All / Clear Pave / Two-Step SC / Comet GR

- Beheer alle ongewenste eenjarige- en meerjarige grasse, breëblaaronkruid, riete en indringerstruik

Om meer uit te vind oor ons volledige reeks produkte,
kontak ons by 0861 PROTEK (0861 77 68 35)

www.protek.co.za

Insekdoders	Onkruidodders	Swamdoders
Spesialiteite	Knaagdierdoders	Kunsmis

Geregistreer in terme van Wet 36 van 1947
Clear Pave: glifosaat 360 g/l a.e, L7219, VERSIGTIG **Clear All:** glifosaat 360 g/l a.e, L7221, VERSIGTIG, Registrasiehouer: Anysta LifeScience Suid-Afrika (Edms) Bpk., Registrasienommer: 2009/019713/07, 7 Sunbury Office Park, Off. Douglas Saunders Drive, La Lucia, 4019 **Comet GR:** L7524, Bromacil (Uracil) 80 g/kg, Terbutylazine (Triazine) 120 g/kg, VERSIGTIG, **Two-Step SC:** L9401 Glyfosate Isopropylamine Salt 167 g/l, Glyfosate Acid 125 g/l, Simazine (Triazine) 175 g/l, Terbutylazine (Triazine) 175 g/l, VERSIGTIG **Versprei deur:** Protek, 'n divisie van PE-BEE Agri (Edms) Bpk, Posbus 72, Heidelberg, 1438, tel no (011) 812-9800 of 0861 PROTEK (0861 77 68 35), www.protek.co.za



Vir jou Huis en Tuin!

Stories van in en om die Vrystaat

Cornelia se donker wolk

deur Klippie Spies

Naslaanbronne toon aan dat Cornelia in die Oos-Vrystaat in 1894 as dorp geproklameer is en na die vrou van president F.W. Reitz, ten tye president van die Vrystaat, vernoem is. Dieselfde bronne dui ook aan dat Cornelia bekend is vir 'n belangrike fossielvonds wat in die distrik gevind is wat as deel van 'n Chalicothere, 'n uitgestorwe groot perdagtige soogdier, geïdentifiseer is.

Dieselfde bronne sê ook dat die skrywer van onder meer *Siener in die suburbs*, *Koöperasiestories* en *Fees van die ongenooïdes* – PG du Plessis – vir meer as 15 jaar saam met sy ouers in Cornelia gewoon het en dat hy die grootste gedeelte van sy skoolloopbaan daar voltooi het.

Dan was daar Freddie Rautenbach, van wie die bronne nie melding maak nie.

PG du Plessis se pa was 'n Engelsonderwyser by die skool. Freddie Rautenbach se pa, Mike, was die algemene handelaar op Cornelia en was ook later burgemeester van die dorp.

In die veertigerjare was st. 8 'n openbare eksamen en die meeste leerlinge het by voltooiing daarvan die skool verlaat en hul onderskeie beroepe begin volg. Slegs leerlinge wat universiteit toe wou gaan, het aangegaan om matriekvrystelling te behaal.

Op Cornelia was daar nie 'n groot vraag na matrieksertifikate nie en daarom het die skool net tot st. 8 gegaan. So het PG matriek op Heidelberg gaan voltooi terwyl Martha en Lenie dit op Vrede gedoen het. Roelf, met 'n kop vir syfers, was met sy st. 8 'n aanwys vir Inspan Algemene Handelaars op Ascent gewees. Freddie het deur die noodlot op Cornelia agtergebly.

Toe Cornelia se skoolklok op 12 Desember 1947 vir die laaste keer daardie jaar lui, was die lug blou en dit was warm. Later die middag was daar wit wolke wat plek-plek die blou lug uitmaskeer het en daar was geen aanduiding van reën nie. Nog later raak 'n veraf rammeling net-net hoorbaar, maar só sag dat dit 'n kar op die R103 ook kon gewees het.

Die rammelings het geleidelik meer spesifiek begin raak terwyl wit wolke reg bokant Cornelia die blou lug begin verdring het. Mettertyd het die rammelings nóg harder geword en oor Tafelkop het die lug verstommend vinnig donker geraak.

'n Koel bries het skielik vooruit vir die swart wolke begin spoorsny en solank die onheilspellende verwagting geskep dat slegte tyding dalk op pad was. Kort op die bries se hakke het rollende donker wolke die oorblywende blou lug verswelg met die wind wat baie sterk begin woed het.

Takke het skuins en weg van die storm af gebeur en blare en bloekombasse het oral in 'n kantgordyn van stof rondgewaai. Plaasdiere het in dieselfde rigting as wat die takke aangedui het, begin stap tot waar 'n draad hul gang gestuit het en hulle so rugkant na die wind gaan bly staan en wag het vir die reën.

Toe begin silwer fakkelstrepo in die donker lugruim rond te flits wat met oorverdowende donderslae geëggo is. Die fakkels en eggo's het al korter op mekaar begin volg en swaar druppels het hard en vinnig uit 'n vaal gordyn na die grond afgesif.

Toe die vaal gordyn oral om dig toegetrek het, val wit korrels saam met die swaar druppels uit die lug en wip angstig op die kort gras rond. Vol adrenalien woed die storm toe nog instinkatief vir 'n duur en raak in die proses van meer water ontslae as wat die Schoonspruit kon afvoer.

Dan skielik, asof dit gekry het waarna dit gesoek het, vat die storm dreunend koers na Standerton en hou aan fakkels flits lank nadat die rammelings nie meer hoorbaar is nie.

Kolle blou lug verdring weer later die grys wolke. Net 'n paar reëndruppels waai nog in die wind rond wat intussen weer 'n bries geword het en daar waar die reënboog geaard het, vreet die plaasdiere weer met berusting aan die nat gras. Maar iewers het daar 'n boom oor 'n draad, 'n afgewaaide dakplaat in die gras en 'n stukkende ruit op die vloer gelê. Straks was daar 'n plaas waar die hael 'n oes weggeslaan het en daar was 'n kind wat in 'n oorvol spruit soek geraak het.

Freddie en sy broer het in die kalmte van die na-storm al saam met die bruin afloopwater van die Schoonspruit gehardloop: hy op die rant van die bewegende oorvloed met 'n stok wat hy kort-kort in die water gedruk het en sy broer bietjie hoër op teen die wal. Toe Freddie nogmaals druk, is daar niks aan die stok se onderpunt nie en hy val vooroor in die koue water en verdwyn.

'n Groot soekgeselskap het Freddie heelwat later en helaas té laat net daar waar hy ingeval het op die bodem van die kuil gekry. Die dokter het agterna – dalk ter vertroosting – aangevoer sy hart het dadelik as gevolg van koue en skok gaan staan.

Nadat Freddie uit die water gehaal is, het die dokter ook aan iemand beveel om vir almal wat aan die soektog deelgeneem het, 'n goeie dop skoon brandewyn te gee. Vir 'n klein gemeenskappie, wat nie weer na die jubelende skoolklok van vroeër daardie oggend kon terugkeer nie, moes dit help vir die koue en die skok.

Bronne:

<http://www.fak.org.za/vrystaatse-dorpe/fezile-dabi-distriksmunisipaliteit/mafube-munisipaliteit/cornelia/>
The Thunderstorm Life Cycle, Texas Weather Network.
Het olifante elmboë, PG du Plessis, Tafelberg Uitgewers, 1991.
Mededelings: Roelf Strydom, Martie le Roux, Mariana Els.




The **FALCON HAYMAKER®** AND **SLASHER**

THE F60/350VT **FALCON HAYMAKER®**

The Falcon Haymaker® is the **ideal machine** for **cutting quality hay** and has been **South Africa's most successful hay cutter** for almost forty years.

- The large Haymaker® is a twin rotor implement with a cutting width of 3,5 m.
- Significant savings in the cost of fuel and labour are realised by using a single large Haymaker® compared to operating two smaller Haymakers®.



THE F50/150/4 **FALCON SLASHER**

A Falcon Slasher is **built to last** and is capable of **coping with the tough conditions** unique to Africa

The off-set hitch is standard on this model and permits cutting up to a boundary fence.

Round blade disc with 4 blades: better suited to general cutting operations and providing a finer, higher-quality cut.



TOUGH RELIABLE DURABLE



For more information please contact us on 033 330 4764 or visit your nearest Falcon dealer. www.falconequipment.co.za





GFC en Graan vat die pad

Die toestand van paaie in die meeste dorpe in ons land laat veel te wense oor. Die pad van Reitz na Grain Field Chickens en VKB se silo was in 'n baie swak toestand. Omdat daar daaglik lewende hoenders op hierdie pad vervoer word en graan gereeld op- en afgelaai moet word, het GFC besluit dit is tyd om iets aan die saak te doen!

Die projek is uitgesit op tender en Raodmac, wat deel is van Raubex, was suksesvol om die pad oor te bou en te herstel. VKB Graan het ook op hul eie die toegangspad na die silo's toe aangehaak by die projek terwyl die toerusting en maatskappy in Reitz was.

Dit het ongeveer 11 dae geneem om die projek af te handel. "GFC en die gemeenskap gaan vir seker baat vind by die nuwe pad wat veiliger vir ons personeel gaan wees, sowel as mense wat langs die pad loop," sê Theo van Strijp, direkteur van GFC. Op die foto is die nuwe pad nog in wording.



Produkkomitee besoek Defy

Op Ladysmith is die Defy-fabriek, 'n fabriek waar al die produkte van Defy vervaardig word teen 'n spoed wat jou verstom sal laat. VKB- en NTK-takke is die trotse handelaars van Defy-produkte en vaar baie goed deur hierdie betroubare handelsmerk te bemark. Jan van der Walt en die ander komiteeleders het 'n onlangse besoek aan hierdie perseel baie insiggewend gevind.



Hendrik Mohlala promoted to manager of Trichardtsdal

Congratulations to Hendrik Mohlala who was recently promoted from depot manager at Steilloop to branch manager of Trichardtsdal.

Morgezon maak VKB sigbaar in Ermelo

Die Jeugskou het onlangs plaasgevind op die gronde van die Hoërskool Ermelo.



Harrismith vier eerste verjaarsdag

Dit was 'n dag vol pret en vermaak vir oud en jonk by Harrismith se eerste verjaarsdag. Mr. Promotions was ook daar om Magnifisan te bemark.





Morgenzon betrokke by gholfdag

VKB Morgenzon laat geen steen onaangeraak om bemerking te doen en VKB se naam op almal se lippe te kry nie. Hulle het onlangs deelgeneem aan 'n gholfdag ten bate van Morgenzon Landbou Akademie.



NTK skitter by Nyl-boeredag

Drie handelstakke van NTK het saamgespan om 'n indrukwekkende stalletjie by die Nyl-boeredag op te rig. Michael van der Merwe van Naboom was die sameroeper van NTK se kant en saam met Louw Coetzer van Roedtan en Coenie Engelbrecht van Potgietersrus het hulle goeie besigheid gedoen. Francois Loots het die geleentheid gekry om die produsente toe te spreek en het 'n waardevolle en insiggewende boodskap aan hulle gebring. Personeel van Graan was ook teenwoordig om skakeling met boere te bewerkstellig.



Farmers' Day at Steilloop a huge success

The farmers' day recently held at Steilloop was a great event for all who attended. Farmers were grateful for the opportunity to interact directly with suppliers and receive expert advice on all burning issues they have. Hendrik Mohlala, still depot manager at that time, was very pleased with the outcome of the day.



NTK by Kokanje-kermis

Kokanje Aftree-oord buite Nylstroom is 'n goeie bron van besigheid vir NTK. Daarom het NTK van die geleentheid gebruik gemaak om bemerking te doen tydens Kokanje se kermis wat onlangs gehou is. Produkte wat by Kokanje gebruik word, soos besproeiing, is uitgestal en personeel van Nylstroom het van die geleentheid gebruik gemaak om mense verder oor NTK in te lig. Dit was 'n suksesvolle dag. Op die foto is Japie, wat in die pragtige stalletjie diens gedoen het.



Riaan van Wyk is ready for Venda

This is a challenge Riaan van Wyk is looking forward to! To manage Venda will be something very different from the previous position he held as manager of Trichardtsdal because of the unique composition of customers at Venda.



NTK Nylstroom trek aandag met ekspo

Die NTK-handelstak op Nylstroom het onlangs hul vere reggeskud vir 'n feestelike ekspo op hul perseel. Die doel van die ekspo was om die gemeenskap weer opnuut bewus te maak van NTK in die dorp en daarin het hul heelhartig geslaag. Katrina was die hoof-koördineerder van die dag.



Landbou-gapjaar

'n eerste vir SA



'n Oorbruggingsjaar in die landbou is nou 'n werklikheid met 'n vennootskap tussen die Peritum Agri-instituut en die Reitz Landbou-akademie. Die agri-gapjaar bied 'n oplossing aan jongmense met 'n belangstelling in landbou om holistiese voorbereiding tot die volwasse en werkslewe met 'n pretjaar te kombineer. Die jongmense voltooi terselfdertyd gestruktureerde leerprogramme in landbouproduksiebestuur én kry omvattende blootstelling aan boerdery.

Hierdie toekomsgerigte program rus op hierdie vyf pilare: opvoeding, ontwikkeling, opbouing, onthou (geheue) en opheffing.

Landboublootstelling bestaan uit vier komponente, naamlik praktiese demonstrasies, kort leermodules, weeklikse boerderyrotasie en besteparktyk-besoeke. Verdere blootstelling sluit 'n skeerkursus, jaarlikse inentingsprogramme, produksiemodelle, stoetkeuring, grondprofielontleding, veilings en karkasontleding in. Studente sal op 'n weeklikse grondslag roteer en daaglik na die sewe afdelings van die Reitz Landbou-akademie se boerdery omsien.

Die program word aangebied op Reitz, wat met 'n ryk landbougeskiedenis en 'n sterk landbou-ekonomie spog.

Die Hoërskool Reitz se Lentehof-koshuis is die basis vir studente waar hulle in dubbelkamers gehuisves word en daaglik drie voedsame maaltye ontvang. Die oorbruggingsjaar word in samewerking met Reitz Landbou-akademie aangebied wat Graan SA, Standard Bank, die Sernick-groep, VKB en John Deere as vennote het.

Die koste beloop R140 300 vir die jaar.

Belangstellendes kan e-pos stuur na marketing@peritumagri.com of 086 122 8467 vir meer inligting skakel.

Besoek ook die webblad

www.peritumagri.com/agri-gap-year.

THERE IS NO SUBSTITUTE FOR EXPERIENCE

QUALITY ITALIAN MADE SURFACE WATER PUMPS TRUSTED FOR GENERATIONS

Speroni has been the trusted leader of quality surface water pumps in the South African agricultural and industrial industry, providing reliable water management solutions which have been tried and tested for generations. Speroni has a wide product range available with a solution for every application.

MADE IN ITALY



SPERONI[®]

WATER PUMPS

Beskikbaar by jou naaste tak

vkbntk

Speroni is exclusively distributed by  Agrinet

AVAILABLE FROM PARTICIPATING VKB STORES



McComick G165 Max
2021-model, Onder 1000 ure
116 KW, 5* Toestand
Nico van der Walt
R1 300 000 + BTW



Quantum Railed Sprayer
Nuut
18 m 2000 L
Theo Roux
R245 000 + BTW



Farmall 110MCab Active Drive
2022-model, Demo-model
SPS 16 x 16 Ratkas, 25 ure, volle waarborg
Coenrad Bruwer
R845 000 + BTW



Case JX95DT
2019-model
2 200 ure, 72 kW, 5* Toestand
Bertie Mienie
R385 000 + BTW



Landini Land Power 135
2013-model
98 kW, 9 865 ure
Nico van der Walt
R248 000 + BTW



New Holland TT75 4WD
2012-model,
5 615 ure
Theo Roux
R185 000 + BTW



John Deere 5725HCAB
2015-model
4 264 ure
Nico van der Walt
R350 000 + BTW



CTC 6m 21Tand Demo
Winskoop
Johan van Zyl
R765 000 + BTW



McCormick G135 Max
2011-model
8 072 ure
Bertie Mienie
R350 000 + BTW



John Deere 6110M Active Drive + selfleveling loader
2017-model, 5* Toestand, 8 100 ure, 79 kW
Nico van der Walt
R785 000 + BTW



Case STX 450
2005-model
Autopilot, Easy Steer
Nico van der Walt
R1 485 000 + BTW



Hardi Ranger 2500
2012-model
Muller-sistiem
Phil Brits
R330 000 + BTW



New Holland Drapper 840CD30
2020-model
Johan van Zyl
R550 000 + BTW



John Deere 6420 CAB
2002-model,
82 kW
Johan van Zyl
R250 000 + BTW



Massey Furgison 35X
Nico van der walt
R75 000



Jacto Vortex-spuit
Baie mooi toestand
Johan van Zyl
R235 000 + BTW



Gaysa Troner 3000 L Spuit
18 m Boom, 5 seksies
Elektroniese kleppe
Phil Brits
R250 000 + BTW



Claas Rollant 160
2004-model
Werkende Toestand
Nico van der Walt
R140 000 + BTW

Kontakbesonderhede: Vrystaat & Limpopo

David Exley
082 554 7116
Bethlehem

Coenrad Bruwer
083 255 6223
Reitz

Nico van der Walt
082 494 8907
Reitz

Lourens Cronje
071 631 5398
Warden

Theo Roux
082 818 9705
Bethlehem

Johan van Zyl
084 245 0576
Frankfort

Phil Britz
060 636 6258
Vrede



NOU OP PROMOSIE!

CASE FARMALL 110M ACTIVE DRIVE



BESKIKBAAR TERWYL VOORRAAD HOU



BESOEK JOU NAASTE VKB MEGANISASIE!



David Exley
082 554 7116
Bethlehem

Coenrad Bruwer
083 255 6223
Reitz

Nico van der Walt
082 494 8907
Reitz

Louwrens Cronje
071 631 5398
Warden

Theo Roux
082 818 9705
Bethlehem

Johan van Zyl
084 245 0576
Frankfort

Phil Brits
060 636 6258
Vrede

Gerrie Lindeque
082 907 7492
Delmas

Neil Fraser
072 852 7268
Delmas

Walter Pretorius
078 350 3415
Louis Trichardt

Jaco Els
076 284 5171
Pietersburg

Bertie Mienie
082 927 8214
Warmbad

Jaco de Wet
083 626 6348
Tzaneen

excellium
PRO



You excel in your
business.
It excels in your
engine.

Fuel that cleans your engine
km after km.

